

BEWARINGSBESTUURSPLAN
VIR DIE
FORT KLAPPERKOP ERFENISTERREIN
INSLITENDE DIE
RESTOURASIEVERSLAG
VIR
FORT KLAPPERKOP

Januarie 2005

Anton C. van Vollenhoven
Fort Klapperkop Erfenisterrein
Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit
Posbus 1454
Pretoria
0001

1. Inleiding

Op 1 April 2000 het die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet no 25 van 1999) in werking getree. In hoofstuk II van hierdie wet word 'n uiteensetting van die verskillende kategorieë waarvolgens 'n erfenisterrein beskerming kan geniet weergegee. Die kulturele belang van sodanige erfenishulpbron moet vasgestel word en dit moet onder andere van 'n bewaringsbestuursplan voorsien word.

Fort Klapperkop is reeds in 1938 onder die voormalige Wet op Nasionale Gedenkwaardighede (Wet no 28 van 1969) tot 'n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar. Hierdie wet is deur die eersgenoemde vervang. Die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) is tans in die proses om verklaarde nasionale gedenkwaardighede te herklassifiseer as nasionale (graad I), provinsiale (graad II) of ander bewaringswaardige (graad III) erfenishulpbronne.

Ingevolge artikel 34(1) van die wet word alle strukture ouer as 60 jaar beskerm. Voorts word alle militêre strukture ouer as 75 jaar beskerm. Gevolglik is dit duidelik dat Fort Klapperkop van kulturele belang is, as erfenishulpbron gereken word en as sodanig deur die Wet beskerm word. Derhalwe rus daar 'n verpligting op die grondeienaar om die terrein in stand te hou.

Die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit, wat die grondeienaar is, is egter van voorneme om nie net die fort in stand te hou nie, maar die gebou te restoureer en as museum vir die nageslag in te rig. Hiervoor is 'n permit van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) verkry. Een van die vereistes vir die uitreiking van die permit was dat 'n bewaringsbestuursplan vir Fort Klapperkop ontwikkel sal word. Hierdie dokument is die uitvloeisel van die nakoming van hierdie vereiste en dien gelyktydig as bewaringsbestuursplan en restourasieverslag.

2. Ligging

Die Fort Klapperkop Erfenisterrein is geleë op die plaas Groenkloof 358 JR, in die Pretoria landdrosdistrik, Gauteng provinsie. Dit word op die 1: 50 000 topografiese kaartreeks van Suid-Afrika op kaart 2528 CC, Centurion aangetref. Die satellietlesing van die fort, wat met 'n GPS-instrument gemeet is, is 25° 43' 25" Suiderbreedte en 28° 10' 31" Oosterlengte. Klapperkop is die hoogste punt in Pretoria, met 'n hoogte van 5 104 voet (1 556 meter) bo seespieël.

3. Doelstelling

Die doel van hierdie dokument is om 'n bewaringsbestuursplan vir die Fort Klapperkop Erfenisterrein daar te stel. Die verslag sal terselfdertyd ook as restourasieverslag van Fort Klapperkop dien. Die fort word reeds deur die munisipaliteit as museum bedryf, maar daar word beoog om dit so na as moontlik aan sy oorspronklike staat in te rig. Hiervoor is dit nodig dat die gebou gekonserveer en gerestoureer word volgens internasionaal aanvaarbare museologiese beginsels.

Bostaande spel die behoeftes van die kliënt duidelik uit. Die kliënt word beskou as die grondeienaar, synde die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit.

4. Motivering

'n Bewaringsbestuursplan sal as beleid dien t.o.v. die bewaring, restourasie en benutting van Fort Klapperkop. Sodoende sal die fort as 'n erfenishulpbron bestuur kan word. Aangesien Fort Klapperkop op 8 Julie 1938 tot 'n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar is (Van Vollenhoven 1995: 72), word dit onder die nuwe wetgewing as 'n Graad II erfenishulpbron beskou. Hierdie dokument kan daartoe bydra dat dit moontlik tot 'n Nasionale Erfenishulpbron (Graad I) verklaar kan word.

Die restourasieverslag sal die restourasieproses van die fort dokumenteer sodat dit as blywende rekord daarvan sal dien. Hierdeur sal toekomstige navorsers volledig op hoogte van die proses en die besluitneming wat daarmee verband hou kan kom, sodat dit benut kan word tydens moontlike toekomstige herstel- en restourasiewerk aan die fort.

5. Terreinbeskrywing

Dit is reeds vermeld dat Fort Klapperkop die hoogste punt in Pretoria geleë is. Vroeër jare is Wattel-en Bloekombome op die koppie aangeplant, sodat dit vandag 'n uitheemse plantegroei vertoon. Aangesien hierdie spesies tot onkruid verklaar is, word dit tans uitgeroei. Hoewel die aanplant van inheemse gewasse nie nou oorweeg word nie, is die verwagting dat dit op 'n natuurlike wyse sal groei, sodat die area binne sowat 3-5 jaar weer sy oorspronklike beeld sal vertoon.

Die area om die fort is gedurende die tyd toe dit as militêre museum ingerig was, deur die voormalige Suid-Afrikaanse Weermag ontwikkel en verfraai. Toegangspaaie, voetpaadjies, parkeerareas en tuine is uitgelê, terwyl 'n kantoor- en ander geboue ook opgerig is. Groot sementblokke is op plekke gegooi sodat opelug-uitstallings daar opgerig kon word.

Die gevolg hiervan is dat die terrein rondom die fort, en veral die gebied noord en noordwes daarvan, sodanig ontwikkel is dat dit slegs met groot moeite en finansies na die oorspronklike teruggebring sal kan word. Die gebou van Fort Klapperkop self is ook verander. Sommige van hierdie veranderinge het die fort meer aanvaarbaar binne internasionale museologiese vereistes gemaak, maar het ongelukkig die integriteit van die gebou skade aangedoen.

Dit is moontlik dat enkele van hierdie veranderinge sonder te veel moeite herstel kan word, terwyl ander moeilik omkeerbaar is. Dit is ook noodsaaklik dat wysigings, wat tydens die restourasie van die gebou aangebring word, steeds aan internasionale museologiese beginsels moet voldoen. Om hierdie rede sal dit as deel van die bewaringsbestuursplan aangespreek word, maar sal nie noodwendig verwyder word nie.

6. Metodiek

Die verslag spreek die fisiese restourasie en rehabilitasie van die struktuur van Fort Klapperkop aan. Meer as 'n vyftien jaar se navorsing het aangetoon dat daar geen foto's bestaan wat aandui hoe die vertrekke van die fort oorspronklik gelyk het of ingerig was nie, en dat daar weinig foto's bestaan wat aandui hoe die fort se binnehof en buite-aansigte daar uitgesien het. Om hierdie rede moes die gebou self benut word om aanduidings van die oorspronklike aard en struktuur daarvan te verkry. 'n Struktuurondersoek (argeologiese navorsing van die dak, plafon, mure, vloer ens.) was gevolglik 'n belangrike onderdeel van die navorsing.

Dit is, sover moontlik, aangevul met historiese gegewens. Hieronder word ingesluit navorsing op soortgelyke strukture (Fort Wonderboompoort, Schanskop en Daspoortrand), wat as analogie gedien het indien Fort Klapperkop nie self die regte antwoord kon verskaf nie. Derhalwe is dit duidelik dat daar holisties na die gebou, terrein en verwante strukture gekyk is, sodat die totale konteks daarvan in ag geneem kon word alvorens 'n besluit geneem is. Dit is in ooreenstemming met die voormalige Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede se riglyne vir die restourasie van strukture en terreine (1983: 1).

7. Verwysingsterminologie

Die terminologie, wat in hierdie verslag benut is, bestaan uit twee afdelings. Dit wat met die herstel van die gebou te doen het, is in ooreenstemming met die *Burra Charter*, terwyl dit wat met die wetenskaplike werkswyse verband hou, in ooreenstemming met Van Vollenhoven (2000a) is, tensy anders aangedui. Hierdie terminologie is ook tydens die restourasie van die fort gebruik.

A

Aanpassing = wysiging van 'n plek om aan verskeie versoenbare gebruike te voldoen.

B

Bestuur met betrekking tot erfenishulpbronne sluit die bewaring, aanbieding en verbetering van 'n plek of voorwerp in.

Bewaring met betrekking tot erfenishulpbronne sluit die beskerming, instandhouding, preserving en volhoubare gebruik van plekke of voorwerpe in, ten einde die kulturele betekenis daarvan te beskerm.

E

Erfenishulpbron = enige plek of voorwerp van kulturele betekenis (sien kultuurhulpbron).

Erfenishulpbronbestuur = die aanwending van bestuurstegnieke om kultuurhulpbronne te bewaar en te ontwikkel, sodat dit 'n kultuurerfenis met langtermynwaarde en tot voordeel van die algemene publiek kan dien (sien kultuurhulpbronbestuur).

Erfenishulpbronbestuursparadigma = 'n benadering wat uit die Kontekstuele paradigma ontwikkel het en basies daarmee ooreenstem, maar wat die klem op die kulturele belang van argeologiese terreine vir die samelewing plaas.

K

Konservasie = al die prosesse wat benut word om 'n plek of voorwerp in stand te hou, sodat dit sy kulturele belang kan herwin. Hierdie prosesse kan preserving, restourasie, rekonstruksie en aanpassing insluit.

Kontekstuele paradigma = die benadering wat die klem op die totale konteks as katalisator vir kultuurverandering plaas en wat spesifiek die simboliese rol van die individu en onmiddellike historiese konteks bestudeer.

Kulturele belang/betekenis = die argitektoniese, estetiese, maatskaplike, historiese, geestelike, wetenskaplike, taalkundige, tegnologiese of sosiale waarde van 'n plek of voorwerp vir die mens in die verlede, hede of toekoms.

Kultuurhulpbron = die aanwending van bestuurstechnieke om kultuurhulpbronne te bewaar en te ontwikkel, sodat dit as 'n kultuurerfenis met langtermynwaarde en tot voordeel van die algemene publiek kan dien (sien erfenishulpbron).

Kultuurhulpbronbestuur = die aanwending van bestuurstechnieke om kultuurhulpbronne te bewaar en te ontwikkel, sodat dit as 'n kultuurerfenis met langtermynwaarde en tot voordeel van die algemene publiek kan dien (sien erfenishulpbronbestuur).

P

Paradigma = die teorieë, wette, modelle, analogieë, metafore en die epistemologiese- en metodologiese waardes waarmee die navorser tot die oplossing van 'n probleem kom.

Preserving = die instandhouding in sy bestaande staat, van die materiaal waaruit 'n plek of voorwerp gemaak is, sowel as die teëwerk van agteruitgang.

R

Rehabilitasie = die herstel en/of wysiging van 'n struktuur sonder om noodwendig die historiese korrektheid daarvan in ag te neem (RNG 1983: 1).

Rekonstruksie = die terugbring van 'n plek of voorwerp so na as moontlik aan 'n bekende staat, deur ou en nuwe materiaal te gebruik.

Restourasie = die terugbring van bestaande materiaal van 'n plek of voorwerp so na as moontlik aan 'n bekende staat, sonder om nuwe materiaal te gebruik.

8. Assesering van belang (veronderstellings en beperkinge)

Die volgende aspekte was van belang t.o.v. die opstel van die bewaringsbestuursplan van Fort Klapperkop.

- Tydens die struktuurondersoek is die argeologiese beginsel, om van die bekende na die onbekende te werk, deurgaans gehandhaaf.
- Omkeerbare veranderinge wat deur die loop van jare aan die gebou aangebring is, maar wat te tydrowend en finansiële onhaalbaar was om te herstel, is so gelaat en sal as sodanig in stand gehou word.
- Historiese gegewens wat benut word, sluit die volgende in prioriteitsvolgorde in:
 - a. Oorspronklike boumateriaal van Fort Klapperkop
 - b. Historiese foto's van Fort Klapperkop
 - c. Bykomende historiese inligting i.v.m. Fort Klapperkop
 - d. Analogieë met die ander forte van Pretoria, in die volgorde:
 - i. Fort Wonderboompoort
 - ii. Fort Schanskop
 - iii. Fort Daspoortrand
 - e. Historiese foto's van die ander forte van Pretoria in dieselfde volgorde as by d
 - f. Bykomende historiese inligting i.v.m. die ander forte van Pretoria in dieselfde volgorde as by d en e.

Vanweë die komplekse aard van Fort Klapperkop, a.g.v. die verskeie veranderinge wat deur die jare daaraan aangebring is, is dit duidelik dat daar meer as een proses gebruik is om die gebou te herstel. Die proses van *konservasie* is benut ten einde die fort se kulturele belang in stand te hou en sluit die onderstaande vier prosesse in.

Die proses van *aanpassing* is benut, sodat sommige van die fort se vertrekke vir museumdoeleindes (uitstallings en lesinglokaal) en ander vir bestuursdoeleindes (kantoor) kan dien. Die officierenvertrek sal in die toekoms as kantoor benut word, terwyl die manschappenvertrek as lesinglokaal gebruik sal word. Al die ander vertrekke sal vir uitstallingsdoeleindes benut word.

Die proses van *preservering* is benut in gevalle waar dit bloot nodig was om die materiaal waaruit iets gemaak is in stand te hou en om die agteruitgang daarvan teë te werk. 'n Voorbeeld hiervan is die baksteenwerk en klipmure van die fort. Die moontlikheid is egter nie uitgesluit dat dit wel later d.m.v. een van die ander prosesse behandel sal word nie.

Die proses van *rekonstruksie* is benut in die gevalle waar ou en nuwe materiaal gebruik is om die struktuur na sy oorspronklike of ander bekende staat terug te bring. Hierdie proses is in die meeste gevalle by Fort Klapperkop gebruik. 'n Voorbeeld hiervan is die plafonne en mure van die vertrekke van die fort.

Die proses van *restourasie* is benut in gevalle waar gedeeltes van die fort na sy oorspronklike of ander bekende staat teruggebring is, sonder om van nuwe materiaal gebruik te maak. 'n Voorbeeld hiervan by die fort is die staalbalke in die vertrekke van die fort, maar dit sluit die verf daarvan uit.

Verdere detail is in hierdie stadium onnodig. Uit die teks sal dit duidelik blyk watter proses in welke geval benut is.

Die volgorde waarin die historiese gegewens in 'n rangorde vasgestel is, is in ooreenstemming met die verband tussen Fort Klapperkop en die ander forte, sowel as met die hoeveelheid wysigings wat oor die jare aan die onderskeie strukture aangebring is. Fort Klapperkop geniet die hoogste prioriteit omdat die gebou self die beste antwoorde kan verskaf, mits die oorspronklike materiaal daarvan behoue gebly het. In die meerderheid van gevalle was dit inderdaad die geval en was dit dus onnodig om verder na inligting te soek.

Fort Wonderboompoort geniet 'n hoër prioriteit as die ander twee forte, aangesien dit nog in sy oorspronklike staat verkeer, hoewel dit vandag 'n ruïne is. Die agteruitgang van die struktuur deur die jare a.g.v. vandalisme en natuurlike oorsake, moes egter deeglik in ag geneem word. Omdat Fort Schanskop, net soos Fort Klapperkop, met verloop van tyd aangepas is, het dit tot gevolg dat die gegewens daarvan moontlik minder betroubaar as die van Fort Wonderboompoort kan wees. Dit kon egter in sommige gevalle antwoorde verskaf waar nie een van die genoemde twee forte kon nie. Fort Daspoortrand geniet die laagste prioriteit, aangesien dit deur 'n ander maatskappy as die ander drie forte gebou is, hoewel dit in dieselfde tyd en met dieselfde doel voor oë opgerig is. Omdat dit ook nog in sy oorspronklike staat voorkom, hoewel dit 'n ruïne is, het dit redelik betroubare gegewens verskaf.

9. Historiese konteks

Kort voor die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) besluit om Pretoria te fortifiseer ten einde die hoofstad te beveilig. 'n Verdedigingsplan is deur 'n voormalige Franse artillerie-offisier en militêre ingenieur, Leon Grunberg, opgestel. (Figuur 1). Hy het agt strategiese plekke om Pretoria geïdentifiseer en voorgestel dat gepantserde draaibare koepeltorings, wat van grofgeskut voorsien is, daar opgerig moet word. Die agt posisies, wat hy in gedagte gehad het, was Klapperkop, Schanskop, Kwaggaspoort, Daspoortrand (wes), Magaliesberg-wes (moontlik Hornsnek of Hartebeesthoek), Wonderboompoort, Derdepoort en Strubenkop. Hierdeur sou Pretoria in 'n feitlik oninneembare vesting omskep word (Van Vollenhoven 2000b: 2).


Omdat sy plan nie genoegsame skuiling en huisvesting aan 'n groot hoeveelheid manskappe kon verleen nie is dit verwerp en is die plan van twee Duitse ingenieurs, Otto Albert Adolph von Dewitz (figuur 2) en Heinrich C. Werner (figuur 3), om forte te bou as alternatief aanvaar. Daar is besluit om op elkeen van die genoemde plekke 'n fort te bou en 'n boukommissie insake die

forte, onder voorsitterskap van kommandant-generaal Piet Joubert, is op die been gebring om die werksaamhede te bestuur (Van Vollenhoven 1995: 52).

Vanweë 'n geldtekort is slegs vier forte voltooi en het die kommissie in 1899 ontbind. Die forte wat voltooi is, is dié by Klapperkop, Schanskop, Daspoortrand en Wonderboompoort. 'n Fort in Johannesburg en twee wapenmagasyn, die Centrale (Rooi-) en Groenmagasyn, in Pretoria is ook gebou (Van Vollenhoven 2000b: 2).



Figuur 1. Leon Grunberg



Figuur 2. Otto A.A. von Dewitz



Figuur 3. Heinrich C. Werner

Fort Schanskop

Fort Schanskop is een van drie forte wat deur die Duitse firma Krupp opgerig is. Von Dewitz en Werner het hierdie drie forte ontwerp. Hulle het gevolglik tot 'n groot mate in planvorm ooreengestem. Christiaan Kuntz (figuur 4), 'n Duitse argitek, het aan die hoof van die bouwerk gestaan. Die bou-aannemer was Celso Giri. Swart arbeiders het die bouwerk behartig, terwyl Nederlandse en Italiaanse deskundiges vir tegniese aspekte soos die elektrisiteitstelsel van die forte gebruik is (Van Vollenhoven 1995: 54-55).

Die Duitse forte is van die vyfhoekige versterkingstipe, wat as gevolg van hulle baie vlakke goeie frontvuurmoontlikhede bied.(Figuur 5). Draaibare geskut op die walle daarvan sou aanvalle vanuit enige rigting kon afweer. In die mure is skietgate ingebou ten einde infanterieverdediging moontlik te maak indien die forte omsingel sou word (Ploeger & Botha 1968: 27). Loopgrawe en doringdraadversperrings is as verdere versterking rondom die forte opgerig. Die vertrekke van


die forte is versterk deurdat die agterste muur van die fort, wat na die vyand toe front, met 'n grondwal bedek is. Hierdie vertrekke word kasematte genoem (Van Vollenhoven 2000b: 3).

Fort Schanskop het £47 500 gekos om op te rig. Dit is op 6 April 1897 voltooi (Van Vollenhoven 1994: 57). Die ingang tot die fort bestaan uit 'n dubbele toegangspoort wat bykomende beveiliging verskaf. Die bevelvoerder van die fort was luitenant A. Carlblom (Van Vollenhoven 2000b: 3).

Die fort was met elektriese beligting en soekligte toegerus. Die krag hiervoor is deur middel van 'n paraffienenjinn opgewek. Weerligafleiers is opgerig om te verhoed dat die krag uitgeslaan word. 'n Heliografiese en oorhoofse telegraafverbinding, sowel as 'n telefoon is geïnstalleer. Fort Schanskop het 'n pompstasie in die Fonteinedal met Fort Klapperkop gedeel. Vanaf dié pompstasie is water uit die Apiesrivier na 'n reservoir onder die ammunitiesvertrek gepomp (Van Vollenhoven 1992: 102).



Figuur 4. Christiaan Kuntz



Figuur 5. Skets wat die planvorm van die forte aandui

Fort Wonderboompoort

Fort Wonderboompoort is ook deur die firma Krupp gebou en is op 4 September 1897 voltooi. Die koste verbonde aan die oprigting daarvan was £49 000 (Van Vollenhoven 1994: 57). Dit het dieselfde tipe ingangspoort as Fort Schanskop. Skanse is rondom die fort opgerig om met die verdediging daarvan behulpsaam te wees.

Aanvanklik het die Rijdende Artillerie in die forte diens gedoen. Later is 'n spesiale afdeling van die Staatsartillerie, die Corps Vesting Artillerie, van 100 man in die lewe geroep om die forte te beman. Hoewel die Duitse forte vir 'n garnisoen van 30 man gebou is, is die bemanning daarvan nooit volledig uitgevoer nie (Van Vollenhoven 2000b: 4). Die bevelvoerder van Fort Wonderboompoort was luitenant J. Wolmarans (Van Vollenhoven 1995: 57).

Ook hierdie fort is van elektrisiteit voorsien wat deur 'n paraffienjinn opgewek is en weerligafleiers is opgerig. 'n Ondergrondse telegraafverbinding is hier geïnstalleer. Die fort was ook telefonies in verbinding met die kantoor van die kommandant-generaal. Water is vanuit die Apiesrivier in die poort na die fort toe gepomp, waar dit in 'n reservoir onder die ammunitivevertrek geberg is (Van Vollenhoven 1992: 104).

Fort Klapperkop

Fort Klapperkop is die derde fort wat deur die Duitse firma opgerig is. Dit het £50 000 gekos en is op 18 Januarie 1898 voltooi (Van Vollenhoven 1994: 57). Die bevelvoerder van die fort was adjudant A.S.D. Erasmus. Die fort word deur 'n grag omring en het 'n valbrug aan die voorkant daarvan. Die grag het nooit water gehou nie, aangesien die skalieklip waaruit dit gekap is te poreus is om water te hou. Nietemin het dit 'n bykomende verdedigingsmeganisme vir die fort gevorm.

Verskeie grofgeskut is as bewapening in die forte geplaas, maar nie een van die forte is ooit ten volle bewapen nie. Die bekende 155mm Creusotkanon (Long Tom) is spesifiek vir die forte aangekoop en hoewel elkeen van die forte in 'n stadium met 'n Long Tom bewapen was, is hierdie kanonne mettertyd onttrek (Van Vollenhoven 2000b: 5).

Soos by die ander forte het 'n paraffienjinn krag by Fort Klapperkop opgewek en is weerligafleiers opgerig. Heliografiese en oorhoofse telegraaftoerusting is hier geïnstalleer. Die fort het ook oor 'n telefoon beskik. 'n Waterreservoir, wat water uit die Fonteinedal ontvang het, is onder die proviandvertrek gebou (Van Vollenhoven 1992: 105).

Fort Daspoortrand

Fort Daspoortrand is deur die firma Schneider & Kie, wat bande met die Franse firma Le Creusot gehad het, gebou (figuur 6). Die militêre ingenieurs Leon Grunberg en Sam Léon was verantwoordelik vir die ontwerp daarvan. Die fort is op 12 November 1898 teen 'n koste van £46 500 voltooi. Die ingenieur wat vir die bouwerk van die fort verantwoordelik was, was Edgar Cassen. Die name van sommige van die Franse en Italiaanse werktuigkundiges wat by die bou van Fort Daspoortrand betrokke was, is bekend, naamlik Carlo Prina, Petro Testan en Joseph Allias (Van Vollenhoven 1994: 58). Die bevelvoerder van die fort was luitenant F. Townsend (Van Vollenhoven 1995: 63).

Die fort is 'n seskantige verdedigingswerk met bastions. Waar die ander forte slegs een ammunisie- en een manschappenvertrek het, het Fort Daspoortrand drie van elk. Die ammunisievertreke is boonop ondergronds met gange wat daarheen lei. Die ammunisie is deur middel van twee skagte na die bastions toe gehys. Fort Daspoortrand het 'n imposante ingangspoort, wat uit 'n lang gang met vyf boë bestaan. Dit het 'n dubbele stel staaldeure om die fort te beveilig en 'n wagkamer kom in die poort voor.

'n Oorhoofse sowel as 'n ondergrondse telegrafiese verbinding en 'n telefoon is hier geïnstalleer. Twee dinamo's het elektriese beligting vir die fort verskaf en het ook die twee soekligte van krag voorsien. Weerligafleiers is ook aangebring. 'n Pompstasie en pomphuis met stoomaandrywing is gebruik om water, waarskynlik vanaf Skinnerspruit suid van die fort, daarheen te pomp. 'n Waterreservoir is onder die kanonoprit gebou (Van Vollenhoven 2000b: 5-6).



Figuur 6. Fort Daspoortrand tydens die aanbou daarvan


Rol van die forte tydens die oorlog

Die ontwapening van die forte het begin nog voordat hulle volledig beman en bewapen kon word (figuur 7-8). Fort Klapperkop is op 3 Junie 1900 met liddiet bestook. Op 4 Junie 1900 het gevegte rondom Pretoria uitgebreek. Die Britte was, vanweë spioenasiebedrywighede voor die oorlog, van die forte bewus. Kanonskote is op Fort Klapperkop en Fort Schanskop afgevuur en die staaldeure van laasgenoemde fort is getref. Omdat die forte ontwapen was, is die vuur nie beantwoord nie. Op 5 Junie het die onvoorwaardelike oorgawe van Pretoria gevolg en het die Britse magte, onder bevel van lord F.S. Roberts, die hoofstad ingeneem (Van Vollenhoven 1995: 70-71).


Die forte is deur Britse soldate ingeneem. Fort Daspoortrand is om 10:00 op 5 Junie deur die 11de Kavalleriebrigade beset. Die bevelvoerder van die fort was kaptein H.W. Margesson. Twee kompanies infanterie het Fort Wonderboompoort op 7 Junie beset. Die bevelvoerder van die fort was kaptein C. Blackburn. Infanterie- en artilleriesoldate het Fort Schanskop beset (Figuur 9-10). Ongelukkig is inligting oor die besetting van Fort Klapperkop nie beskikbaar nie (Figuur 11) (Van Vollenhoven 2000b: 6-7). Tydens die restourasiewerk aan die officierenvertrek is 'n wapen van die Royal Scots Fusiliers teen die een muur uitgekrap gevind, wat daarop dui dat hierdie eenheid die fort beset het.

Die water- en elektrisiteitstelsels en die telefone van die forte is, waar nodig, herstel. Die forte is ook bewapen. As verdere versterking is sand- en graansakke, sowel as sinkborswerings met skietgate daarin op die walle van die forte aangebring.

Ten einde die hoofstad verder te beveilig het die Britte 'n netwerk van blokhuse rondom Pretoria opgerig en die forte hierby ingeskakel. Die Boere het egter nie probeer om die hoofstad weer in te neem nie, sodat die forte geen verdere aksie tydens die oorlog beleef het nie (Van Vollenhoven 2000b: 7).



Figuur 7. Kaart wat die posisie van die vier forte van Pretoria aandui




Figuur 8. Kaart wat die reikafstand van die kannone van die vier forte aandui



Figuur 9. Fort Schanskop tydens die Britse besetting daarvan



Figuur 10. Fort Schanskop tydens die Britse besetting daarvan



Figuur 11. Fort Klapperkop tydens die Britse besetting daarvan op 9 Oktober 1901

Die forte na die oorlog

Onder die Britse bewind was die forte kroonbesit. Fort Wonderboompoort is op 7 Julie 1904 vir openbare doeleindes voorbehou, wat beteken het dat dit nie meer in militêre besit was nie (Van Vollenhoven 1995: 71). In Januarie 1905 was daar planne om hierdie fort en Fort Daspoortrand in gevangenis te omskep, maar 'n inspeksie by laasgenoemde fort het getoon dat al die vensters gebreek was, dat sommige van die deure en vensterrame verwyder was en dat die pad in 'n swak toestand was. Die planne is toe laat vaar (Van Vollenhoven 1992: 118). Fort Klapperkop en Fort Schanskop is vir militêre doeleindes behou. Die militêre aansprake op Fort Daspoortrand het teen 1913 nie meer bestaan nie (figuur 12) (Van Vollenhoven 1995: 71).

In 1913 is ou ammunisie in Fort Klapperkop gevind en is dit vernietig. In 1922 is hierdie fort en Fort Schanskop aan die Suid-Afrikaanse Weermag oorgedra. Tot 1929 is die twee forte slegs vir sein- en waarnemingsdoeleindes gebruik (figuur 13-14). In 1932 is 'n bronsplaat deur die Historiese Monumentekommissie by Fort Schanskop aangebring. Fort Schanskop en Fort Klapperkop is op 8 Julie 1938 tot nasionale gedenkwaardighede verklaar. Tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) is die twee forte as ammunisie-opslagplekke gebruik. Daar word beweer dat die dakke van die ander twee forte in hierdie tyd met plofstof vernietig is, om te verhoed dat anti-regeringsmagte hulle kon benut om die regering omver te werp. Hierdie bewering kon tot nog toe nie gestaaf word nie (Van Vollenhoven 1992: 117-119).

In 1954 is Fort Wonderboompoort deur die Staat aan die Stadsraad van Pretoria geskenk (Van Vollenhoven 1995: 72). Gedurende 1962 is daar besluit om Fort Klapperkop te restoreer en as 'n militêre museum in te rig. Die Militêre Museum Fort Klapperkop is op 23 Mei 1966 geopen (Van Vollenhoven 1994: 66). Fort Schanskop is in 1978 deur die Suid-Afrikaanse Weermag gerestoureer en as 'n museum ingerig (figuur 15-16) (Van Vollenhoven 1995: 72). Ongelukkig is hierdie restourasie nie histories korrek gedoen nie en is daar moontlik meer kwaad as goed gedoen.

Fort Wonderboompoort (figuur 17-18) en Fort Daspoortrand (figuur 19-20) is vandag ruïnes. Die dakke daarvan is ingeval en die mure toon ook skade. Grond wat deur die jare in die vertrekke van Fort Wonderboompoort te lande gekom het, is in 1986 opgeruim. Die fort is in 1987 tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Vandag word dit as deel van die Wonderboom-natuurreservaat deur die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit bestuur. Dit word ook deur die Raad se Afdeling Museums benut en netjies gehou.

Fort Daspoortrand lê op provinsiale grond net buite die munisipale grense van die Munisipaliteit. Hierdie unieke meesterwerk word nie behoorlik bestuur nie en word gevolglik dikwels deur vandale beskadig. Tans is daar egter 'n dorpsontwikkeling hier in die vooruitsig en wil dit voorkom asof die fort hierby ingesluit en bewaar sal word.

Die Suid-Afrikaanse Weermag het in 1993 die twee militêre museums gesluit. In 1994 het die Stadsraad van Pretoria dit in besit geneem. Fort Schanskop is intussen aan die beheerraad van die Voortrekkermonument oorgedra. Dit word tans as museum ingerig. Gedeeltes van die fort is gerehabiliteer, met die gevolg dat in 'n veel mindere mate as enige van die ander forte op oorspronklikheid kan staatmaak.

Tydens uitgrawings vir die oprig van 'n ander struktuur gedurende 2001, is die oorspronklike ashoop van Fort Schanskop blootgelê. Dit verteenwoordig 'n waardevolle fonds en belangrike bron van inligting oor die lewenswyse van die garnisoen van die fort. Ongelukkig is hierdie inligting nog nie gepubliseer nie. Pogings om die ashoop by enige van die ander forte op te spoor, was tot dusver onsuksesvol.

Die oorspronklike puttoilet by Fort Klapperkop is in Augustus 2003 gevind. Dit word later in die verslag aangespreek.



Figuur12. Fort Daspoortrand in 1913



Figuur 13. Argivale foto van Fort Klapperkop na die oorlog.




Figuur 14. Argivale foto van Fort Klapperkop na die oorlog.



Figuur 15. Lugfoto van Fort Schanskop, nadat dit reeds as militêre museum ingerig is.




Figuur 16. Replika van die Long Tom kanon te Fort Schanskop



Figuur 17. Die ingangspoort van Fort Wonderboompoort vandag.



Figuur 18. Fort Wonderboompoort vandag.



Figuur 19. Die ingangspoort van Fort Daspoortrand vandag.



Figuur 20. Fort Daspoortrand vandag.

10. Internasionale konvensies rakende bewaring

Drie dokumente wat internasionaal aanvaar word en wat tydens die navorsing vir die restourasie van Fort Klapperkop toegepas is, is "The Australian ICOMOS charter for places of cultural significance" (die Burra charter) van November 1999, "The Venice charter" van Januarie 1996 en "The Conservation plan: a guide to the preparation of conservation plans for places of European cultural significance" van James Semple Kerr, Augustus 1985. Die riglyne van hierdie drie konvensies is sover toepaslik nagekom. Daar behoort ook op gewys te word dat hierdie beginsels ooreenstem met die voormalige Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede se riglyne in hierdie verband (1983).

10.1 Die "Burra charter"

Die "Burra charter" hou verband met die aanwending van konservasie ten einde die kulturele belang (cultural significance) van 'n plek te herstel. In artikel 2 daarvan word dit duidelik gestel dat die doel van konservering is om die kulturele belang van 'n plek te herstel. Dit sluit die beveiliging, instandhouding en toekoms daarvan in (ICOMOS 1999: 1). Hierdie gedagte is boonop in ooreenstemming met die beginsels van erfenisbestuur. Faktore wat hiervoor in ag geneem moet word is die konteks van die etetiese, historiese, wetenskaplike en sosiale waarde van 'n plek (ICOMOS 1999).

Artikel 3 van die charter stel dit dat daar versigtig te werk gegaan moet word sodat die bestaande materiaal, gebruike, assosiasies en betekenis van 'n terrein in ag geneem moet word. Dit kom

daarop neer dat daar soveel verandering as wat noodsaaklik is, maar so min as nodig, gedoen moet word (ICOMOS 1999: 1).

Artikel 4 van die “Burra charter” spreek die wens uit dat alle dissiplines wat ‘n rol in die bestudering van ‘n plek kan speel, benut behoort te word in die bestudering daarvan (ICOMOS 1999:1). Tydens die restourasie van Fort Klapperkop is daar deeglik van historiese, argitektoniese, argeologiese en verwante dissiplines gebruik gemaak, soos wat later sal blyk. In aansluiting hierby stel artikel 5 dit dat alle aspekte van ‘n plek se kulturele belang in ag geneem behoort te word, sonder dat een aspek tot nadeel van die ander beklemtoon word.

Dit is hierdie kulturele belang wat, volgens artikel 6, bepalend is vir die konserveringsbeleid van ‘n plek. Die konserveringsbeleid is bepalend vir die gebruik, verandering, beveiliging en bewaring van ‘n historiese terrein (ICOMOS 1999:2).

Die “Burra charter” beklemtoon dat selfs die toestand van ‘n plek genoegsame rede vir die bewaring daarvan op grond van kulturele belang is. Bewaring sluit die beskerming, instandhouding en stabilisering van strukture in.

Restourasie, rekonstruksie en aanpassing van strukture behoort slegs plaas te vind indien daar genoegsame bewyse van ‘n vorige staat van die struktuur gevind is, sodat die kulturele belang daarvan herwin en beklemtoon kan word. Die kulturele belang van verskeie periodes moet egter in ag geneem word (ICOMOS 1999: 2-3). Argeologiese opgrawings word deur die charter as ‘n belangrike metode gesien om inligting in te samel, hetsy vir restourasiedoeleindes of vir die inwin van wetenskaplike kennis (ICOMOS 1999: 3-4).

Ten slotte dui die “Burra charter” in artikel 25 aan dat die kulturele belang van ‘n plek deur ondersteunende inligting soos foto’s, sketse en materiaalmonsters versterk word (ICOMOS 1999: 4). Hierdie is ‘n belangrike bepaling, aangesien dit die metodiek ten opsigte van die navorsing op plekke van kulturele belang beïnvloed. Hieronder tel die dokumentering van terreine op alle moontlike wyses en so volledig as moontlik, sowel as die berging en beskikbaarstelling van hierdie dokumentasie en materiaal.

Uit die verslag sal dit duidelik blyk dat hierdie aspekte deeglik in ag geneem is tydens die konservering van Fort Klapperkop. Gevolglik voldoen die proses wat gevolg is aan internasionale standaarde in hierdie verband.

Die “Burra charter” het voorts ‘n beduidende invloed op die wyse waarop die kultuurerfenis hanteer moet word. Daar word soms ook na die kulturele belang as erfenisbelang (heritage significance) verwys. Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne verwys spesifiek hierna in artikel 3(3). Hiervolgens word ‘n plek of voorwerp as deel van die nasionale besit beskou as dit kulturele betekenis het omrede:

1. die belangrikheid daarvan in die gemeenskap of in die loop of patroon van Suid-Afrika se geskiedenis;
2. dit ongewone, seldsame of bedreigde aspekte van Suid-Afrika se natuurêre erfenis of kultuurerfenis besit;
3. die potensiaal daarvan om inligting op te lewer wat sal bydra tot 'n begrip van Suid-Afrika se natuurêre erfenis of kultuurerfenis;
4. die belangrikheid daarvan om die vernaamste eienskappe van 'n bepaalde klas van Suid-Afrika se natuurlike of kulturele plekke of voorwerpe te toon;
5. die belangrikheid daarvan om bepaalde estetiese eienskappe waaraan 'n gemeenskap of kultuurgroep waarde heg, te toon;
6. die belangrikheid daarvan om 'n hoë mate van skeppende of tegniese prestasie in 'n bepaalde tydperk te toon;
7. die sterk of spesiale assosiasie daarvan met 'n bepaalde gemeenskap of kultuurgroep om maatskaplike, kulturele of geestelike redes;
8. die sterk of spesiale assosiasie daarvan met die lewe of werk van 'n persoon, groep of organisasie van belang in die geskiedenis van Suid-Afrika; en
9. plekke van betekenis met betrekking tot die geskiedenis van slawerny in Suid-Afrika (Wet 25 van 1999: 15).

Fort Klapperkop val duidelik in verskeie van die genoemde kategorieë. Daarom verdien die gebou om op wetenskaplik verantwoordbare wyse gerestoureer en bestuur te word.

10.2 Die “Venice charter”

Die belangrikste bousteen van die “Venice Charter” is dat historiese terreine die hedendaagse lewende getuie van die verlede is. Gevolglik moet die erfenis as die verantwoordelikheid van die hedendaagse mens gesien word en dat dit in hulle outentiekheid bewaar moet word (ICOMOS 1996: 1).

Die artikels van die charter stem grootliks met die van die “Burra charter” ooreen. Dit beteken dat die toepassing van laasgenoemde ook eersgenoemde sal ondersteun en sal bydra tot die handhawing van internasionale standaarde in die konservering, preservering en die restourasie van historiese plekke.

10.3 Die “Conservation plan” van Kerr

Die konservasieplan van Kerr is nou verwant aan die “Burra charter”. Dit gee 'n uiteensetting van die gebruik van die charter en die stappe wat gevolg moet word in die uitvoer van die konservering van 'n historiese plek. Die proses bestaan uit twee fases.

10.3.1 Fase 1

Die eerste fase handel oor die vasstel van kulturele belang. Dit behels die insamel van inligting (dokumenter en fisies), die analise van die belang daarvan, die assessering van die belang daarvan en die stel van die belang daarvan (Kerr 1985: 2).

Uit dit wat hierna volg, sal dit duidelik blyk dat die kulturele belang van Fort Klapperkop deeglik oorweeg en bepaal is. Hiervoor is navorsing oor 'n periode van langer as 15 jaar gedoen en is 'n verskeidenheid argivale bronne benut (vergelyk Van Vollenhoven 1999). Tydens die restourasiewerk aan die fort is daar ook grootliks op fisiese getuienis gefokus. Hierdie inligting is geanaliseer deurdat die vorige gebruike van die fort en die invloed daarvan op die materiaal in ag geneem is en deur die konteks van veranderinge aan die gebou te bestudeer.

Die assessering behels die vasstel van kriteria vir die bepaling van kulturele belang, terwyl die stel van die kulturele belang bloot 'n uiteensetting daarvan is (Kerr 1985: 8, 12). Eersgenoemde aspek is onder punt 8 van hierdie verslag hanteer, terwyl die kulturele belang reeds in die inleiding vermeld is.

10.3.2 Fase 2

Die tweede fase behels die konservasieplan. Hiervoor moet daar eerstens inligting ingesamel word. Die inligting bestaan uit vier sektore, naamlik die kliënt se behoeftes, eksterne vereistes, vereistes vir die instandhouding van die kulturele belang en die fisiese toestand van die plek. Hierna moet 'n konservasieplan ontwikkel word, die konservasiebeleid gestel word en 'n strategie vir die implementering van die konservasieplan daargestel word (Kerr 1885: 2).

Die behoeftes van die kliënt is onder punt 3 van hierdie verslag uiteengesit. Eksterne vereistes behels wetgewing wat 'n invloed op die gebou uitoefen. Die nuutste bewaringswetgewing is deeglik in ag geneem tydens die restourasie van die fort (vergelyk punt 1 en 10.1). Plaaslike ordonnansies rakende aspekte soos brandgevaar is ook in ag geneem en het byvoorbeeld daartoe gelei dat onder andere brandblussers in die gebou aangebring is, hoewel dit nie histories korrek is nie.

Die vereistes wat nodig vir die instandhouding van die kulturele belang van die fort, sal blyk uit die uiteensetting van die detailrestourasiewerk daarvan. Hieruit sal die fisiese toestand van sekere materiale ook blyk en sal vermeld word hoe dit aangespreek is. Die implementering van die konservasieplan sal uiteengesit word tydens die bespreking van die restourasieproses van die fort.


Stel van die konservasieplan

Die belangrikste beginsel in die konservasieplan van Fort Klapperkop is dat die gebou so na as moontlik aan sy oorspronklike staat teruggebring moet word en dat dit funksioneel as museum ingerig moet word. Hierdie beginsels word uitgeoefen met inagneming van eksterne vereistes en strukturele faktore van die gebou, wat dit onmoontlik sou maak om in sekere gevalle wel na die oorspronklike staat terug te keer.


11. Die restourasie van Fort Klapperkop

Fort Klapperkop bestaan uit nege vertrekke, 'n dakarea, waterreservoirs, valbrug, twee kanon bergplekke, 'n binnehof, oprit (ramp), buite-aansig en graswalle (figuur 21-22). Die vertrekke is van oos na wes: die stal, officieren, proviand, manschappen, keuken (kombuis), machine, telegraaf, hospitaal en ammunisie. Die restourasie van die fort is in verskeie fases onderneem, vanweë finansiële beperkinge in die begroting van die metropolitaanse munisipaliteit.

Tydens die eerste fase in 1999 is die valbrug en vier van die vertrekke gedoen, terwyl daar tydens die tweede fase, gedurende 2000, drie van die vertrekke gerestoureer is. Tydens die derde fase, wat in 2001 gedoen is, is die laaste twee vertrekke, die oprit, kanon bergplekke en buite-aansig van die fort gedoen. Die dakarea is tydens die vierde restourasiefase, gedurende 2003, gedoen. Die oorblywende aspekte (waterreservoirs, binnehof en graswalle) sal, indien fondse bekom kan word, in latere fases aangespreek word.



Figuur 21. Grondplan van Fort Klapperkop.



Figuur 22. Fort Klapperkop voor die jongste restourasie.



Figuur 23. Fort Klapperkop voor die jongste restourasie.

11.1 *Ammunitie*

Die ammunitevertrek kom in die noordwestehoek van die fort, noord van die oprit voor en is die enigste vertrek aan daardie kant van die oprit. Dit het as ammunisie-opslagplek diens gedoen. Die binnekant van die vertrek is tydens die eerste fase van restourasie, gedurende 1999 gerestoureer, terwyl die vooraansig daarvan tydens die derde fase, gedurende 2001 gerestoureer is (figuur 24).



Figuur 24. Die ammunitevertrek tydens die restourasie daarvan.

11.1.2 Vloer

Die vloer bestaan uit sementblokke van wisselende grootte (sowat 1,015 x 0,985 meter). Dit het 'n fyn patroon wat waarskynlik deur die afdruk van 'n goiingsak op die nat sement veroorsaak is. Hierdie patroon is oorspronklik, aangesien die vloer by Fort Wonderboompoort dieselfde patroon het (figuur 25).

Die oorspronklike kleur van die vloer was rooi. Die kleur is nog plek-plek in Fort Klapperkop en by Fort Wonderboompoort sigbaar. Die rooi spatlys onder aan die mure van die vertrek dui daarop dat die vloer rooi gepoleer was. Tydens die tydperk toe die fort 'n militêre museum was, is die vloer op plekke blou gevef.

Die grondoppervlakte buitekant die vertrek is deur die voormalige SA Weermag gelig, met die gevolg dat die vertrek met 'n trap van ongemaklike hoogte betree word. Dit kan ook gevaarlik vir besoekers wees en maak toegang vir gestremde persone in rolstoele bykans onmoontlik.



Figuur 25. Oorspronklike vloer van die stalvertrek te Fort Wonderboompoort.

Restourasiespesifikasies

Die latere verflae is verwyder en die vloer is, waar nodig met sement herstel. 'n Gleuf wat in die vloer gesny is ten einde kragkabels te lê, is ook op hierdie wyse herstel. Herstelwerk in die vloer is nie van die patroon voorsien nie, sodat dit van die oorspronklike onderskei kan word. Hierdie herstelwerk het aangetoon dat dit deur 'n gekompakteerde laag grond, gruis en bourommel onderlê word.

Die latere trap en hoogteverskil is verwyder om die oorspronklike vlak bloot te lê. Die vloer is met rooi stoep- en messelverf gevef ten einde die oorspronklike kleur daarvan terug te kry. Dit word ook wanneer nodig met 'n kleurlose vloerpolitoer gepoleer.

11.1.2 Mure

Die oorspronklike pleisterwerk was nog orals teen die mure aanwesig. Dit word bewys deur die graffitti wat uit die eerste helfte van die twintigste eeu dateer. Die oorspronklike wit kalk waarmee die mure afgewit was, was ook nog plek-plek op die agterste muur sigbaar. Die ander mure, wat die verdelingsmuur (Figuur 26) in die vertrek insluit is in die tyd van die militêre museum óf wit gevef óf op plekke met houtkaste en panele bedek, wat ook wit óf grys gevef is.



Figuur 26. Die verdelingsmuur in die ammunitiesvertrek tydens restourasie.

Restourasiespesifikasies

Alle latere materiaal, d.i. hout en staal, is verwyder. Verflae is ook verwyder, totdat die oorspronklike pleister blootgelê is. Omdat die pleister tot 'n groot mate beskadig is, is dit afgekap en vervang. Die nuwe pleister is 'n vermenging van riviersand, kalk en sement, volgens die voorskrifte van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Die mengsel bevat meer kalk as die hedendaagse pleistermengsels en bestaan uit die volgende:

- 1 deel gebluste messelkalk, volgens SABS spesifikasie 523
- 1 deel sement
- 4 dele sand.

Op die agterste muur is die oorspronklike pleister behou, omdat dit nog in 'n goeie toestand was en om die graffitti behoue te laat bly. Die graffitti word as deel van die geskiedenis van die fort

beskou en word om hierdie rede behou.

Die mure word wit gekalk met Nu Lyme, soos wat dit oorspronklik was. Dit is nie net histories korrek nie, maar ook tot voordeel van die gebou wat 'n ernstige vogprobleem het. Op hierdie wyse kan dit steeds asem haal en word agteruitgang, wat deur die gebruik van verf bevorder is, teëgewerk.

Die onderste 15cm van die mure het 'n duidelike rooikleurige spatlys aangetoon. Gevolglik is 'n 15cm breë spatlys ook tydens die restourasie met rooi stoep- en messelverf aangebring. Dit stem ook ooreen met die vertrekke by Fort Wonderboompoort, hoewel die mure van laasgenoemde se ammunisievertrek 'n roomkleur het.

11.1.3 Plafon

'n Vals plafon, bestaande uit gips en houtsparre, is deur die voormalige SA Weermag in die vertrek ingesit. Merke teen die mure toon duidelik dat dit 'n latere toevoeging was.

Die oorspronklike plafonne by Fort Klapperkop bestaan uit gegolfde sinkplate, wat tussen die staalbalke ingevoeg is. Die pleister op die mure strek nie tot teenaan die sink nie, wat daarop dui dat die gedeelte vanaf die staalbalke tot teenaan die sink met die een of ander materiaal ingevul is. Slegs 'n klein plafongedeelte was nog by Fort Wonderboompoort sigbaar.

Dit is in die Offisiervertrek en bestaan uit sement wat wit gekalk is. Die plafonne by Fort Schanskop is ook van sement (figuur 27).



Figuur 27. Oorspronklike plafon te Fort Schanskop.

Restourasiespesifikasies

Die plafongedeelte is met sement ingevul vanaf die sinkplaat tot gelyk met die onderkant van die staalbalke. Ten einde die sement te versterk is daar eers plaatgaas (expanded metal) ingevoeg, sodat die sement daaraan kon kleef. Hierdie word as 'n noodsaaklike toevoeging beskou ten einde die materiaal se lewensduur te verleng, maar dit is onsigbaar aangesien dit toegepleister is. Die sement is met wit Nu Lyme kalk afgewerk.

11.1.4 Staalwerk

Die staalbalke, pilare, ventilasie- en vensterluike, deure en diefwering in al die vertrekke van die fort is ondersoek in 'n poging om die oorspronklike kleure daarvan vas te stel. In die meeste gevalle was daar slegs een laag verf hierop, naamlik 'n donkerbruin, wat sedert die Stadsraad van Pretoria die fort oorgeneem het, daarop aangebring is.

Historiese foto's dui daarop dat die huidige deur van die vertrek nie die oorspronklike is nie. Dit is waarskynlik deur die SA Weermag tydens restourasie in 1966 aangebring, omdat die oorspronklike materiaal verwyder was. Die huidige deur verskil effe van die oorspronklike t.o.v. lasplekke en die posisie van klinknaels daarop.

Op enkele pilare in die fort is verskeie verflae gevind. Dit blyk dat die onderste laag 'n deursigtige rooi roesweerder is, waarna 'n liggroen, D19/7 Pine view (Plascon) aangebring is. Hierna het verskeie wit en grys lae (waarskynlik uit die Tweede Wêreldoorlog) gevolg. Bo-op dit is 'n ligbruin laag, C13/7 Chocolate chip (Plascon), gevind. Die boonste laag was die donkerbruin, wat deur die Stadsraad aangebring is. Die ammunitevertrek het slegs een staalpilaar.

Teen die dak en mure kon nog tekens van pype en klampe, waarbinne die oorspronklike elektrisiteitsdrade van die vertrek geloop het, gevind word (figuur 28-29). Dit gee 'n goeie aanduiding van die elektrisiteitsnetwerk in die fort. Dit verskil van die van Fort Wonderboompoort, wat met metaalpype deur die mure van die fort herlei is (figuur 30).



Figuur 28. Klampe waarmee die oorspronklike kragrade in die fort teen die plafon vasgemaak is.



Figuur 29. Die groen pype is oorspronklike pype waarbinne die kragrade in die fort geloop het.
Die bruin kragbord is 'n latere toevoeging.



Figuur 30. Metaalpipe in die mure by Fort Wonderboompoort wat gebruik is om die elektriese drade te gelei.

Restourasiespesifikasies

Die diefwering en alle ander staalwerk wat uit 'n latere fase as die Anglo-Boereoorlog dateer, word in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, geverf. Hierdie kleur is 'n duidelike latere toevoeging en sal dus latere toevoegings aandui.

Oorspronklike staalwerk en die deure en vensterluuke word in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit die oorspronklike kleur was. 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebring alvorens die staalwerk geverf is. Alle aanduidings van die oorspronklike kragrade is ook groen geverf, aangesien dit deel van die oorspronklike staalwerk uitmaak. Hierdie aanduidings bestaan in sommige gevalle uit staalpipe en soms uit metaalklampe wat teen die dak en mure aangebring is om die kragrade vas te heg.

11.1.5 Toevoegings

'n Klas 3 staal veiligheidsdeur is in die deurgang van die verdelingsmuur in die ammunitivevertrek aangebring (figuur 31). Die rede is dat daar wapens in die vertrek uitgestal sal word en wetgewing gevolglik sodanige beveiliging voorskryf. Diefwering is ook in die vensterrame in hierdie muur aangebring. Hierdie toevoegings is in die Chocolate chip kleur (C13/7 - Plascon) geverf.



Figuur 31. Die veiligheidsdeur wat in die ammunisie vertrek aangebring is.

Die kragkas, wat in die SA Weermag-tyd aangebring is, is ook in hierdie kleur gevef. Die krag is weer gekoppel en onder die vloer deurgetrek tot by die agterkant van die pilaar. Die pype en skakelaars is aan die agterkant van die pilare en drabalk versteek en ook in die Pine view kleur (D19/7 - Plascon) gevef.

Vir verdere beveiliging is daar ook 'n alarmstelsel aangebring, iets wat mettertyd ook in al die ander vertrekke geïnstalleer sal word. Omdat daar geen historiese gegewens bestaan oor hoe die elektriese ligte in die fort daar uitgesien het nie, is daar hedendaagse ligte aangebring, sodat besoekers duidelik kan sien dat dit nie oorspronklik is nie. Dit is wit kolligte, wat ook die uitstallings behoorlik sal belig.

11.1.6 Vooraansig

Die materiaal waaruit die vooraansig gebou is, is steeds die oorspronklike sand en baksteen. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is wit gevef, maar die lae is verwyder tot die oorspronklike wit kalk blootgelê is. Die naam, *ammunitie*, is in swart letterwerk gevef. Hoewel sommige lae grys letterwerk getoon het, was die oorspronklike wel swart gevef. Een van die vertrekke by Fort Wonderboompoort, die proviandvertrek, het hierdie inligting bevestig.

Die ingang tot die vertrek toon twee skuins-oplopende mure, een aan elke kant, wat sodoende feitlik 'n poort tot die vertrek vorm. Dit is wit geverf. Slegs op 'n gedeelte hiervan is die verf verwyder, maar dit het geblyk geen ander kleur daaronder te hê nie. Boonop het dit skade aan die oorspronklike sementwerk aangerig en is daar besluit om dit te laat vaar. By die skietgate van die fort en by Fort Wonderboompoort was dit egter moontlik om te sien dat alle messelwerk, wat geverf was, oorspronklik 'n rooibruin kleur gehad het.

'n Sementpaadjie, wat deur die SA Weermag na die vertrek toe aangelê is, was duidelik oor die oorspronklike loopvlak tot die vertrek. Dit is verwyder om die oorspronklike bloot te lê. Reënwater skep egter 'n groot probleem, omdat die vertrek telkens oorstrom tydens 'n reënbui. Om dit die hoof te bied het die SA Weermag 'n leiklipvoor, van die dak af, al met die oprit tot die dak langs, tot op die loopvlak gemaak. Die voor loop onder die sementpaadjie deur (wat 'n latere toevoeging is) en eindig in 'n gat, wat oorspronklik in die voorste muur van die fort gebou is om reënwater weg te lei. Hierdie oplossing was egter nie voldoende nie en sou aangespreek moes word.

'n Elektriese lig kom reg bo die ingang voor. Dit is nie oorspronklik nie, maar is deur die SA Weermag toegevoeg.


Restourasiespesifikasies

Die sandsteen en baksteen vooraansig van die vertrek is skoongemaak d.m.v. 'n proses van sandspuiting. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is skoongemaak tot op die oorspronklike gepleisterde vlak. Daarna is dit wit gekalk (Nu Lyme) en is dieselfde grootte letterwerk weer in swart verf toegevoeg.

Die mure wat tot die ingang lei is in die korrekte kleur oorgeverf sonder om die foutiewe wit verf te verwyder, aangesien dit skade aan die struktuur sou aanrig. Die kleur is 'n rooibruin, wat bestaan uit 'n mengsel van 5 liter terracottaverf (Plascon) en 200 milliliter rooi verf (Plascon).

Ten einde die probleem van reënwater aan te spreek, is 'n versperringsmuurtjie reg bo die deur en bo-op die leiklip plaveisel (wat nie oorspronklik is nie) gebou. Dit verhinder water om reg af in die ingang van die vertrek in te loop en kanaliseer dit na die reeds vermelde leiklipvoor toe. Omdat dit bo-op die plaveisel gebou is, sal dit maklik verwyderbaar wees indien 'n beter opsie gevind word. Dit is ook rooibruin geverf, maar omdat dit 'n latere toevoeging is behoort dit grys geverf te word soos alle ander toevoegings van sement.

Die elektriese lig is ligbruin, nl. die Chocolate chip kleur (C13/7 - Plascon) geverf, aangesien dit 'n latere toevoeging is. Daar is egter besluit om dit te behou, omdat dit lig tydens aandfunksies sou kon voorsien, veral aangesien hierdie deel van die fort nie deur ander ligte verlig word nie (figuur 32).



Figuur 32. Vooraansig van die ammunitevertrek na restourasie.


11.1.7 Uitstalling

Die uitstalling in die ammunitevertrek sal noodwendig op wapentuig uit die Anglo-Boereoorlog fokus, omdat die beleid behels dat die vertreke hulle oorspronklike funksie terugkry. Geen inligting is verkry om 'n idee te gee van hoe die binnekant van die vertrek daar uitgesien het nie. Daarom sal losstaande kaste en panele hiervoor aangewend word.

Die kaste sal van 'n aluminium- en glasafwerking voorsien word, in ooreenstemming met hedendaagse internasionale museumstandaarde. Hiervoor is daar twee redes. Eerstens wyk dit ooglopend af van wat oorspronklik in die fort sou gewees het, met die gevolg dat dit duidelik aan besoekers sal wees dat dit latere toevoegings is. Tweedens is die materiaal geskik vir die uitstal van museumvoorwerpe, omdat dit tot 'n groot mate negatiewe omgewingsinvloede daarop uitskakel.

11.2 Hospitaal

Die hospitaalvertrek is die eerste vertrek aan die suidekant van die oprit, dws die mees westelike vertrek in die binnehof van die fort (figuur 33). Dit was waarskynlik eerder 'n siekeboeg as 'n hospitaal, want hoewel die Staatsartillerie oor 'n dokter beskik het, het die fort gewis nie sy eie geneesheer gehad nie. Die binnekant van die vertrek is tydens die eerste fase van restourasie, gedurende 1999 gerestoureer, terwyl die vooraansig daarvan tydens die derde fase, gedurende 2001 gerestoureer is.



Figuur 33. Vooraansig van verskeie van die fort se vertreke voor restourasie. Die hospitaal is die vertrek heel regs.

11.2.1 Vloer

Die vloer bestaan uit sementblokke van wisselende grootte (ongeveer 1,05 x 0,975 meter). Dit het 'n fyn patroon wat waarskynlik deur die afdruk van 'n goiingsak op die nat sement veroorsaak is. Hierdie patroon is oorspronklik, aangesien die vloer by Fort Wonderboompoort dieselfde patroon het.

Die oorspronklike kleur van die vloer was rooi. Die kleur is nog plek-plek in Fort Klapperkop en by Fort Wonderboompoort sigbaar. Die rooi spatlys onder aan die mure van die vertrek dui daarop dat die vloer rooi gepoleer was. Tydens die tydperk toe die fort 'n militêre museum was, is materiaalsteëls op die vloer geplak.


Restourasiespesifikasies

Die teëls en gom daaronder is verwyder en die vloer is, waar nodig met sement herstel. Herstelwerk in die vloer is nie van die patroon voorsien nie, sodat dit van die oorspronklike onderskei kan word.

Die vloer is met rooi stoep- en messelverf gevef ten einde die oorspronklike kleur daarvan terug te kry. Dit word ook wanneer nodig met kleurlose vloerpolitoer gepoleer.

11.2.2 Mure

Tydens die restourasie, wat in 1966 deur die SA Weermag gedoen is, is daar oor die oorspronklike pleisterwerk gepleister. Hiervan is eers bewus geraak toe 'n gedeelte van die pleisterwerk verwyder is, ten einde agter te kom wat daar agter was. Die oorspronklike pleisterwerk was nog orals teen die mure aanwesig. Die oorspronklike roomkleurige kalk, waarmee die die mure afgekalk was, was ook nog plek-plek sigbaar. Die pleisterwerk, wat deur die SA Weermag aangebring is, was wit en grys gevef.



Figuur 34. Die rooi spatlys onderaan die muur is duidelik sigbaar by Fort Wonderboompoort.

Restourasiespesifikasies

Alle latere verflae en die latere pleister is verwyder, totdat die oorspronklike pleister blootgelê is. Omdat die pleister tot 'n groot mate beskadig is, is dit afgekap en vervang. Die nuwe pleister is 'n vermenging van riviersand, kalk en sement, volgens die voorskrifte van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Die mengsel bevat meer kalk as die hedendaagse pleistermengsels en is beskryf onder punt 11.1.2.

Die mure word roomkleurig gekalk soos wat dit oorspronklik was. Die kleur word beskryf as Cream Puff, kode 6-21M (Plascon) en is verkry deur Nu Lyme kalk met geel oksied te meng. Dit is nie net histories korrek nie, maar ook tot voordeel van die gebou wat 'n ernstige vogprobleem het. Op hierdie wyse kan dit steeds asem haal en word agteruitgang, wat deur die gebruik van verf bevorder is, teëgewerk.

Die onderste 15cm van die mure het 'n duidelike rooikleurige spatlys aangetoon (figuur 34). Gevolglik is 'n 15cm breë spatlys ook tydens die restourasie met rooi stoep- en messelverf aangebring. Dit stem ook ooreen met die vertrekke by Fort Wonderboompoort, hoewel die mure van laasgenoemde se hospitaalvertrek 'n wit kleur het.

11.2.3 Plafon

'n Vals plafon, bestaande uit gips en houtsparre, is deur die voormalige SA Weermag in die vertrek ingesit. Merke teen die mure toon duidelik dat dit 'n latere toevoeging was.

Die oorspronklike plafonne by Fort Klapperkop bestaan uit gegolfde sinkplate, wat tussen die staalbalke ingevoeg is. Die pleister op die mure strek nie tot teenaan die sink nie, wat daarop dui dat die gedeelte vanaf die staalbalke tot teenaan die sink met die een of ander materiaal ingevul is. Slegs 'n klein plafongedeelte was nog by Fort Wonderboompoort sigbaar.

Dit is in die Offisierentrek en bestaan uit sement wat wit gekalk is. Die plafonne by Fort Schanskop is ook van sement.

Restourasiespesifikasies

Die plafongedeelte is met sement ingevul vanaf die sinkplaat tot gelyk met die onderkant van die staalbalke. Ten einde die sement te versterk is daar eers plaatgaas (expanded metal) ingevoeg, sodat die sement daaraan kon kleef. Hierdie word as 'n noodsaaklike toevoeging beskou ten einde die materiaal se lewensduur te verleng, maar omdat dit toegepleister is, is dit nie sigbaar nie. Die sement is met wit kalk afgewerk.

11.2.4 Staalwerk

Die staalbalke, pilare, ventilasie- en vensterluike, deure en diefwering in al die vertrekke van die fort is ondersoek in 'n poging om die oorspronklike kleure daarvan daarvan vas te stel. In die meeste gevalle was daar slegs een laag verf hierop, naamlik 'n donkerbruin, wat sedert die Stadsraad van Pretoria die fort oorgeneem het, daarop aangebring is.

Historiese foto's dui daarop dat die huidige deur van die vertrek nie die oorspronklike is nie. Dit is waarskynlik deur die SA Weermag tydens restourasie in 1966 aangebring, omdat die oorspronklike materiaal verwyder was. Die huidige deur verskil effe van die oorspronklike t.o.v. lasplekke en die posisie van klinknaels daarop.

Op enkele pilare in die fort is verskeie verflae gevind. Dit blyk dat die onderste laag 'n deursigtige rooi roesweerder is, waarna 'n liggroen, D19/7 Pine view (Plascon) aangebring is. Hierna het verskeie wit en grys lae (waarskynlik uit die Tweede Wêreldoorlog) gevolg. Bo-op dit is 'n ligbruin laag, C13/7 Chocolate chip (Plascon), gevind. Die boonste laag was die donkerbruin, wat deur die Stadsraad aangebring is. Die hospitaalvertrek het slegs een staalpilaar en 'n ventilasieluik in die linker-agterste hoek.

Restourasiespesifikasies

Die diefwering en alle ander staalwerk wat uit 'n latere fase as die Anglo-Boereoorlog dateer, word in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, geverf. In hierdie geval is slegs die diefwering ligbruin geverf.

Oorspronklike staalwerk en die deure en vensterluike word in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit die oorspronklike kleur was. 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebring alvorens die staalwerk geverf is.

11.2.5 Toevoegings

Omdat daar geen historiese gegewens bestaan oor hoe die elektriese ligte in die fort daar uitgesien het nie, is daar hedendaagse ligte aangebring, sodat besoekers duidelik kan sien dat dit nie oorspronklik is nie. Dit is wit kolligte, wat ook die uitstallings behoorlik sal belig. Die ligte is teen die drabalk aangebring en die pype en skakelaars is aan die agterkant van die pilare en drabalk versteek en ook in die Pine view kleur (D19/7 - Plascon) geverf.

11.2.6 Voorraansig

Die materiaal waaruit die voorraansig gebou is, is steeds die oorspronklike sand- en baksteen. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is wit geverf, maar die lae is verwyder tot die oorspronklike wit kalk blootgelê is. Die naam, *hospitaal*, is in swart letterwerk geverf. Hoewel sommige lae grys letterwerk getoon het, was die oorspronklike wel swart geverf. Een van die vertrekke by Fort Wonderboompoort, die proviandvertrek, het hierdie inligting bevestig.

Restourasiespesifikasies

Die sandsteen en baksteen voorraansig van die vertrek is skoongemaak d.m.v. 'n proses van sandspuiting. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is skoongemaak tot op die oorspronklike gepleisterde vlak. Daarna is dit wit gekalk en is dieselfde grootte letterwerk weer in swart verf toegevoeg.

11.2.7 Uitstalling

Die uitstalling in die hospitaalvertrek sal noodwendig op mediese aspekte van die Anglo-Boereoorlog fokus, omdat die beleid behels dat die vertrekke hulle oorspronklike funksie terugkry. Geen inligting is verkry om 'n idee te gee van hoe die binnekant van die vertrek daar uitgesien het nie. Daar bestaan egter genoegsame inligting oor hospitale in hierdie periode en dit is gebruik om 'n tipiese hospitaal uit die Anglo-Boereoorlog te konstrueer. Losstaande panele sal aangewend word om inligting oor mediese aspekte tydens die Anglo-Boereoorlog uit te beeld.

Indien nodig, sal 'n losstaande kas buite die ingerigte hospitaal, d.w.s. teen die voorste muur van die vertrek, geplaas word om mediese toerusting in uit te stal. Die kaste sal van 'n aluminium- en glasafwerking voorsien word, in ooreenstemming met hedendaagse internasionale museumstandaarde. Hiervoor is daar twee redes. Eerstens wyk dit ooglopend af van wat oorspronklik in die fort sou gewees het, met die gevolg dat dit duidelik aan besoekers sal wees dat dit latere toevoegings is. Tweedens is die materiaal geskik vir die uitstal van museumvoorwerpe, omdat dit tot 'n groot mate negatiewe omgewingsinvloede daarop uitskakel.

11.3 *Telegraaf*

Die telegraafvertrek is die tweede vertrek oos van die oprit, d.w.s. tussen die hospitaal- en die machinevertrek. Dit het as die telekommunikasiesentrum diens gedoen. Die fort was met bo- en ondergrondse telegraaf-toerusting ingerig en het oor 'n telefoon beskik (Van Vollenhoven 1995: 60). Waarskynlik sou hierdie toerusting in hierdie vertrek geïnstalleer wees en sou dit as 'n tipe operasiekamer gedien het. Die binnekant van die vertrek is tydens die eerste fase van restourasie, gedurende 1999 gerestoureer, terwyl die voorraansig daarvan tydens die derde fase, gedurende 2001 gerestoureer is.

11.3.1 Vloer

Die vloer bestaan uit sementblokke van wisselende grootte (gemiddeld 1,015 x 1,030 meter). Dit het 'n fyn patroon wat waarskynlik deur die afdruk van 'n goiingsak op die nat sement veroorsaak is. Hierdie patroon is oorspronklik, aangesien die vloer by Fort Wonderboompoort dieselfde patroon het.

Die oorspronklike kleur van die vloer was rooi. Die kleur is nog plek-plek in Fort Klapperkop en by Fort Wonderboompoort sigbaar. Die rooi spatlys onder aan die mure van die vertrek dui daarop dat die vloer rooi gepoleer was. Tydens die tydperk toe die fort 'n militêre museum was, is materiaal teëls op die vloer geplak. Kaste is ook ingebou en dit het groot dele van die vloer beskadig.

Restourasiespesifikasies

Die teëls en gom daaronder is verwyder en die vloer is, waar nodig met sement herstel. Herstelwerk in die vloer is nie van die patroon voorsien nie, sodat dit van die oorspronklike onderskei kan word.

Die vloer is met rooi stoep- en messelverf gevef ten einde die oorspronklike kleur daarvan terug te kry. Dit word ook wanneer nodig met kleurlose vloerpolitoer gepoleer.

11.3.2 Mure

Tydens die restourasie, wat in 1966 deur die SA Weermag gedoen is, is daar oor die oorspronklike pleisterwerk gepleister. Hiervan is eers bewus geraak toe 'n gedeelte van die pleisterwerk verwyder is, ten einde agter te kom wat daar agter was. Die oorspronklike pleisterwerk was nog orals teen die mure aanwesig. Die oorspronklike roomkleurige kalk, waarmee die mure afgekalk was, was ook nog plek-plek sigbaar. Die pleisterwerk, wat deur die SA Weermag aangebring is, was wit en grys gevef.

'n Opening tussen die twee vertrekke, dieselfde grootte as die van 'n deur, verbind die telegraafkamer met die hospitaal, sowel as met die machinevertrek.

Restourasiespesifikasies

Alle latere verflae en die latere pleister is verwyder, totdat die oorspronklike pleister blootgelê is. Omdat die pleister tot 'n groot mate beskadig is, is dit afgekap en vervang. Die nuwe pleister is 'n vermenging van riviersand, kalk en sement, volgens die voorskrifte van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Die mengsel bevat meer kalk as die hedendaagse pleistermengsels en is onder punt 11.1.2 beskryf.

Die mure word roomkleurig gekalk soos wat dit oorspronklik was. Die kleur word beskryf as Cream Puff, kode 6-21M (Plascon) en is verkry deur Nu Lyme kalk met geel oksied te meng. Sodoende word die oorspronklike kleur, ook genoem Morella, nageboots. Dit is nie net histories korrek nie, maar ook tot voordeel van die gebou wat 'n ernstige vogprobleem het. Op hierdie wyse kan dit steeds asem haal en word agteruitgang, wat deur die gebruik van verf bevorder is, teëgewerk.

Die onderste 15cm van die mure het 'n duidelike rooikleurige spatlys aangetoon. Gevolglik is 'n 15cm breë spatlys ook tydens die restourasie met rooi stoep- en messelverf aangebring. Dit stem ook ooreen met die vertrekke by Fort Wonderboompoort, hoewel die mure van laasgenoemde se telegraafvertrek 'n wit kleur het (figuur 35-36).



Figuur 35. Die mure van die telegraafvertrek by Fort Wonderboompoort is wit gekalk en toon duidelik die rooi spatlys onderaan.



Figuur 36. Die mure van die telegraafvertrek tydens restourasie.

11.3.3 Plafon

Die oorspronklike plafon was duidelik sigbaar. Dit bestaan uit gegolfde sinkplate, wat tussen die staalbalke ingevoeg is. Die pleister op die mure strek nie tot teenaan die sink nie, wat daarop dui dat die gedeelte vanaf die staalbalke tot teenaan die sink met die een of ander materiaal ingevul is. Slegs 'n klein plafongedeelte was nog by Fort Wonderboompoort sigbaar.

Dit is in die Offisierenvertrek en bestaan uit sement wat wit gekalk is. Die plafonne by Fort Schanskop is ook van sement.

Restourasiespesifikasies

Die plafongedeelte is met sement ingevul vanaf die sinkplaat tot gelyk met die onderkant van die staalbalke. Ten einde die sement te versterk is daar eers plaatgaas (expanded metal) ingevoeg, sodat die sement daaraan kon kleef. Hierdie word as 'n noodsaaklike toevoeging beskou ten einde die materiaal se lewensduur te verleng, maar dit is nie sigbaar nie omdat dit toegepleister is. Die sement is met wit kalk afgewerk.

11.3.4. Staalwerk

Die staalbalke, pilare, ventilasie- en vensterluike, deure en diefwering in al die vertrekke van die fort is ondersoek in 'n poging om die oorspronklike kleure daarvan daarvan vas te stel. In die meeste gevalle was daar slegs een laag verf hierop, naamlik 'n donkerbruin, wat sedert die Stadsraad van Pretoria die fort oorgeneem het, daarop aangebring is.

Historiese foto's dui daarop dat die huidige deur van die vertrek nie die oorspronklike is nie. Dit is waarskynlik deur die SA Weermag tydens restourasie in 1966 aangebring, omdat die oorspronklike materiaal verwyder was. Die huidige deur verskil effe van die oorspronklike t.o.v. lasplekke en die posisie van klinknaels daarop.

Op enkele pilare in die fort is verskeie verflae gevind. Dit blyk dat die onderste laag 'n deursigtige rooi roesweerder is (figuur 37), waarna 'n liggroen, D19/7 Pine view (Plascon) aangebring is. Hierna het verskeie wit en grys lae (waarskynlik uit die Tweede Wêreldoorlog) gevolg. Bo-op dit is 'n ligbruin laag, C13/7 Chocolate chip (Plascon), gevind. Die boonste laag was die donkerbruin, wat deur die Stadsraad aangebring is. Die telegraafvertrek het slegs een staalpilaar en 'n ventilasieluik in die regter-agterste hoek. By Fort Wonderboompoort kan tekens van metaalklampe in die telegraafvertrek gesien word (figuur 38). Dit is gebruik om elektrisiteit te gelei.



Figuur 37. Staalpilaar in die telegraafvertrek nadat dit met roesweerder behandel is.



Figuur 38. Metaalklamp in die telegraafvertrek by Fort Wonderboompoort wat gebruik is om die elektriese drade te gelei.

Restourasiespesifikasies

Die diefwering en alle ander staalwerk wat uit 'n latere fase as die Anglo-Boereoorlog dateer, word in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, geverf. In hierdie geval is slegs die diefwering ligbruin geverf.

Oorspronklike staalwerk en die deure en vensterluuke word in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit die oorspronklike kleur was. 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebring alvorens die staalwerk geverf is.

11.3.5 Toevoegings

Omdat daar geen historiese gegewens bestaan oor hoe die elektriese ligte in die fort daar uitgesien het nie, is daar hedendaagse ligte aangebring, sodat besoekers duidelik kan sien dat dit nie oorspronklik is nie. Dit is wit kolligte, wat ook die uitstallings behoorlik sal belig. Die ligte is teen die drabalk aangebring en die pype en skakelaars is aan die agterkant van die pilare en drabalk versteek en ook in die Pine view kleur (D19/7 - Plascon) geverf.

Regoor die breedte van die vertrek, in so 'n posisie dat dit nie die deurgang belemmer nie, is 'n staal traliewerk met 'n staalhek daarin aangebring (figuur 39). Hiervoor is daar twee redes. Merke op die vloer het duidelik gewys dat sodanige traliewerk op een of ander stadium in die

geskiedenis van die vertrek daar voorgekom het. Hoewel dit nie met sekerheid bepaal kan word nie, blyk dit 'n latere toevoeging te wees, wat weer op 'n later stadium verwyder is.



Figuur 39. Die staalhek wat in die telegraafvertrek aangebring is.

Tweedens is dit 'n manier om die artefakte wat uitgestal word te beskerm, aangesien dit van die mees waardevolle items in die museumversameling is. Die tralies is dieselfde dikte as die merke in die vloer gemaak en is in ooreenstemming daarmee gespaseer. Dit is ook in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, gevef. Die tralies word nie as 'n noodsaaklikheid beskou nie en sou moontlik verwyder kon word, indien daar in 'n stadium besluit sou word dat dit onnodig is.

Omdat die vertrek moontlik ook moderne kantoortoerusting sal moet huisves, vanweë 'n gebrek aan voldoende kantoorspasie, is 'n powerskirting (figuur 40) teen die agterste muur aangebring. Hierin is kragdrade en muurproppe geplaas. Dit is in die oorspronklike beige kleur gelos om aan te toon dat dit 'n toevoeging is, maar dit kan ter eniger tyd verwyder word.



Figuur 40. Powerskirting wat in die telegraafvertrek aangebring is.

Aangesien die museum personeel van een van die vertrekke in die fort as kantoor gebruik maak, was dit nodig om telefone te installeer. Heel gepas word die kragkas hiervan, langs die luggat, in die telegraafvertrek aangetref. 'n Metaal vloerlys, waarin kragkabels gelê kan word (power skirting), is ook teen die agterste muur geïnstalleer, sodat die telefoondrade daardeur kan loop. Hierdie toevoegings is in hulle oorspronklike kleur, 'n ligte roomkleur, behou en is duidelik latere toevoegings.

11.3.6 Vooraansig

Die materiaal waaruit die vooraansig gebou is, is steeds die oorspronklike sand- en baksteen. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is wit geverf, maar die lae is verwyder tot die oorspronklike wit kalk blootgelê is. Die naam, *keuken*, is in swart letterwerk geverf. Navorsing het egter getoon dat 'n ander vertrek die kombuis was (sien later). Gevolglik is die twee vertrekke se benaminge omgeruil.

Hoewel sommige lae grys letterwerk getoon het, was die oorspronklike wel swart geverf. Een van die vertrekke by Fort Wonderboompoort, die proviandvertrek, het hierdie inligting bevestig. Hierdie onderste lae se letterwerk was egter nie duidelik genoem om te bepaal presies watter vertrek dit was nie. Aangesien die telegraafvertrek die enigste vertrek was wat nie op grond van enige ander inligting geplaas kon word nie, is daar aanvaar dat hierdie die telegraafvertrek was. 'n Elektriese lig kom reg bo die ingang voor. Dit is nie oorspronklik nie, maar is deur die SA Weermag toegevoeg.

Restourasiespesifikasies

Die sandsteen en baksteen vooraansig van die vertrek is skoongemaak d.m.v. 'n proses van sandspuiting. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is skoongemaak tot op die oorspronklike gepleisterde vlak. Daarna is dit wit gekalk en is dieselfde grootte letterwerk weer in swart verf toegevoeg, behalwe dat die naam na *telegraaf*, verander is.

Die elektriese lig is ligbruin, nl. die Chocolate chip kleur (C13/7 - Plascon) geverf, aangesien dit 'n latere toevoeging is. Daar is egter besluit om dit te behou, omdat dit lig tydens aandfunksies sou kon voorsien.

11.3.7 Uitstalling

Die uitstalling in die telegraafvertrek sal noodwendig op kommunikasie tydens die Anglo-Boereoorlog fokus, omdat die beleid behels dat die vertreke hulle oorspronklike funksie terugkry. Geen inligting is verkry om 'n idee te gee van hoe die binnekant van die vertrek daar uitgesien het nie, maar daar bestaan genoegsame inligting oor die kommunikasienetwerk tussen die verskillende forte van Pretoria. Hierdie en verwante aspekte sal op losstaande inligtingspanele aangebring word.

Die museum beskik oor die kantoormeubels van Kommandant-Generaal Piet Joubert. Hierdie meubels word in die vertrek uitgestal, aangesien hy nou by die bou van die forte betrokke was en ook die hoof van die Zuid-Afrikaansche Republiek se weermag was. Daar is dus 'n historiese verband tussen hom en die fort. Indien die nodige artefakte gevind kan word, sal telegraaf- en ander kommunikasietoerusting ook in die vertrek uitgestal word. Omdat die officierenvertrek 'n kantoor was, kan die meubels moontlik later soontoe verskuif word.

11.4 *Machine*

Die machinevertrek is die derde vertrek oos van die oprit, d.w.s. tussen die telegraaf- en die keukenvertrek. In hierdie vertrek is elektriese krag vir die fort opgewek. 'n Siemens en Halske kragopwekker kom nog in die vertrek voor. Die binnekant van die vertrek sowel as die vooraansig daarvan is tydens die derde fase van restourasie, gedurende 2001, gerestoureer.

11.4.1 Vloer

Die vloer bestaan uit sementblokke van verskillende groottes (sowat 1,055 x 1,130 meter). Dit het 'n fyn patroon wat waarskynlik deur die afdruk van 'n goiingsak op die nat sement veroorsaak is. Hierdie patroon is oorspronklik, aangesien die vloer by Fort Wonderboompoort dieselfde patroon het.

Die oorspronklike kleur van die vloer was rooi. Die kleur is nog plek-plek in Fort Klapperkop en by Fort Wonderboompoort sigbaar. Die rooi spatlys onder aan die mure van die vertrek dui daarop dat die vloer rooi gepoleer was. Tydens die tydperk toe die fort 'n militêre museum was, is materiaalsteëls op die vloer geplak.

Merke op die vloer dui op die posisie van sekere masjinerie wat in die fort gebruik is (Figuur 41 - 42). 'n Gat van ongeveer 0,035 meter kom naby die suidwestelike hoek van die vertrek in die vloer voor. Onder die vloer is waarskynlik sinktenks wat vir die oorfloei, of vir ekstra paraffien gebruik is. Die gat is 0,85 meter diep. By Fort Wonderboompoort is hierdie tenks sigbaar (figuur 46), aangesien die vloer stukkend is en kan 'n duidelike idee daarvan gevorm word.



Figuur 41. Merke op die vloer in machine wat waarskynlik aandui waar die paraffienstelsel gestaan het.



Figuur 42. Aanduidings van waardie masjinerie by Fort Wonderboompoort gestaan het.

Restourasiespesifikasies

Die vloerteëls en gom daaronder, wat uit 'n onlangse tydperk dateer, is verwyder en die vloer is, waar nodig met sement herstel. Herstelwerk in die vloer is nie van die patroon voorsien nie, sodat dit van die oorspronklike onderskei kan word.

Die vloer is met rooi stoep- en messelverf gevef ten einde die oorspronklike kleur daarvan terug te kry (figuur 43). Dit word ook wanneer nodig met 'n kleurlose vloerpolitoer gepoleer.



Figuur 43. Gerestoureerde vloer in machine.

11.4.2 Mure

Tydens die restourasie, wat in 1966 deur die SA Weermag gedoen is, is daar oor die oorspronklike pleisterwerk gepleister. Hiervan is eers bewus geraak toe 'n gedeelte van die pleisterwerk verwyder is, ten einde agter te kom wat daar agter was (figuur 44). Die oorspronklike pleisterwerk was nog orals teen die mure aanwesig. Die oorspronklike roomkleurige kalk, waarmee die mure afgekalk was, was ook nog plek-plek sigbaar. Die pleisterwerk, wat deur die SA Weermag aangebring is, was oranje en bruin geverf.

'n Opening tussen die twee vertrekke, dieselfde grootte as die van 'n deur, verbind die machinevertrek met die telegraafkamer, sowel as met die keuken.



Figuur 44. Een van die mure in machine tydens restourasie.

Restourasiespesifikasies

Alle latere verflae en die latere pleister is verwyder, totdat die oorspronklike pleister blootgelê is. Omdat die pleister tot 'n groot mate beskadig is, is dit afgekap en vervang. Die nuwe pleister is 'n vermenging van riviersand, kalk en sement, volgens die voorskrifte van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Die mengsel bevat meer kalk as die hedendaagse pleistermengsels en word onder punt 11.1.2 beskryf.

Die mure word roomkleurig gekalk soos wat dit oorspronklik was. Die kleur word beskryf as Cream Puff, kode 6-21M (Plascon) en is verkry deur Nu Lyme kalk met geel oksied te meng. Sodoende word die oorspronklike kleur, ook genoem Morella, nageboots. Dit is nie net histories korrek nie, maar ook tot voordeel van die gebou wat 'n ernstige vogprobleem het. Op hierdie wyse kan dit steeds asem haal en word agteruitgang, wat deur die gebruik van verf bevorder is, teëgewerk.

Die onderste 15cm van die mure het 'n duidelike rooikleurige spatlys aangetoon. Gevolglik is 'n 15cm breë spatlys ook tydens die restourasie met rooi stoep- en messelverf aangebring. Dit stem ook ooreen met die vertrekke by Fort Wonderboompoort.

In die agterste muur is merke gevind wat daarop dui dat daar iets vasgebout was (figuur 45). In ooreenstemming met die machinevertrek by Fort Wonderboompoort is staalboute daar ingevoeg. Waarskynlik het dit staalarms vasgehou waarop paraffienhouers gemonteer was, hoewel dié by Fort Wonderboompoort laer teen die muur vas was (figuur 46).



Figuur 45. Boute in die agterste muur by die machinevertrek, wat daarop dui dat hier iets vasgebout was.



Figuur 46. Die machinevertrek by Fort Wonderboompoort. Let op die staalarme waarop iets gemonteer was en die tenks onder die vloer van die vertrek.

11.4.3 Plafon

Die oorspronklike plafon was duidelik sigbaar. Dit bestaan uit gegolfde sinkplate, wat tussen die staalbalke ingevoeg is. Die pleister op die mure strek nie tot teenaan die sink nie, wat daarop dui dat die gedeelte vanaf die staalbalke tot teenaan die sink met die een of ander materiaal ingevul is.

Slegs 'n klein plafongedeelte was nog by Fort Wonderboompoort sigbaar. Dit is in die Offisierenvertrek en bestaan uit sement wat wit gekalk is. Die plafonne by Fort Schanskop is ook van sement.

Restourasiespesifikasies

Die plafongedeelte is met sement ingevul vanaf die sinkplaat tot gelyk met die onderkant van die staalbalke. Ten einde die sement te versterk is daar eers plaatgaas (expanded metal) ingevoeg, sodat die sement daaraan kon kleef. Hierdie word as 'n noodsaaklike toevoeging beskou ten einde die materiaal se lewensduur te verleng, maar omdat dit toegepleister is, is dit nie sigbaar nie. Die sement is met wit kalk afgewerk.

11.4.4. Staalwerk

Die staalbalke, pilare, ventilasie- en vensterluike, deure en diefwering in al die vertreke van die fort is ondersoek in 'n poging om die oorspronklike kleure daarvan daarvan vas te stel. In die meeste gevalle was daar slegs een laag verf hierop, naamlik 'n donkerbruin, wat sedert die Stadsraad van Pretoria die fort oorgeneem het, daarop aangebring is.

Historiese foto's dui daarop dat die huidige deur van die vertrek nie die oorspronklike is nie. Dit is waarskynlik deur die SA Weermag tydens restourasie in 1966 aangebring, omdat die oorspronklike materiaal verwyder was. Die huidige deur verskil eeffe van die oorspronklike t.o.v. lasplekke en die posisie van klinknaels daarop.

Op enkele pilare in die fort is verskeie verflae gevind. Dit blyk dat die onderste laag 'n deursigtige rooi roesweerder is, waarna 'n liggroen, D19/7 Pine view (Plascon) aangebring is. Hierna het verskeie wit en grys lae (waarskynlik uit die Tweede Wêreldoorlog) gevolg. Bo-op dit is 'n ligbruin laag, C13/7 Chocolate chip (Plascon), gevind. Die boonste laag was die donkerbruin, wat deur die Stadsraad aangebring is. Die machinevertrek het slegs een staalpilaar en 'n ventilasieluik in die voorste muur, tussen die deur en die venster.

Restourasiespesifikasies

Die diefwering en alle ander staalwerk wat uit 'n latere fase as die Anglo-Boereoorlog dateer, word in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, geverf. In hierdie geval is slegs die

diefwering ligbruin geverf.

Oorspronklike staalwerk, die boue in die agterste muur en die deure en vensterluike word in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit die oorspronklike kleur was. 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebring alvorens die staalwerk geverf is.

11.4.5 Toevoegings

Omdat daar geen historiese gegewens bestaan oor hoe die elektriese ligte in die fort daar uitgesien het nie, is daar hedendaagse ligte aangebring, sodat besoekers duidelik kan sien dat dit nie oorspronklik is nie. Dit is wit kolligte, wat ook die uitstallings behoorlik sal belig (figuur 47) Die ligte is teen die drabalk aangebring en die pype en skakelaars is aan die agterkant van die pilare en drabalk versteek en ook in die Pine view kleur (D19/7 - Plascon) geverf.

Die hoof-kragverspreidingskas is, heel gepas, ook in die machinevertrek geleë.(figuur 48) Dit is in die tyd van die SA Weermag geïnstalleer. Die posisie daarvan is teen die voorste muur, teenaan die telegraafkamer. Dit is in 'n houtkas versteek. Daar is besluit om die kas te behou, aangesien dit baie netjies is en dit is in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, geverf, aangesien dit 'n toevoeging is. Die kas is groot genoeg om voorsiening te maak vir die installering van 'n alarmstelsel (brand en sekuriteit), in 'n later stadium.



Figuur 47. Kolligte wat in die machinevertrek geïnstalleer is.



Figuur 48. Kragversieningskas in die machinevertrek

11.4.6 Vooraansig

Die materiaal waaruit die vooraansig gebou is, is steeds die oorspronklike sand- en baksteen. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is wit geverf, maar die lae is verwyder tot die oorspronklike wit kalk blootgelê is. Die naam, *machine*, is in swart letterwerk geverf.

Hoewel sommige lae grys letterwerk getoon het, was die oorspronklike wel swart geverf. Een van die vertreke by Fort Wonderboompoort, die proviandvertrek, het hierdie inligting bevestig.

‘n Elektriese lig kom reg bo die ingang voor. Dit is nie oorspronklik nie, maar is deur die SA Weermag toegevoeg. Net regs van die ingang (tussen die machine- en telegraafvertrek) word nog ‘n oorspronklike staalpyl, waarbinne die elektriese bedrading geleë is, aangetref.

Restourasiespesifikasies

Die sandsteen en baksteen vooraansig van die vertrek is skoongemaak d.m.v. ‘n proses van sandsputting. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is skoongemaak tot op die oorspronklike gepleisterde vlak. Daarna is dit wit gekalk en is dieselfde grootte letterwerk weer in swart verf toegevoeg.

Die elektriese lig is ligbruin, nl. die Chocolate chip kleur (C13/7 - Plascon) geverf, aangesien dit

'n latere toevoeging is. Daar is egter besluit om dit te behou, omdat dit lig tydens aandfunksies sou kon voorsien. Hoewel dit nie meer funksioneel is nie, is die elektriese pyp behou en in die Pine view kleur (D19/7 - Plascon) geverf (figuur 49).



Figuur 49. Vooraansig van die hospitaal, telegraaf en machine, na restourasie.

11.4.7 Uitstalling

Hoewel daar aanvaar word dat dit die oorspronklike kragopwekker van die fort is, is onbevestigde berigte ontvang dat dit moontlik nie die geval is nie. Indien dit nie die geval is nie, sal die kragopwekker wel behou word, aangesien dit waarskynlik min of meer uit dieselfde tydperk as die fort dateer.

Die kragopwekker staan blykbaar wel op die regte posisie, maar dit is duidelik uit die oorblyfsels van boue in die sementblok waarop dit staan, dat dit in 'n stadium verwyder is en later terugbesorg is. Krag is opgewek m.b.v. 'n paraffienenjinn (Van Vollenhoven 1995: 60). Merke in die vloer wes van die kragopwekker, dui daarop dat die paraffienenjinn daar moes gestaan het. Merke teen die agterste muur van die vertrek, dui waarskynlik die posisie van die tenks, waarin paraffien geberg is, aan. By Fort Wonderboompoort is staalarms in die agterste muur van die machinevertrek aangetref. Soortgelyke staalarms is hoogs waarskynlik ook by Fort Klapperkop teen die muur aangebring om die paraffientenks te berg.

Die kleure op die kragopwekker word behou, hoewel dit later verander kan word indien die oorspronklike kleure vasgestel kan word (figuur 50). Dit is tans moontlik ook verkeerd en sal reg gedraai word indien bevestiging hiervoor verkry kan word. 'n Model van die kragstelsel sal gebou word, om aan besoekers te toon hoe krag oorspronklik in die fort opgewek is.

Losstaande inligtingspanele in die vertrek sal op die rol van die forte, verdediging en tegniese aspekte van die forte en onderwys en opleiding van die garnisoen van die forte fokus. Omdat daar nie veel voorwerpe in hierdie verband bestaan nie, sal die vertrek verder vir wisseluitstallings gebruik word.



Figuur 50. Kragopwekker in machine.

11.5 *Keuken*

Die keuken (kombuis) is die vierde vertrek oos van die oprit, d.w.s. tussen die machine- en die manschappenvertrek. Dit het as die kombuis diens gedoen, maar voedsel is waarskynlik ook in die binnehof van die fort voorberei. Die binnekant van die vertrek is tydens die eerste fase van restourasie, gedurende 1999 gerestoureer, terwyl die vooraansig daarvan tydens die derde fase, gedurende 2001 gerestoureer is.

11.5.1 Vloer

Die vloer bestaan uit sementblokke van wisselende grootte (gemiddeld 1,060 x 1,035 meter). Dit het 'n fyn patroon wat waarskynlik deur die afdruk van 'n goiingsak op die nat sement veroorsaak is. Hierdie patroon is oorspronklik, aangesien die vloer by Fort Wonderboompoort dieselfde patroon het.

Die oorspronklike kleur van die vloer was rooi. Die kleur is nog plek-plek in Fort Klapperkop (figuur 51) en by Fort Wonderboompoort sigbaar. Die rooi spatlys onder aan die mure van die vertrek dui daarop dat die vloer rooi gepoleer was. Tydens die tydperk toe die fort 'n militêre museum was, is materiaalteëls op die vloer geplak. Kaste is ook ingebou en dit het groot dele van die vloer beskadig.



Figuur 51. Die vloer in een van die vertrekke van die fort

Restourasiespesifikasies

Die teëls en gom daaronder is verwyder en die vloer is, waar nodig met sement herstel. Herstelwerk in die vloer is nie van die patroon voorsien nie, sodat dit van die oorspronklike onderskei kan word.


Die vloer is met rooi stoep- en messelverf geverf ten einde die oorspronklike kleur daarvan terug te kry. Dit word ook wanneer nodig met 'n kleurlose vloerpolitoer gepoleer.

11.5.2 Mure

Tydens die restourasie, wat in 1966 deur die SA Weermag gedoen is, is daar oor die oorspronklike pleisterwerk gepleister. Hiervan is eers bewus geraak toe 'n gedeelte van die pleisterwerk verwyder is, ten einde agter te kom wat daar agter was. Die oorspronklike pleisterwerk was nog orals teen die mure aanwesig. Die oorspronklike roomkleurige kalk, waarmee die mure afgekalk was, was ook nog plek-plek sigbaar. Die pleisterwerk, wat deur die SA Weermag aangebring is, was wit en grys geverf.



Figuur 52. opening tussen die Machine en Keuken vertrekke by Fort Klapperkop.



Figuur 53. Let op die verskil tussen die openinge tussen die vertrekke

'n Opening tussen die twee vertrekke, dieselfde grootte as die van 'n deur, verbind die keuken met die manschappen- en met die machinevertrek. Die deurgange is reghoekig (figuur 52) en verskil van die by Fort Wonderboompoort (figuur 53). Reg rondom die vertrek (uitgesluit die voorste muur) is gate op drie verskillende hoogtes gevind, wat dui op die posisie van rakke of hake (om goed aan op te hang) in die kombuis. Die hoogtes is 1,04 meter, 1,58 meter en 2,10 meter.

Die besonderhede t.o.v. die gate is soos volg:

- Oosmuur:

Die gate begin by die opening tussen die keuken en manschappenvertrek. Die deursnit van die gate in die boonste ry is 2cm en dié in die ander twee rye 1cm in deursnit. Die gate kom op die volgende afstande voor (gemeet vanaf die opening): 14cm, 54cm, 83cm, 122,5cm, 175,5cm, 197,5cm, 278,5cm, 294,5cm en 367,5cm.

- Wesmuur:

Die gate begin by die opening tussen die keuken en machinevertrek. Die deursnit van die gate in die boonste ry is 2cm en dié in die ander twee rye 1cm in deursnit. Die gate kom op die volgende afstande voor (gemeet vanaf die agterste muur): 23cm, 89,5cm, 189,5cm, 257,5cm en 335,5cm.

- Agterste muur:

Die gate loop regdeur. Die deursnit van die gate in die boonste ry is 2cm en dié in die ander twee rye 1cm in deursnit. Die gate kom op die volgende afstande voor (gemeet van links na regs): 24cm, 65cm, 95cm, 135cm, 189cm, 212cm, 293cm, 310cm, 384cm, 400cm, 480cm, 501cm, 553,5cm en 594,5cm

Ongeveer in die middel van die agterste muur is 'n vierkantige opening, op 'n hoogte van 2,295 meter van die vloer af, gevind.(figuur 54) Die gat is uitgepleister en 'n swart stof is teen die kante daarvan aangetref. Dit wil ook voorkom asof dit moontlik oorspronklik met een van die skoorstene bo-op die dak van die fort verbind was. Dit het die idee laat ontstaan dat die vertrek eerder die kombuis as die telegraafkamer was en dat die opening bedoel was vir die pyp van 'n koolstoof. 'n Monster van die swart stof is geneem en dit is d.m.v. 'n elektronmikroskoop geanaliseer. Die voorkoms van koolstof daarin het bevestig dat dit roet was en dien as genoegsame bewys dat die vertrek oorspronklik die kombuis was. Gevolglik is die name van die vertrekke keuken en telegraaf omgeruil.



Figuur 54. Opening wat in die agterste muur van die vertrek gevind is en wat na verdere navorsing geblyk het die uitlaat vir die stoof se skoorsteen te wees.

Restourasiespesifikasies

Alle latere verflae en die latere pleister is verwyder, totdat die oorspronklike pleister blootgelê is. Omdat die pleister tot 'n groot mate beskadig is, is dit afgekap en vervang. Die nuwe pleister is 'n vermenging van riviersand, kalk en sement, volgens die voorskrifte van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Die mengsel bevat meer kalk as die hedendaagse pleistermengsels en is onder punt 11.1.2 uiteengesit.

Die mure word roomkleurig gekalk soos wat dit oorspronklik was. Die kleur word beskryf as Cream Puff, kode 6-21M (Plascon) en is verkry deur Nu Lyme kalk met geel oksied te meng. Sodoende word die oorspronklike kleur, ook genoem Morella, nageboots. Dit is nie net histories korrek nie, maar ook tot voordeel van die gebou wat 'n ernstige vogprobleem het. Op hierdie wyse kan dit steeds asem haal en word agteruitgang, wat deur die gebruik van verf bevorder is, teëgewerk.

Die onderste 15cm van die mure het 'n duidelike rooikleurige spatlys aangetoon. Gevolglik is 'n 15cm breë spatlys ook tydens die restourasie met rooi stoep- en messelverf aangebring. Dit stem ook ooreen met die vertrekke by Fort Wonderboompoort, hoewel die mure van laasgenoemde se kombuis 'n wit kleur het.

11.5.3 Plafon

Die oorspronklike plafon was duidelik sigbaar. Dit bestaan uit gegolfde sinkplate, wat tussen die staalbalke ingevoeg is. Die pleister op die mure strek nie tot teenaan die sink nie, wat daarop dui dat die gedeelte vanaf die staalbalke tot teenaan die sink met die een of ander materiaal ingevul is.

Slegs 'n klein plafongedeelte was nog by Fort Wonderboompoort sigbaar. Dit is in die Offisierevertrek en bestaan uit sement wat wit gekalk is. Die plafonne by Fort Schanskop is ook van sement.

Restourasiespesifikasies

Die plafongedeelte is met sement ingevul vanaf die sinkplaat tot gelyk met die onderkant van die staalbalke. Ten einde die sement te versterk is daar eers plaatgaas (expanded metal) ingevoeg, sodat die sement daaraan kon kleef. Hierdie word as 'n noodsaaklike toevoeging beskou ten einde die materiaal se lewensduur te verleng, maar omdat dit toegepleister is, is dit nie sigbaar nie. Die sement is met wit kalk afgewerk.

11.5.4. Staalwerk

Die staalbalke, pilare, ventilasie- en vensterluike, deure en diefwering in al die vertrekke van die fort is ondersoek in 'n poging om die oorspronklike kleure daarvan vas te stel. In die meeste gevalle was daar slegs een laag verf hierop, naamlik 'n donkerbruin, wat sedert die Stadsraad van Pretoria die fort oorgeneem het, daarop aangebring is.

Historiese foto's dui daarop dat die huidige deur van die vertrek nie die oorspronklike is nie. Dit is waarskynlik deur die SA Weermag tydens restourasie in 1966 aangebring, omdat die oorspronklike materiaal verwyder was. Die huidige deur verskil effe van die oorspronklike t.o.v. lasplekke en die posisie van klinknaels daarop.

Op enkele pilare in die fort is verskeie verflae gevind. Dit blyk dat die onderste laag 'n deursigtige rooi roesweerder is, waarna 'n liggroen, D19/7 Pine view (Plascon) aangebring is. Hierna het verskeie wit en grys lae (waarskynlik uit die Tweede Wêreldoorlog) gevolg. Bo-op dit is 'n ligbruin laag, C13/7 Chocolate chip (Plascon), gevind. Die boonste laag was die donkerbruin, wat deur die Stadsraad aangebring is. Die keuken het een staalpilaar en twee ventilasieluike, een in die agterste hoek teen die linkermuur en een in die middel teen die voorste muur.(figuur 55)



Figuur 55. Ventilasiëgate in die keukenvertrek. Die luik was verwyder maar is tydens restourasie vervang.

Restourasiespesifikasies

Die diefwering en alle ander staalwerk wat uit 'n latere fase as die Anglo-Boereoorlog dateer, word in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, geverf. In hierdie geval is slegs die diefwering ligbruin geverf.

Oorspronklike staalwerk en die deure en vensterluuke word in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit die oorspronklike kleur was. 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebly alvorens die staalwerk geverf is.

11.5.5 Toevoegings

Omdat daar geen historiese gegewens bestaan oor hoe die elektriese ligte in die fort daar uitgesien het nie, is daar hedendaagse ligte aangebly, sodat besoekers duidelik kan sien dat dit nie oorspronklik is nie. Dit is wit kolligte, wat ook die uitstallings behoorlik sal belig. Die ligte is teen die drabalk aangebly en die pype en skakelaars is aan die agterkant van die pilare en drabalk versteek en ook in die Pine view kleur (D19/7 - Plascon) geverf.

'n Nuwe rak is op 'n hoogte van 1,58 meter (die middelste ry gate se hoogte), teen die linker en agterste muur, geïnstalleer. Dit is van dennehout vervaardig, wat waarskynlik nie outentiek is nie,

maar is bruin geverf om die regte indruk te skep. Indien nodig, kan die ander rakke of hake ook later toegevoeg word, maar dit is tans onnodig geag omdat daar 'n beperkte hoeveelheid voorwerpe is om uit te stal.

11.5.6 Vooraansig

Die materiaal waaruit die vooraansig gebou is, is steeds die oorspronklike sand- en baksteen. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is wit geverf, maar die lae is verwyder tot die oorspronklike wit kalk blootgelê is. Die naam, *telegraaf*, is in swart letterwerk geverf. Navorsing het egter onteenseglik getoon dat hierdie vertrek die kombuis was. Gevolglik is die twee vertrekke se benaminge omgeruil.

Hoewel sommige lae grys letterwerk getoon het, was die oorspronklike wel swart geverf. Een van die vertrekke by Fort Wonderboompoort, die proviandvertrek, het hierdie inligting bevestig. Hierdie onderste lae se letterwerk was egter nie duidelik genoem om te bepaal presies watter vertrek dit was nie.

'n Elektriese lig kom reg bo die ingang voor. Dit is nie oorspronklik nie, maar is deur die SA Weermag toegevoeg.

Restourasiespesifikasies

Die sandsteen en baksteen vooraansig van die vertrek is skoongemaak d.m.v. 'n proses van sandspuiting. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is skoongemaak tot op die oorspronklike gepleisterde vlak. Daarna is dit wit gekalk en is dieselfde grootte letterwerk weer in swart verf toegevoeg, behalwe dat die naam na *keuken*, verander is.

Die elektriese lig is ligbruin, nl. die Chocolate chip kleur (C13/7 - Plascon) geverf, aangesien dit 'n latere toevoeging is. Daar is egter besluit om dit te behou, omdat dit lig tydens aandfunksies sou kon voorsien.

11.5.7 Uitstalling

Die uitstalling in die keuken fokus op voedselvoorsiening aan die fort en algemene inligting i.v.m. eetgewoontes tydens die Anglo-Boereoorlog, omdat die beleid behels dat die vertrekke hulle oorspronklike funksie terugkry. Hierdie en verwante aspekte sal op losstaande inligtingspanele aangebring word. Geen inligting is verkry om 'n idee te gee van hoe die binnekant van die vertrek daar uitgesien het nie, maar daar bestaan genoegsame inligting oor die tipe meubels en gebruiksartikels van die tyd om die vertrek daarvolgens in te rig.

Hierdie voorwerpe sal d.m.v. skenkings, aankope en bruikleen verkry word. Waar nodig sal nuwe meubels, wat soos die outentieke lyk, gemaak word en in die vertrek geplaas word. Dieselfde geld die aankoop van gebruiksartikels wat soos outentieke voorbeelde lyk. Inligting afkomstig

van tydgenootlike terreine waar argeologiese opgrawings gedoen is (bv. Fort Schanskop en Steinaecker's Horse se noordelike buitepos), sal ook vir die inrigting hiervan benut word. (figuur 56).



Figuur 56. Uitstalling in die keukenvertrek.

11.6 *Manschappen*

Die manschappenvertrek is die vyfde vertrek oos van die oprit, d.w.s. tussen die keuken en die proviandvertrek. Hierdie vertrek het hoofsaaklik as die slaapvertrek van die garnisoen van die fort gedien, maar het ook ander funksies soos eetvertrek en skool vervul. Die binnekant van die vertrek sowel as die vooraansig daarvan is tydens die derde fase van restaurasie, gedurende 2001, gerestoureer.

11.6.1 Vloer

Die vloer bestaan uit sementblokke van verskillende groottes (sowat 1,010 x 0,985 meter). Dit het 'n fyn patroon wat waarskynlik deur die afdruk van 'n goiingsak op die nat sement veroorsaak is. Hierdie patroon is oorspronklik, aangesien die vloer by Fort Wonderboompoort dieselfde patroon het.

Die oorspronklike kleur van die vloer was rooi. Die kleur is nog plek-plek in Fort Klapperkop en by Fort Wonderboompoort sigbaar. Die rooi spatlys onder aan die mure van die vertrek dui daarop dat die vloer rooi gepoleer was. Tydens die tydperk toe die fort 'n militêre museum was, is materiaalsteëls op die vloer geplak.

Restourasiespesifikasies

Die vloerteëls en gom daaronder, wat uit 'n onlangse tydperk dateer, is verwyder en die vloer is, waar nodig met sement herstel. Herstelwerk in die vloer is nie van die patroon voorsien nie, sodat dit van die oorspronklike onderskei kan word.

Die vloer is met rooi stoep- en messelverf gevef ten einde die oorspronklike kleur daarvan terug te kry. Dit word ook wanneer nodig met 'n kleurlose vloerpolitoer gepoleer.

11.6.2 Mure

Tydens die restourasie, wat in 1966 deur die SA Weermag gedoen is, is daar oor die oorspronklike pleisterwerk gepleister. Hiervan is eers bewus geraak toe 'n gedeelte van die pleisterwerk verwyder is, ten einde agter te kom wat daar agter was. Die oorspronklike pleisterwerk was nog orals teen die mure aanwesig. Die oorspronklike roomkleurige kalk, waarmee die die mure afgekalk was, was ook nog plek-plek sigbaar. Die pleisterwerk, wat deur die SA Weermag aangebring is, was grys en wit gevef.

'n Opening tussen die twee vertrekke, dieselfde grootte as die van 'n deur, verbind die manschappenvertrek met die keuken. Daar is geen verbinding tussen die manschappen- en die proviandvertrek nie.

In drie van die mure (oos, wes en agter) is merke gevind wat daarop dui dat daar rakke teen die mure opgerig was of hake aangebring is om klere of ander artikels aan op te hang. Dit maak sin aangesien die soldate sekerlik rakke of hangplek nodig gehad het om hulle klere en ander besittings op te plaas. Daar is ses rye gate gevind en wel op die volgende hoogtes van die vloer af: tussen 1,00 - 1,40 meter, tussen 1,46 - 1,50 meter, tussen 1,65 - 1,70 meter, 1,98 meter, 2,20 meter en 2,55 meter. In die noordelike muur is gate op dieselfde hoogtes gevind tussen die hoeke en die eerste venster van weerskante af. Tussen die vensters was daar net drie rye gate, nl. op 1,70 meter, 1,98 meter en 2,20 meter. Die gate word deur ander verskynsels in die mure, bv. deure, die luggate en vensters onderbreek. (figuur57)



Figuur 57. Die manschappenvertrek tydens restourasie.

Restourasiespesifikasies

Alle latere verflae en die latere pleister is verwyder, totdat die oorspronklike pleister blootgelê is. Omdat die pleister tot 'n groot mate beskadig is, is dit afgekap en vervang. Die nuwe pleister is 'n vermenging van riviersand, kalk en sement, volgens die voorskrifte van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Die mengsel bevat meer kalk as die hedendaagse pleistermengsels en is volledig beskryf onder punt 11.1.2.

Die mure word roomkleurig gekalk soos wat dit oorspronklik was. Die kleur word beskryf as Cream Puff, kode 6-21M (Plascon) en is verkry deur Nu Lyme kalk met geel oksied te meng. Sodoende word die oorspronklike kleur, ook genoem Morella, nageboots. Dit is nie net histories korrek nie, maar ook tot voordeel van die gebou wat 'n ernstige vogprobleem het. Op hierdie wyse kan dit steeds asem haal en word agteruitgang, wat deur die gebruik van verf bevorder is, teëgewerk.

Die onderste 15cm van die mure het 'n duidelike rooikleurige spatlys aangetoon. Gevolglik is 'n 15cm breë spatlys ook tydens die restourasie met rooi stoep- en messelverf aangebring. Dit stem ook ooreen met die vertrekke by Fort Wonderboompoort.

Die opening tussen die manschappen en keukenvertrek is met 'n vals muur toegemaak (figuur 58) sodat die res van die museum nie betree kan word tydens funksies indien die vertrek uitverhuur is nie. Dit is ook in die ligbruin Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, geverf omdat dit 'n toevoeging is.

Rakke is nie geïnstalleer nie, aangesien die vertrek nie hoofsaaklik 'n uitstillingsfunksie sal vervul nie. Dit kan egter wel later toegevoeg word en sal moet ooreenstem met dié in die kombuis.



Figuur 58. Vals muur waarmee die opening tussen die manschappen en keukenvertrek toegemaak is.



Figuur 59. Die gerestoureerde manskappens vertrek.

11.6.3 Plafon

Die oorspronklike plafon was duidelik sigbaar. Dit bestaan uit gegolfde sinkplate, wat tussen die staalbalke ingevoeg is. Die pleister op die mure strek nie tot teenaan die sink nie, wat daarop dui dat die gedeelte vanaf die staalbalke tot teenaan die sink met die een of ander materiaal ingevul is.

Slegs 'n klein plafongedeelte was nog by Fort Wonderboompoort sigbaar. Dit is in die Offisierevertrek en bestaan uit sement wat wit gekalk is. Die plafonne by Fort Schanskop is ook van sement.

Restourasiespesifikasies

Die plafongedeelte is met sement ingevul vanaf die sinkplaat tot gelyk met die onderkant van die staalbalke. Ten einde die sement te versterk is daar eers plaatgaas (expanded metal) ingevoeg, sodat die sement daaraan kon kleef. Hierdie word as 'n noodsaaklike toevoeging beskou ten einde die materiaal se lewensduur te verleng, maar omdat dit toegepleister is, is dit nie sigbaar nie. Die sement is met wit kalk afgewerk.(figuur 59)

11.6.4. Staalwerk

Die staalbalke, pilare, ventilasie- en vensterluike, deure en diefwering in al die vertreke van die fort is ondersoek in 'n poging om die oorspronklike kleure daarvan daarvan vas te stel. In die

meeste gevalle was daar slegs een laag verf hierop, naamlik 'n donkerbruin, wat sedert die Stadsraad van Pretoria die fort oorgeneem het, daarop aangebring is.


Historiese foto's dui daarop dat die huidige deur van die vertrek nie die oorspronklike is nie. Dit is waarskynlik deur die SA Weermag tydens restourasie in 1966 aangebring, omdat die oorspronklike materiaal verwyder was. Die huidige deur verskil effe van die oorspronklike t.o.v. lasplekke en die posisie van klinknaels daarop.

Op enkele pilare in die fort is verskeie verflae gevind. Dit blyk dat die onderste laag 'n deursigtige rooi roesweerder is, waarna 'n liggroen, D19/7 Pine view (Plascon) aangebring is. Hierna het verskeie wit en grys lae (waarskynlik uit die Tweede Wêreldoorlog) gevolg. Bo-op dit is 'n ligbruin laag, C13/7 Chocolate chip (Plascon), gevind. Die boonste laag was die donkerbruin, wat deur die Stadsraad aangebring is. Die manschappenvertrek het drie staalpilare en twee ventilasieluike in die agterste hoeke van die vertrek, teen die symure.

Restourasiespesifikasies

Die diefwering en alle ander staalwerk wat uit 'n latere fase as die Anglo-Boereoorlog dateer, word in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, geverf. In hierdie geval is die diefwering en 'n metaalafskorting vir elektriese drade ligbruin geverf.(figuur 60).

Oorspronklike staalwerk, die boue in die agterste muur en die deure en vensterluike word in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit die oorspronklike kleur was. 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebring alvorens die staalwerk geverf is.



Figuur 60. Diefwering in die manschappen vertrek na restourasie.

11.6.5 Toevoegings

Omdat daar geen historiese gegewens bestaan oor hoe die elektriese ligte in die fort daar uitgesien het nie, is daar hedendaagse ligte aangebring, sodat besoekers duidelik kan sien dat dit nie oorspronklik is nie. Dit is wit fluoresentligte, aangesien die vertrek nie werklik hoofsaaklik vir uitstaldoeleindes gebruik sal word nie, maar as lesinglokaal. Die ligte is teen sommige van die staalbalke aangebring en die drade is in die plafon versteek. Die pype en skakelaars is aan die agterkant van die pilare en drabalk versteek en ook in die Pine view kleur (D19/7 - Plascon) geverf. Omdat die vertrek die grootste in die fort is, het dit meer beligting as die ander vertreke benodig, wat veel meer drade tot gevolg gehad het. Om dit netjies te hou is sommige hiervan in 'n metaalafskorting versteek. Hierdie afskorting, wat agter die drabalk versteek is, is in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, geverf, omdat dit 'n toevoeging is.

11.6.6 Voorraansig

Die materiaal waaruit die voorraansig gebou is, is steeds die oorspronklike sand- en baksteen. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is wit geverf, maar die lae is verwyder tot die oorspronklike wit kalk blootgelê is. Die naam, *manschappen*, is in swart letterwerk geverf.

Hoewel sommige lae grys letterwerk getoon het, was die oorspronklike wel swart geverf. Een van die vertrekke by Fort Wonderboompoort, die proviandvertrek, het hierdie inligting bevestig.

‘n Elektriese lig kom reg bo die ingang voor. Dit is nie oorspronklik nie, maar is deur die SA Weermag toegevoeg.(figuur 61)



Figuur 61. Die vooraansig van die Manschappenvertrek en die Keuken(Telegraaf) tydens restourasie.

Restourasiespesifikasies

Die sandsteen en baksteen vooraansig van die vertrek is skoongemaak d.m.v. ‘n proses van sandspuiting. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is skoongemaak tot op die oorspronklike gepleisterde vlak. Daarna is dit wit gekalk en is dieselfde grootte letterwerk weer in swart verf toegevoeg. (figuur 62)

Die elektriese lig is ligbruin, nl. die Chocolate chip kleur (C13/7 - Plascon) geverf, aangesien dit ‘n latere toevoeging is. Daar is egter besluit om dit te behou, omdat dit lig tydens aandfunksies sou kon voorsien.

11.6.7 Uitstalling

Losstaande inligtingspanele in die vertrek sal handel oor die geskiedenis van die forte van Pretoria, sowel as onderwys en opleiding in die forte. Eersgenoemde aspek gee die agtergrond van die bou van die forte en dien as algemene inleiding tot die museum. Laasgenoemde aspek hou met hierdie vertrek verband, aangesien dit ook soms as skool vir die soldate gedien het.


Omdat die vertrek primêr as lesingsaal sal diens doen, sal daar nie 'n uitstalling ingerig word nie. Dit kan egter wel per geleentheid vir wisseluitstallings gebruik word, terwyl die panele soms na ander vertrekke verskuif kan word.



Figuur 62. Die gerestoureerde vooraansig van die Proviant-,Manschappen- en Keukenvertrek

11.7 *Proviand.*

Die proviandvertrek is die sesde vertrek oos van die oprit, d.w.s. tussen die manschappen en die officierenvertrek.(figuur 63) Hierdie vertrek het as stoorruimte, waarskynlik hoofsaaklik vir voedsel gedien. Die binnekant van die vertrek is tydens die tweede fase van restourasie gedurende 2000 gedoen, terwyl die vooraansig daarvan tydens die derde fase van restourasie, gedurende 2001, gedoen is.



Figuur 63. Vooraansig van die Proviand en Officierevertrek en die Stal na restourasie.

11.7.1 Vloer

Die vloer bestaan uit sementblokke van verskillende groottes (sowat 1,070 x 1,065 meter). Dit het 'n fyn patroon wat waarskynlik deur die afdruk van 'n goïingsak op die nat sement veroorsaak is. Hierdie patroon is oorspronklik, aangesien die vloer by Fort Wonderboompoort dieselfde patroon het.

In die agterste gedeelte van die vertrek, tussen twee van die pilare, is die vloer vantevore herstel. Dit het waarskynlik tydens die restourasie van die SA Weermag in 1966 plaasgevind. Daar is vermoedelik in hierdie tyd 'n gat in die vloer gemaak om ammunisie uit die waterreservoir, wat onder die proviandvertrek geleë is, te haal. Dit is bekend dat ammunisie gedurende hierdie tyd in die reservoir ontdek is.

Die oorspronklike kleur van die vloer was rooi. Die kleur is nog plek-plek in Fort Klapperkop en by Fort Wonderboompoort sigbaar. Die rooi spatlys onder aan die mure van die vertrek dui daarop dat die vloer rooi gepoleer was. Tydens die tydperk toe die fort 'n militêre museum was, is materiaalsteëls op die vloer geplak.

Restourasiespesifikasies

Die vloerteëls en gom daaronder, wat uit 'n onlangse tydperk dateer, is verwyder en die vloer is, waar nodig met sement herstel. Herstelwerk in die vloer is nie van die patroon voorsien nie, sodat dit van die oorspronklike onderskei kan word.

Die vloer is met rooi stoep- en messelverf gevef ten einde die oorspronklike kleur daarvan terug te kry. Dit word ook wanneer nodig met 'n kleurlose vloerpolitoer gepoleer.

11.7.2 Mure

Tydens die restourasie, wat in 1966 deur die SA Weermag gedoen is, is daar oor die oorspronklike pleisterwerk gepleister. Hiervan is eers bewus geraak toe 'n gedeelte van die pleisterwerk verwyder is, ten einde agter te kom wat daar agter was. Die oorspronklike pleisterwerk was nog orals teen die mure aanwesig. Die oorspronklike roomkleurige kalk, waarmee die mure afgekalk was, was ook nog plek-plek sigbaar. Die pleisterwerk, wat deur die SA Weermag aangebring is, was grys en wit gevef.

Die vertrek is aan geen ander vertrek verbind nie. Dit maak sin aangesien die soldate sekerlik nie toegelaat sou wees om sonder die toepas van beheer, voorraad uit die stoor te verwyder nie. Dit is interessant dat daar geen merke in die mure gevind is, wat daarop dui dat daar rakke teen die mure ingebou is nie. Dit beteken dat daar waarskynlik van losstaande rakke gebruik gemaak is om goedere op te berg. (figuur 64 – 66)



Figuur 64. Een van die mure in die Proviandvertrek tydens restourasie.



Figuur 65. Hierdie kaste, wat deur die SA-Weermag geïnstalleer is, is verwyder aangesien dit die mure verhinder het om asem te haal.



Figuur 66. Muur van die Proviand vertrek tydens restourasie

Restourasiespesifikasies

Alle latere verflae en die latere pleister is verwyder, totdat die oorspronklike pleister blootgelê is. Omdat die pleister tot 'n groot mate beskadig is, is dit afgekap en vervang. Die nuwe pleister is 'n vermenging van riviersand, kalk en sement, volgens die voorskrifte van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Die mengsel bevat meer kalk as die hedendaagse pleistermengsels en word onder punt 11.1.2 beskryf.

Die mure word roomkleurig gekalk soos wat dit oorspronklik was. Die proviandvertrek by Fort Wonderboompoort was ook roomkleurig gekalk. Die kleur word beskryf as Cream Puff, kode 6-

21M (Plascon) en is verkry deur Nu Lyme kalk met geel oksied te meng. Sodoende word die oorspronklike kleur, ook genoem Morella, nageboots. Dit is nie net histories korrek nie, maar ook tot voordeel van die gebou wat 'n ernstige vogprobleem het. Op hierdie wyse kan dit steeds asem haal en word agteruitgang, wat deur die gebruik van verf bevorder is, teëgewerk.

Die onderste 15cm van die mure het 'n duidelike rooikleurige spatlys aangetoon. Gevolglik is 'n 15cm breë spatlys ook tydens die restourasie met rooi stoep- en messelverf aangebring. Dit stem ook ooreen met die vertrekke by Fort Wonderboompoort.(figuur 67)



Figuur 67. Een van die mure by Fort Wonderboompoort.

11.7.3 Plafon

Die oorspronklike plafon was duidelik sigbaar. Dit bestaan uit gegolfde sinkplate, wat tussen die staalbalke ingevoeg is. Die pleister op die mure strek nie tot teenaan die sink nie, wat daarop dui dat die gedeelte vanaf die staalbalke tot teenaan die sink met die een of ander materiaal ingevul is.

Slegs 'n klein plafongedeelte was nog by Fort Wonderboompoort sigbaar. Dit is in die Officiërenvertrek en bestaan uit sement wat wit gekalk is. Die plafonne by Fort Schanskop is ook van sement.

Restourasiespesifikasies

Die plafongedeelte is met sement ingevul vanaf die sinkplaat tot gelyk met die onderkant van die staalbalke. Ten einde die sement te versterk is daar eers plaatgaas (expanded metal) ingevoeg, sodat die sement daaraan kon kleef. Hierdie word as 'n noodsaaklike toevoeging beskou ten einde die materiaal se lewensduur te verleng, maar dit is toegepleister en is dus nie sigbaar nie. Die sement is met wit kalk afgewerk.

11.7.4. Staalwerk

Die staalbalke, pilare, ventilasie- en vensterluike, deure en diefwering in al die vertrekke van die fort is ondersoek in 'n poging om die oorspronklike kleure daarvan vas te stel. In die meeste gevalle was daar slegs een laag verf hierop, naamlik 'n donkerbruin, wat sedert die Stadsraad van Pretoria die fort oorgeneem het, daarop aangebring is.

Historiese foto's dui daarop dat die huidige deur van die vertrek nie die oorspronklike is nie. Dit is waarskynlik deur die SA Weermag tydens restourasie in 1966 aangebring, omdat die oorspronklike materiaal verwyder was. Die huidige deur verskil effe van die oorspronklike t.o.v. lasplekke en die posisie van klinknaels daarop.

Op enkele pilare in die fort is verskeie verflae gevind. Dit blyk dat die onderste laag 'n deursigtige rooi roesweerder is, waarna 'n liggroen, D19/7 Pine view (Plascon) aangebring is. Hierna het verskeie wit en gryslae (waarskynlik uit die Tweede Wêreldoorlog) gevolg. Bo-op dit is 'n ligbruin laag, C13/7 Chocolate chip (Plascon), gevind. Die boonste laag was die donkerbruin, wat deur die Stadsraad aangebring is. Die proviandvertrek het drie staalpilare en een ventilasielou teen die agterste muur, in die hoek met die westelike muur.

Restourasiespesifikasies

Die diefwering en alle ander staalwerk wat uit 'n latere fase as die Anglo-Boereoorlog dateer, word in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, gevef. In hierdie geval is slegs die diefwering ligbruin gevef.

Oorspronklike staalwerk en die deure en vensterluike word in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur gevef, aangesien dit die oorspronklike kleur was. 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebring alvorens die staalwerk gevef is.

11.7.5 Toevoegings

Omdat daar geen historiese gegewens bestaan oor hoe die elektriese ligte in die fort daar uitgesien het nie, is daar hedendaagse ligte aangebring, sodat besoekers duidelik kan sien dat dit nie oorspronklik is nie. Dit is wit kolligte, aangesien die vertrek hoofsaaklik vir uitstaldoeleindes

gebruik sal word. Die ligte is teen die drabalk aangebring en die drade is in die plafon versteek. Die pype en skakelaars is aan die agterkant van die pilare en drabalk versteek en ook in die Pine view kleur (D19/7 - Plascon) geverf.

11.7.6 Vooraansig

Die materiaal waaruit die vooraansig gebou is, is steeds die oorspronklike sand- en baksteen. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is wit geverf, maar die lae is verwyder tot die oorspronklike wit kalk blootgelê is. Die naam, *proviand*, is in swart letterwerk geverf.

Hoewel sommige lae grys letterwerk getoon het, was die oorspronklike wel swart geverf. Een van die vertrekke by Fort Wonderboompoort, ook die proviandvertrek, het hierdie inligting bevestig.

‘n Elektriese lig kom reg bo die ingang voor. Dit is nie oorspronklik nie, maar is deur die SA Weermag toegevoeg.

Restourasiespesifikasies

Die sandsteen en baksteen vooraansig van die vertrek is skoongemaak d.m.v. ‘n proses van sandsputting. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is skoongemaak tot op die oorspronklike gepleisterde vlak. Daarna is dit wit gekalk en is dieselfde grootte letterwerk weer in swart verf toegevoeg.

Die elektriese lig is ligbruin, nl. die Chocolate chip kleur (C13/7 - Plascon) geverf, aangesien dit ‘n latere toevoeging is. Daar is egter besluit om dit te behou, omdat dit lig tydens aandfunksies sou kon voorsien.

11.7.7 Uitstalling

Omdat ‘n uitstalling, wat niks meer as ‘n stoorruimte uitbeeld nie, nie veel aan die verbeelding oorlaat nie en omdat dit taamlik met die kombuis kan ooreenstem, is daar besluit om die vertrek vir wisseluitstallings te gebruik. Op hierdie wyse sal besoekers ook aangemoedig word om die museum herhaaldelik te besoek.

Hoewel voorkeur aan aspekte wat met die Anglo-Boereoorlog verband hou gegee sal word, is dit ook moontlik om ander historiese onderwerpe uit te beeld. Tans word daar krygsgevangenekuns van die Boere, memorabilia uit die Oorlog, skilderye van persone en gebeure tydens die Oorlog en uniforms uitgestal. Losstaande inligtingspanele sal saam met wisseluitstallings gebruik word. (figuur 68)



Figuur 68. Uniform uitstalling. Hierdie is in machine maar dit is later na proviand verskuif

11.8 *Officiere*

Die officierenvertrek is die sewende vertrek oos van die oprit, d.w.s. tussen die proviandvertrek en die stal. Hierdie vertrek het as kantoor vir die bevelvoerder van die fort gedien. Hoewel daar geen bewyse daarvoor bestaan nie, was dit waarskynlik ook terselfdertyd as sy slaapvertrek gebruik, aangesien daar geen ander vertrek vir hierdie doel in die fort is nie en 'n offisier hoogs onwaarskynlik met die manskappe sou gemeng het. Die moontlikheid is natuurlik nie uitgesluit dat dit slegs 'n kantoor was nie en dat hy in Pretoria (moontlik in die artilleriekamp) verblyf gehad het.

Die binnekant van die vertrek is tydens die tweede fase van restourasie gedurende 2000 gedoen, terwyl die vooraansig daarvan tydens die derde fase van restourasie, gedurende 2001, gedoen is.

11.8.1 Vloer

Die vloer bestaan uit sementblokke van verskillende groottes (sowat 1,040 x 1,0 meter). Dit het 'n fyn patroon wat waarskynlik deur die afdruk van 'n goiingsak op die nat sement veroorsaak is. Hierdie patroon is oorspronklik, aangesien die vloer by Fort Wonderboompoort dieselfde patroon het.

Merke en vroeëre herstelwerk aan die vloer dui op die uitstallings van die voormalige SA Weermag. Die vertrek het in hierdie tyd ook soms as kiosk gedien.

Die oorspronklike kleur van die vloer was rooi. Die kleur is nog plek-plek in Fort Klapperkop en by Fort Wonderboompoort sigbaar. Die rooi spatlys onder aan die mure van die vertrek dui daarop dat die vloer rooi gepoleer was. Tydens die tydperk toe die fort 'n militêre museum was, is materiaalsteels op die vloer geplak.

Restourasiespesifikasies

Die vloersteels en gom daaronder, wat uit 'n onlangse tydperk dateer, is verwyder en die vloer is, waar nodig met sement herstel. Herstelwerk in die vloer is nie van die patroon voorsien nie, sodat dit van die oorspronklike onderskei kan word.

Die vloer is met rooi stoep- en messelverf geverf ten einde die oorspronklike kleur daarvan terug te kry. Dit word ook wanneer nodig met 'n kleurlose vloerpolitoer gepoleer.

Dit is moontlik dat hierdie vertrek 'n tapyt van viniel gehad het, omdat dit moontlik 'n vloerlys gehad het (sien 11.8.2). Aangesien geen bewys hiervan by enige van die forte gevind kon word nie, is dit nie in die vertrek teruggeplaas nie.

11.8.2 Mure

Tydens die restourasie, wat in 1966 deur die SA Weermag gedoen is, is daar oor die oorspronklike pleisterwerk gepleister. Hiervan is eers bewus geraak toe 'n gedeelte van die pleisterwerk verwyder is, ten einde agter te kom wat daar agter was. Die oorspronklike pleisterwerk was nog orals teen die mure aanwesig. Die oorspronklike roomkleurige kalk, waarmee die mure afgekalk was, was ook nog plek-plek sigbaar. Die pleisterwerk, wat deur die SA Weermag aangebring is, was grys en wit geverf.

Die vertrek is aan geen ander vertrek verbind nie. Dit maak sin aangesien die bevelvoerder van die fort dit as kantoor en moontlik ook as slaapvertrek gebruik het en enigeen nie sonder meer toegang daartoe kon kry nie.

Geen merke is teen die mure gevind, wat daarop kan dui dat daar rakke teen die mure ingebou is nie. Dit beteken dat daar waarskynlik van losstaande rakke gebruik gemaak is om goedere op te berg.

Teen die linkerkantste muur, ongeveer in die middle van die vertrek, is 'n wapen op die oorspronklike muur uitgekerf. Dit is gevind nadat die latere pleisterwerk afgekap is. Dit blyk die wapen van die Royal Scots Fusiliers te wees en dui daarop dat dit die Britse eenheid was wat Fort Klapperkop beset het, nadat hulle dit van die Boere oorgeneem het.(figuur 69)



Figuur 69. Die wapen van die Royal Scots Fusiliers wat in die Offisierevertrek ontdek is.

Restourasiespesifikasies

Alle latere verflae en die latere pleister is verwyder, totdat die oorspronklike pleister blootgelê is. Omdat die pleister tot 'n groot mate beskadig is, is dit afgekap en vervang. Gelukkig was die gedeelte, waar die wapen van die Royal Scots Fusiliers voorkom, nog in 'n goeie toestand en kon dit, saam met die wapen, behou word. Die nuwe pleister is 'n vermenging van riviersand, kalk en sement, volgens die voorskrifte van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Die mengsel bevat meer kalk as die hedendaagse pleistermengsels en word onder punt 11.1.2 bespreek.

Die mure word roomkleurig gekalk soos wat dit oorspronklik was. Die offisierevertrek by Fort Wonderboompoort het hiervan verskil, want dit was pienk gekalk. Die kleur word beskryf as Cream Puff, kode 6-21M (Plascon) en is verkry deur Nu Lyme kalk met geel oksied te meng. Sodoende word die oorspronklike kleur, ook genoem Morella, nageboots. Dit is nie net histories korrek nie, maar ook tot voordeel van die gebou wat 'n ernstige vogprobleem het. Op hierdie wyse kan dit steeds asem haal en word agteruitgang, wat deur die gebruik van verf bevorder is, teëgewerk.

Die onderste 15cm van die mure het in hierdie geval nie spatlys getoon, soos wat dit met die ander vertreke die geval was nie. Op die hoogte van 15cm (op die SA Weermag-pleisterwerk) was die muur ingekeep. Op die oorspronklike pleisterwerk kon geen aanduiding van kleur verkry word nie. Omdat die Offisierevertrek by Fort Wonderboompoort 'n duidelik vloerlys van sement op hierdie hoogte toon, (figuur 70 – 71) is daar besluit om 'n soortgelyke vloerlys hier aan te bring. Dit is ook met rooi stoep- en messelverf behandel, aangesien die vloerlys by Fort Wonderboompoort dieselfde kleur toon.



Figuur 70. Vloerlys in die offisierevertrek te Fort Wonderboompoort



Figuur 71. Vloerlys in die gerestoureerde officierenvertrek by Fort Klapperkop

11.8.3 Plafon

Die oorspronklike plafon was duidelik sigbaar. Dit bestaan uit gegolfde sinkplate, wat tussen die staalbalke ingevoeg is. Die pleister op die mure strek nie tot teenaan die sink nie, wat daarop dui dat die gedeelte vanaf die staalbalke tot teenaan die sink met die een of ander materiaal ingevul is.

Slegs 'n klein plafongedeelte was nog by Fort Wonderboompoort sigbaar. Dit is in die Officiierenvertrek en bestaan uit sement wat wit gekalk is. (figuur 72) Die plafonne by Fort Schanskop is ook van sement.



Figuur 72. Oorspronklike plafongedeelte by Fort Wonderboompoort. Toe die navorsing gedoen is, was die plafon nog in posisie, maar dit het later afgeval.

Restourasiespesifikasies

Die plafongedeelte is met sement ingevul vanaf die sinkplaat tot gelyk met die onderkant van die staalbalke. Ten einde die sement te versterk is daar eers plaatgaas (expanded metal) ingevoeg, sodat die sement daaraan kon kleef. (figuur73) Hierdie word as 'n noodsaaklike toevoeging beskou ten einde die materiaal se lewensduur te verleng, maar omdat dit toegepleister is, is dit nie sigbaar nie. Die sement is met wit kalk afgewerk.

11.8.4. Staalwerk

Die staalbalke, pilare, ventilasie- en vensterluik, deur en diewering in al die vertrekke van die fort is ondersoek in 'n poging om die oorspronklike kleure daarvan daarvan vas te stel. In die meeste gevalle was daar slegs een laag verf hierop, naamlik 'n donkerbruin, wat sedert die Stadsraad van Pretoria die fort oorgeneem het, daarop aangebring is.

Historiese foto's dui daarop dat die huidige deur van die vertrek nie die oorspronklike is nie. Dit is waarskynlik deur die SA Weermag tydens restourasie in 1966 aangebring, omdat die oorspronklike materiaal verwyder was. Die huidige deur verskil effe van die oorspronklike t.o.v. lasplekke en die posisie van klinknaels daarop.

Op enkele pilare in die fort is verskeie verflae gevind. Dit blyk dat die onderste laag 'n deursigtige rooi roesweerder is, waarna 'n liggroen, D19/7 Pine view (Plascon) aangebring is. Hierna het verskeie wit en grys lae (waarskynlik uit die Tweede Wêreldoorlog) gevolg. Bo-op dit

is 'n ligbruin laag, C13/7 Chocolate chip (Plascon), gevind. Die boonste laag was die donkerbruin, wat deur die Stadsraad aangebring is. Die officierenvertrek het geen staalpilare nie, maar wel een ventilasieluik teen die agterste muur, in die hoek met die oostelike muur.



Figuur 73. Die plaatgaas is sigbaar by die plafon waar dit tussen die oorspronklike sink ingevoeg word. Dit is in die officierenvertrek.

Restourasiespesifikasies

Die diefwering en alle ander staalwerk wat uit 'n latere fase as die Anglo-Boereoorlog dateer, word in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, geverf. In hierdie geval is slegs die diefwering ligbruin geverf.

Oorspronklike staalwerk en die deure en vensterluike word in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit die oorspronklike kleur was. 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebring alvorens die staalwerk geverf is.

11.8.5 Toevoegings

Omdat daar geen historiese gegewens bestaan oor hoe die elektriese ligte in die fort daar uitgesien het nie, is daar hedendaagse ligte aangebring, sodat besoekers duidelik kan sien dat dit nie oorspronklik is nie. Dit is wit fluoresentligte, aangesien die vertrek waarskynlik nie vir uitstaldoeleindes gebruik sal word nie. Tans dien dit as kantoor en dit sal moontlik later ook as bergplek vir die museumversameling of kiosk diens doen.

Die ligte is teen twee van die balke aangebring en die drade is in die plafon versteek. Die skakelaar is teen die voorste muur aangebring en die drade daarvan is in die pleisterwerk versteek.

Omdat die vertrek as kantoor diens doen, is 'n metaal vloerlys waarbinne kragrade versteek kan word teen die agterste muur en die twee symure aangebring. Hierin is kragrade en muurproppe geplaas. Dit is in die oorspronklike beige kleur gelos om aan te toon dat dit 'n toevoeging is. Indien nodig, kan dit later verwyder word.

11.8.6 Vooraansig

Die materiaal waaruit die vooraansig gebou is, is steeds die oorspronklike sand- en baksteen. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is wit geverf, maar die lae is verwyder tot die oorspronklike wit kalk blootgelê is. Die naam, *officiëren*, is in swart letterwerk geverf.

Hoewel sommige lae grys letterwerk getoon het, was die oorspronklike wel swart geverf. Een van die vertreke by Fort Wonderboompoort, naamlik die proviandvertrek, het hierdie inligting bevestig.

'n Elektriese lig kom reg bo die ingang voor. Dit is nie oorspronklik nie, maar is deur die SA Weermag toegevoeg.



Figuur 74. Vooraansig van die Officiërenvertrek voor restourasie.

Restourasiespesifikasies

Die sandsteen en baksteen vooraansig van die vertrek is skoongemaak d.m.v. 'n proses van sandspuiting. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is skoongemaak tot op die oorspronklike gepleisterde vlak. Daarna is dit wit gekalk en is dieselfde grootte letterwerk weer in swart verf toegevoeg.

Die elektriese lig is ligbruin, nl. die Chocolate chip kleur (C13/7 - Plascon) geverf, aangesien dit 'n latere toevoeging is. Daar is egter besluit om dit te behou, omdat dit lig tydens aandfunksies sou kon voorsien.

11.8.7 Uitstalling

Daar word nie beoog om die vertrek as uitstallokaal te laat diens doen nie. Tans is dit die kantoor van al die fort se personeel, maar later kan dit moontlik as kiosk, stoorruimte vir die museumversameling of kantoor van die opvoedkundige beampte diens doen. Deur as kantoor diens te doen, sal die vertrek steeds dieselfde funksie as sy oorspronklike vervul.

Die ideaal sou wees dat die afbeelding van die wapen van die Royal Scots Fusiliers aan besoekers getoon kan word, aangesien dit 'n baie unieke aspek van die geskiedenis van Fort Klapperkop uitbeeld. 'n Gepaste byskrif sal in so 'n geval voorsien moet word, sonder om skade aan die vertrek aan te rig. Indien die museumversameling hier gehuisves word, sal dit ook in losstaande kaste moet wees, sodat die struktuur nie beskadig word nie.

11.9 Stal

Die stalvertrek is die laaste (agste) vertrek oos van die oprit, d.w.s. langs die officierenvertrek. Soos wat die naam aandui het die vertrek as stal diens gedoen en is daar perde aangehou. Al die manskappe van die fort kon nie perde gehad het nie, aangesien die vertrek te klein is om 30 perde te huisves, tensy sommige perde los geloop het. Hiervan is daar egter geen bewyse nie. Die stal sou waarskynlik vir sowat vier tot ses perde geskik gewees het.

Die binnekant van die vertrek is tydens die eerste fase van restourasie gedurende 1999 gedoen, terwyl die vooraansig daarvan tydens die derde fase van restourasie, gedurende 2001, gedoen is.

11.9.1 Vloer

Die vloer bestaan uit sementblokke van verskillende groottes (sowat 1,10 x 0,96 meter). Dit het 'n fyn patroon wat waarskynlik deur die afdruk van 'n goiingsak op die nat sement veroorsaak is. Hierdie patroon is oorspronklik, aangesien die vloer by Fort Wonderboompoort dieselfde patroon het.

Merke en vroeëre herstelwerk aan die vloer dui op die uitstallings van die voormalige SA Weermag. Dit is duidelik dat die vloer veel meer as enige van die ander vertrekke herstel is. Regoor die breedte van die vloer, van oos na wes, loop daar 'n voortjie, wat in 'n ander voortjie, wat na die deur toe loop, uitmond. Dit is gebruik om die stal skoon te maak en loop oor in 'n voor in die binnehof van die fort.

Die oorspronklike kleur van die vloer was rooi. Die kleur is nog plek-plek in Fort Klapperkop en by Fort Wonderboompoort sigbaar. Die rooi spatlys onder aan die mure van die vertrek dui daarop dat die vloer rooi gepoleer was. Tydens die tydperk toe die fort 'n militêre museum was, is die vloer van die stal groen geverf.

Restourasiespesifikasies

Die groen verf, wat uit 'n onlangse tydperk dateer, is verwyder en die vloer is, waar nodig met sement herstel. Herstelwerk in die vloer is nie van die patroon voorsien nie, sodat dit van die oorspronklike onderskei kan word.

Die vloer is met rooi stoep- en messelverf geverf ten einde die oorspronklike kleur daarvan terug te kry. Dit word ook wanneer nodig met 'n kleurlose vloerpolitoer gepoleer.

11.9.2 Mure

Tydens die restourasie, wat in 1966 deur die SA Weermag gedoen is, is daar oor die oorspronklike pleisterwerk gepleister. Hiervan is eers bewus geraak toe 'n gedeelte van die pleisterwerk verwyder is, ten einde agter te kom wat daar agter was. Die oorspronklike pleisterwerk was nog orals teen die mure aanwesig. Die oorspronklike roomkleurige kalk, waarmee die mure afgekalk was, was ook nog plek-plek sigbaar. Die pleisterwerk, wat deur die SA Weermag aangebring is, was grys en wit geverf.(figuur 75 – 76)

Die vertrek is aan geen ander vertrek verbind nie. Dit maak sin aangesien dit daartoe sou bydra om die higiëne in die fort op 'n aanvaarbare vlak te hou.

Teen die agterste muur van die vertrek is tekens van die oorspronklike krippe gevind. Dit stem ooreen met ses soortgelyke staalarms, wat in die stalvertrek by Fort Wonderboompoort gevind is. Twee staalarms, waarop die krip aangebring is, kom nog in die westelike hoek by Fort Klapperkop voor. Trouens, daar is ook 'n krip van hout, maar dit dateer moontlik uit die SA Weermag-tyd. Stukke staal, wat feitlik teenaan die muur afgesny is, toon die posisie van ander soortgelyke arms waarop krippe oorspronklik aangebring was.(figuur 77 - 78)



Figuur 75. Dak en mure van die Stal by Fort Klapperkop tydens restourasie



Figuur 76. Muur in die stalvertrek by Fort Klapperkop tydens retoursie



Figuur 77. Stalarms vir die krippe by die stal van Fort Wonderboompoort



Figuur 78. Gerestoureerde krippe te Fort Klapperkop

Restourasiespesifikasies

Alle latere verflae en die latere pleister is verwyder, totdat die oorspronklike pleister blootgelê is. Omdat die pleister tot 'n groot mate beskadig is, is dit afgekap en vervang. Die nuwe pleister is 'n vermenging van riviersand, kalk en sement, volgens die voorskrifte van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Die mengsel bevat meer kalk as die hedendaagse pleistermengsels en word onder punt 11.1.2 beskryf.

Die mure word roomkleurig gekalk soos wat dit oorspronklik was. Dit verskil van die stal by Fort Wonderboompoort, wat wit gekalk was. Die kleur word beskryf as Cream Puff, kode 6-21M (Plascon) en is verkry deur Nu Lyme kalk met geel oksied te meng. Sodoende word die oorspronklike kleur, ook genoem Morella, nageboots. Dit is nie net histories korrek nie, maar ook tot voordeel van die gebou wat 'n ernstige vogprobleem het. Op hierdie wyse kan dit steeds asem haal en word agteruitgang, wat deur die gebruik van verf bevorder is, teëgewerk.

Die onderste 15cm van die mure het 'n duidelike rooikleurige spatlys aangetoon. Gevolglik is 'n 15cm breë spatlys ook tydens die restourasie met rooi stoep- en messelverf aangebring. Dit stem ook ooreen met die vertrekke by Fort Wonderboompoort.

11.9.3 Plafon

Die oorspronklike plafon was duidelik sigbaar. Dit bestaan uit gegolfde sinkplate, wat tussen die staalbalke ingevoeg is.(figuur 79) Die pleister op die mure strek nie tot teenaan die sink nie, wat daarop dui dat die gedeelte vanaf die staalbalke tot teenaan die sink met die een of ander materiaal ingevul is.

Slegs 'n klein plafongedeelte was nog by Fort Wonderboompoort sigbaar. Dit is in die Offisierenvertrek en bestaan uit sement wat wit gekalk is. Die plafonne by Fort Schanskop is ook van sement.



Figuur 79. Oorspronklike sinkplafon in die Stalvertrek by Fort Wonderboompoort

Restourasiespesifikasies

Die plafongedeelte is met sement ingevul vanaf die sinkplaat tot gelyk met die onderkant van die staalbalke. Ten einde die sement te versterk is daar eers plaatgaas (expanded metal) ingevoeg, sodat die sement daaraan kon kleef. Hierdie word as 'n noodsaaklike toevoeging beskou ten einde die materiaal se lewensduur te verleng. Die sement is met wit kalk afgewerk.

11.9.4. Staalwerk

Die staalbalke, pilare, ventilasie- en vensterluuke, deur en diewering in al die vertreke van die fort is ondersoek in 'n poging om die oorspronklike kleure daarvan daarvan vas te stel. In die meeste gevalle was daar slegs een laag verf hierop, naamlik 'n donkerbruin, wat sedert die

Stadsraad van Pretoria die fort oorgeneem het, daarop aangebring is.

Historiese foto's dui daarop dat die huidige deur van die vertrek nie die oorspronklike is nie. Dit is waarskynlik deur die SA Weermag tydens restourasie in 1966 aangebring, omdat die oorspronklike materiaal verwyder was. Die huidige deur verskil effe van die oorspronklike t.o.v. lasplekke en die posisie van klinknaels daarop.

Op enkele pilare in die fort is verskeie verflae gevind. Dit blyk dat die onderste laag 'n deursigtige rooi roesweerder is, waarna 'n liggroen, D19/7 Pine view (Plascon) aangebring is. Hierna het verskeie wit en grys lae (waarskynlik uit die Tweede Wêreldoorlog) gevolg. Bo-op dit is 'n ligbruin laag, C13/7 Chocolate chip (Plascon), gevind. Die boonste laag was die donkerbruin, wat deur die Stadsraad aangebring is. Die stal het twee staalpilare nie, asook twee ventilasieluike, een teen die westelike muur in die agterste hoek en een in die voorste hoek teen die oostelike muur.

Restourasiespesifikasies

Die diefwering en alle ander staalwerk wat uit 'n latere fase as die Anglo-Boereoorlog dateer, word in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, geverf. In hierdie geval is slegs die diefwering ligbruin geverf.

Oorspronklike staalwerk en die deure en vensterluike word in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit die oorspronklike kleur was. 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebring alvorens die staalwerk geverf is.

11.9.5 Toevoegings

Omdat daar geen historiese gegewens bestaan oor hoe die elektriese ligte in die fort daar uitgesien het nie, is daar hedendaagse ligte aangebring, sodat besoekers duidelik kan sien dat dit nie oorspronklik is nie. Dit is wit kolligte, aangesien die vertrek hoofsaaklik vir uitstaldoeleindes gebruik sal word.

Die ligte is teen die drabalk aangebring en die drade is in die plafon versteek. Die pype en skakelaars is aan die agterkant van die pilare en drabalk versteek en ook in die Pine view kleur (D19/7 - Plascon) geverf.

11.9.6 Vooraansig

Die materiaal waaruit die vooraansig gebou is, is steeds die oorspronklike sand- en baksteen. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is wit geverf, maar die lae is verwyder tot die oorspronklike wit kalk blootgelê is. Die naam, *stal*, is in swart letterwerk geverf.

Hoewel sommige lae grys letterwerk getoon het, was die oorspronklike wel swart geverf. Een

van die vertrekke by Fort Wonderboompoort, naamlik die proviandvertrek, het hierdie inligting bevestig.

‘n Elektriese lig kom reg bo die ingang voor. Dit is nie oorspronklik nie, maar is deur die SA Weermag toegevoeg.

Restourasiespesifikasies

Die sandsteen en baksteen vooraansig van die vertrek is skoongemaak d.m.v. ‘n proses van sandsputting. Die nis, waarin die naam van die vertrek aangedui word, is skoongemaak tot op die oorspronklike gepleisterde vlak. Daarna is dit wit gekalk en is dieselfde grootte letterwerk weer in swart verf toegevoeg.

Die elektriese lig is ligbruin, nl. die Chocolate chip kleur (C13/7 - Plascon) geverf, aangesien dit ‘n latere toevoeging is. Daar is egter besluit om dit te behou, omdat dit lig tydens aandfunksies sou kon voorsien.

11.9.7 Uitstalling

Omdat die beleid behels dat die vertrekke hulle oorspronklike funksie terugkry, sal die vertrek as ‘n stal ingerig word. Aangesien daar geen spesifieke inligting bekend is oor hoe die vertrek ingerig was nie, sal net die krippe teruggebring word en sal ‘n gedeelte van die stal soos soortgelyke tydenootlike stalle ingerig word. Daar bestaan genoegsame inligting oor die tipe gebruiksartikels van die tyd om die vertrek daarvolgens in te rig.

Die uitstalling in die stal sal ook op die rol van die perd tydens die Anglo-Boereoorlog fokus. Hierdie en verwante aspekte sal op losstaande inligtingspanele aangebring word. Los uitstalkaste sal ook gebruik word om sekere voorwerpe, wat met perde verband hou, uit te stal. Hierdie kaste sal ooreenstem met die tipe materiaal soos aangedui by ander vertrekke.(figuur 80)

Die voorwerpe wat uitgestal word, sal d.m.v. skenkings, aankope en bruikleen verkry word. Gebruiksartikels, wat soos outentieke voorbeelde lyk, sal moontlik ook aangekoop word.

Ten einde die museum lewend te maak, word daar ook oorweeg om perde permanent hier op stal te plaas. Indien dit gebeur sal daar noodwendig van replikas eerder as oorspronklike artefakte gebruik gemaak word, sodat oorspronklike materiale nie beskadig word nie. Uitstalkaste sal moontlik dan ook uit die vertrek verwyder moet word.



Figuur 80. Uitstalling in die stal

11.10 Buite-aansig

Wanneer daar na die buite-aansig van die fort verwys word, is daar twee aspekte ter sprake. Eerstens is daar die buite-aansig van die kasematte (vertrekke), wat die vooraansigte daarvan insluit. Dit gaan hier egter wyer en hou ook met algemene aspekte verband. Hieronder word ingesluit die borswering op die dak en aspekte wat nie onder 'n ander punt bespreek is nie.

Laastens gaan dit oor die buite-aansig van die fort, d.w.s. die muur aan die voorkant van die fort. Hierdie gedeeltes is tydens die derde fase van restaurasie gedurende 2001 gerestoureer.

11.10.1 Mure

Die materiaal waaruit die mure gebou is, is steeds die oorspronklike sand- en baksteen. In beide gevalle is daar sommige van die bakstene en sandsteen wat besig is om te verbrokkel en wat in die afsienbare toekoms vervang sal moet word. Sodanige restaurasiewerk sal in 'n afsonderlike verslag aangespreek word, wanneer die werk gedoen word.

Oor die algemeen is die klipwerk en messelwerk daaraan in 'n besonder goeie toestand en was dit onnodig om nou daaraan aandag te gee. Gate aan die onderkant in die mure is ook oorspronklik en is bedoel om reënwater weg te lei.(figuur 81)

Restourasiespesifikasies


Plek-plek was herstelwerk aan die sement nodig en is dit op so 'n wyse gedoen dat dit duidelik van die oorspronklike onderskei kan word.

11.10.2 Borswering

Die borswering bo-op die voorste muur en bokant die vertrekke van die fort is van sement gemaak en was wit geverf. Daar is gepoog om van die verf te verwyder, maar dit het geblyk skade aan die borswering aan te rig. Gevolglik is daar na die ander forte, spesifiek Fort Wonderboompoort, gekyk om 'n idee te kry van hoe die borswering oorspronklik daar uitgesien het. Ander sementafwerkings, bv. die skietgate het ook hiermee gehelp. By Fort Klapperkop en by Fort Wonderboompoort het dit 'n rooibruin kleur gehad.(figuur 82)



Figuur 81. Buite aansig van die fort voor restourasie



Figuur 82. Die afwerking bo-op die mure by Fort Wonderboompoort is soortgelyk aan die by Fort Klapperkop en het 'n rooibruin kleur.

Restourasiespesifikasies

Die borswering en ander sementafwerkings is in die korrekte kleur oorgeverf sonder om die foutiewe wit verf te verwyder, aangesien dit skade aan die struktuur sou aanrig. Die kleur is 'n rooibruin, wat bestaan uit 'n mengsel van 5 liter terracottaverf (Plascon) en 200 milliliter rooi verf (Plascon).(figuur 83)



Figuur 83. Die buite-aansig van Fort Klapperkop na restourasie

11.10.3 Skietgate

Die skietgate is met bakstene in die voorste muur van die fort gebou en met sement uitgevoer. Dit rig op Pretoria en skep dus die indruk dat die fort verkeerdom gebou is. Die rede is egter dat dit infanterieverdediging moontlik moes maak in geval die fort omsingel sou word. Die bakstene en sement is steeds die oorspronklike material. Sommige van die bakstene sal binnekort herstel of vervang moet word. Hierdie aspek sal in 'n volgende verslag aandag geniet.

Op die sement was tekens van die oorspronklike verfkleur nog teenwoordig. Dit is saam met ander inligting gebruik om die presiese oorspronklike rooibruin kleur vas te stel. Dit moet gemeld word dat die kleur binne-in die skietgate die mees betroubare is aangesien dit nie soveel as ander dele aan die son blootgestel is nie. Dit behou dus die kleur die heel beste

Restourasiespesifikasies

Geen herstelwerk was aan die sement nodig nie. Die sementafwerkings is in die korrekte kleur oorgeverf.(figuur 84) Die kleur is 'n rooibruin, wat bestaan uit 'n mengsel van 5 liter terracottaverf (Plascon) en 200 milliliter rooi verf (Plascon).



Figuur 84. Een van die skietgate by Fort Klapperkop na restourasie

11.10.4 Staalwerk

In die voorste muur van die fort en die muur voor die vertrekke is daar verskillende metaalvoorwerpe gevind. Dit wissel van spykers en skroewe tot handvatsels en hake, hoewel daar ook voorwerpe en stukkende voorwerpe is waarvan die doel nie vasgestel kon word nie. Bokant die stal se deur is 'n oorspronklike metaalgeleier vir die elektrisiteitstelsel gevind.(figuur85) Geen kleur kon op enige hiervan vasgestel word nie.



Figuur 85. Die enigste oorblywende metaalgeleier wat by Fort Klapperkop gevind is.

Restourasiespesifikasies

Die metaalvoorwerpe, wat duidelik deel van die oorspronklike fort was, is in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit die oorspronklike kleur was. 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebring alvorens die staalwerk geverf is. Dit sluit die elektriese geleier in.

Latere toevoegings is net so gelaat, aangesien die verwydering daarvan tot strukturele probleme kan lei. Geen groot latere toevoegings is gevind nie. Dit is meestal spykers en skroewe wat moeilik sigbaar is.

11.10.5 Toevoegings

Geen toevoegings is tot die fort se buite-aansig gemaak nie.

11.11 Ingangspoort

Fort Klapperkop beskik oor 'n valbrug, wat laat sak kan word om verkeer na die fort toe te laat. Die valbrug is meestal in 'n horisontale posisie (gesak), sodat besoekers die fort kan binnekom. Dit word soms opgelig wanneer groepe die museum besoek. Die grag rondom die fort is een van die unieke aspekte daarvan en gevolglik ook die valbrug (Van Vollenhoven 1995: 60).

Die grag hou nie water nie, aangesien die skalie waaruit die kop bestaan poreus is en water deurlaat. Hoewel dit dus ook nie tydens die Anglo-Boereoorlog met water gevul sou wees nie, is dit nietemin 'n bykomstige verdedigingsmaatreël.

Die ingangspoort is tydens die eerste fase van restourasie gedurende 1999 gerestoureer, maar dit is tans weer buite werking.


11.11.1 Deure

Twee reuse staaldeure gee toegang tot die fort. Argivale foto's toon aan dat hierdie nie die oorspronklike deure van die fort is nie. Dit is dus waarskynlik tydens die restourasie van die fort in 1966 aangebring. Die oorspronklike deure het houtbalke aan die binnekant daarvan gehad, terwyl die metaal ook anders daar uitgesien het as tans. Vanweë die geweldige koste om nuwe deure te laat maak, is daar besluit om hierdie deure te behou.

Die deure skuif op staalwiele, wat op metaal-loopvlakke beweeg. Dit stem ooreen met Fort Wonderboompoort en daar word aanvaar dat die oorspronklike materiaal steeds by Fort Klapperkop aanwesig is.

Restourasiespesifikasies

Die deure, wiele en loopvlakke is in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit die oorspronklike kleur was. (figuur 86) 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebring alvorens die staalwerk geverf is.



Figuur 86. Die deure van die fort na restourasie

11.11.2 Valbrug-meganisme

Tans word 'n wiel wat gedraai word, gebruik om die valbrug op te lig of te laat sak. Die wiel is gewis nie die oorspronklike nie, aangesien die grootte daarvan verhinder dat die deure ten volle oopgemaak kan word. Dit is dus groter as die oorspronklike.

Wanneer die wiel gedraai word, word 'n kabel wat om katrolle draai in werking gestel om twee gewigte in beweging te bring.(figuur 87) Sodoende word die valbrug beweeg. Die kabel het van die katrolle afgegly – daarom werk die brug nie tans nie.

'n Dik houtbalk is tussen die fort en die valbrug ingevoeg ten einde die gleuf, wat veroorsaak word as die valbrug laat sak is, gelyk met die res van die loopvlak te kry. Voordat die brug opgelig kan word, moet dit eers verwyder word.

Twee staalplate in die ingang van die fort, bedek twee gate waarbinne die kables, gewigte en katrolle (pully's) versteek is. Onder die valbrug is daar twee soortgelyke staalplate teen die muur vasgemaak, waardeur daar van die onderkant af toegang tot die meganisme verleen word. (figuur 88)



Figuur 87. Die wiel waarmee die valbrug beweeg word.



Figuur 88. Die staalplate onder die valbrug wat die katrolmeganisme versteek

Restourasiespesifikasies

Al die staalwerk is in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit die oorspronklike kleur was. 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebring alvorens die staalwerk geverf is. Die houtbalk is ook groen geverf. Die versteekte gedeeltes van die meganisme is nie geverf nie, aangesien dit nie sigbaar is nie en waarskynlik ook nie oorspronklik geverf sou wees nie.

Wanneer die meganisme herstel word, sal daar 'n toevoeging gemaak word, om te verhinder dat die kabel van die katrolle afgly. Dit sal vasgesweis word, wat duidelik sal aantoon dat dit 'n latere toevoeging is.

11.11.3 Ander Staalwerk

Argivale foto's toon duidelik dat die valbrug gewis nie die oorspronklike staalwerk toon nie. Ook hier was houtbalke deel van die ontwerp. Die staalreling aan die kante lyk wel of dit oorspronklik kan wees en word ook op argivale foto's aangetoon. Die staalbalke waarop die valbrug rus, blyk wel oorspronklik te wees.



Figuur 89. Die onbeweegbare deel van die valbrug tydens restourasie

Restourasiespesifikasies

Die staalwerk, wat duidelik deel van die oorspronklike fort was, is in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit die oorspronklike kleur was. 'n Deursigtige rooi roeswerder is aangebring alvorens die staalwerk geverf is. Hoewel die metaal van die brug nie die oorspronklike is nie (dit is waarskynlik in 1966 toegevoeg), is dit ook in hierdie kleur geverf, omdat die valbrug deel van die oorspronklike ontwerp uitgemaak het.

11.11.4 Toevoegings

Tydens die restourasie in 1966 is beton op die klipmuur, wat die brug in 'n vaste en val- gedeelte verdeel, gegooi. Dit kon nie verwyder word nie, aangesien die vlakke dan nie sou ooreenstem nie en is gevolglik so gelaat. Die vaste brug gedeelte het uit houtbalke bestaan, wat duidelik ook nie oorspronklik was nie.(figuur 89)

Om die veiligheid van besoekers te verbeter, is 'n reling aan weerskante van die brug opgerig,

maar dit loop nie aaneen met die oorspronklike reling op die valbrug nie, sodat dit duidelik daarvan onderskei kan word. Die material is ook effens meer robuus as die oorspronklike. Gevolglik pas dit esteties mooi daarby aan, maar verskil merkbaar.

Die bronsplaat en kenteken van die voormalige Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, wat aandui dat die fort 'n verklaarde nasionale gedenkwaardigheid is, is ook in die ingangspoort aangebring. Op die bronsplaat word 'n beknopte geskiedenis van die fort weergegee.

Restourasiespesifikasies

Hierdie was die moeilikste gedeelte van die fort waarvoor daar 'n besluit geneem moes word. Geen aanduiding kon in argivale bronne verkry word van hoe dit oorspronklik daar uitgesien het nie. Uiteindelik is daar besluit dat die valbrug gedeelte die mees betroubare gegewens verskaf. Gevolglik is nuwe staalbalke as basis geïnstalleer. Hierdie balke is in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7 - Plascon) geverf, aangesien dit 'n latere toevoeging is (hoewel daar natuurlik oorspronklik wel soortgelyke balke kon gewees het).

'n Soortgelyke metaalplaat as dit wat tydens 1966 vir die valbrug gebruik is, is as bedekking vir die brug gebruik. Dit is duidelik nie die oorspronklike materiaal nie, maar is in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien die oorspronklike oppervlakte hoogs waarskynlik in hierdie kleur geverf sou wees. 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebring alvorens die staalwerk geverf is. Die sementgedeelte is, om dieselfde rede, ook in hierdie kleur geverf. (figuur 90).

Die nuwe handreling is in die Chocolate chip kleur (C13/7 - Plascon) geverf. Dit dui dus ook duidelik aan dat dit 'n latere toevoeging is.



Figuur 90. Die valbrug na restourasie


11.12 Dakarea

Die dakarea het nie net as dak vir die vertrekke van die fort gedien nie, maar is funksioneel aangewend. Dit was die belangrikste area vir die verdediging van die fort en die kanonbergplekke is ook hier opgerig.

Teen einde die waterdigting van die Fort te ondersoek is 'n sloot in die dak gegrawe. Hieruit is vasgestel dat die dak oorspronklik met pik waterdig gemaak is, maar dat dit waarskynlik nie meer behoorlik werk nie. Baie vog in die fort kom egter van die agterste muur af wat nie gewaterdig is nie. Dit is egter 'n onbegonne taak om dit reg te stel, aangesien dit sou beteken dat die graswalle van die fort verwyder moet word.(figuur 91 – 92)



Figuur 91. Detail van die waterdigting op die dak van die fort.



Figuur 92. Die sloot wat op die dak gemaak is om die waterdigting te ondersoek.

11.12.1 Loopoppervlakte

Oorspronklik was die dak van beton en is grond daarop gegooi, ten einde die vertrekke bomvry te maak. In die tyd van die voormalige SA Weermag is die grond verwyder en is dit met beton opgebou tot op min of meer dieselfde vlak as wat die grond gelê het. Op enkele gedeeltes is gras geplant. Sementpaadjies is ook op sommige van die grasperke uitgelê. Die loopoppervlakte is tydens die vierde restourasiefase, gedurende Junie 2003 gerestoureer.

Restourasiespesifikasies

Dit sou geweldig duur kos om die beton te verwyder en weer grond op die dak te plaas. Dit sal ook onaangenaam vir besoekers wees en moeilik om te onderhou. Gevolglik is daar besluit om dit so te laat, maar weliswaar in stand te hou en te herstel waar nodig. Die voë tussen die sementblokke is wel problematies, aangesien dit vir 'n lang tyd nie meer behoorlik geseël was nie en water deurgelaat het, wat vogprobleme in die gebou vererger. Dit is met 'n gepaste verseëlaar

herstel. Dit is grys geverf, wat aantoon dat dit 'n latere toevoeging is. Die grys sal mettertyd bleik om minder opsigtelik te wees.(figuur 93)

Gedeeltes met gras kan dalk ook later vervang word indien die vogprobleem nie verbeter nie, aangesien dit ook die natlei hiervan is wat tot 'n oormaat van vog kan bydra. Sodanige besluit sal egter eers geneem word nadat die herstelde dak ten minste een reënseisoen deurgegaan het. Sementpaadjies en metaalboute, waarop voorheen kanonne vir uitstaldoeleindes vasgeheg is, behoort ook verwyder te word en kan moontlik ook met gras vervang word.



Figuur 93. Die gerestoureerde dakgedeelte van die fort.

11.12.2 Terrasmure

Aan die kant van die dak waar die graswalle begin, is daar terrasmure van klip uitgemessel. Dit wil voorkom asof dit deur die Britte gebou kon wees in die tydperk nadat hulle die fort beset het (ná 5 Junie 1900), maar dit is waarskynlik heelwat verander in die tyd van die SA Weermag. Waar daar twee mure langs mekaar voorkom, vorm 'n sementpaadjie die verbinding tussenin - duidelik ook 'n toevoeging tydens 1966.

Trappe, wat op sewe plekke hier teenaan gebou is, dateer gewis uit 'n later tydperk. Die boumetode verskil opmerklik van die oorspronklike en dit is gewis van swakker kwaliteit as die oorspronklike messelwerk.

Restourasiespesifikasies

Herstelwerk is gedoen om die boumetode aan te pas en sal ook in die toekoms so hanteer word. Daar word nie beoog om die terrasmure te vervang nie, omdat dit netjies daar uitsien en ander alternatiewe moontlik meer skadelik vir die gebou kan wees (figuur 94 – 95)


11.12.3 Hoogtes

Twee hoogtes kom op die dak voor, een aan die weste- en een aan die oostekant. Oorspronklik was dit gekompakteerde grondhope, maar tans is dit met 'n grondbedekker beplant en sementblokke werk erosie daarvan teë.

Bo-op elkeen daarvan is 'n lae klipplatform gebou. Dit is oorspronklik aangesien dit ook op argivale foto's sigbaar is. Hoewel dit nie bewys kan word nie, word daar vermoed dat van die elektriese soekligte oorspronklik daarop gestaan het.



Figuur 94. Die oostelike gedeelte van die dak na restourasie



Figuur 95. Die westelike gedeelte van die dak na restourasie. Een van die hoogtes is sigbaar regs agter op die foto.

Restourasiespesifikasies

Die hoogtes is uiters onooglik. Die sementblokke en grondbedekker behoort verwyder te word sodra daar fondse hiervoor beskikbaar is. 'n Droogtebestande grassoort behoort daar geplant te word. Dit sal nethed bevorder en ook nie die vogprobleem aanhelp nie.

Die pleister op die platforms is met dieselfde rooibruin kleur as ander oorspronklike pleisteroppervlaktes geverf. Dit bestaan uit 'n mengsel van 5 liter terracottaverf (Plascon) en 200 milliliter rooi verf (Plascon). Dit is tydens die derde fase van die restourasie, gedurende 2001 gedoen.

Bo-op elke platform is daar tans elektriese vloedligte, wat die terrein snags verlig en deur die SA Weermag opgerig is. Dit word behou, aangesien dit sekuriteit vergemaklik en aansluit by die oorspronklike doel van die hoogtes.

11.12.4 Ventilasië-skoorstene

Nege hiervan, gemaak van gladde sink, kom op die dak voor. Dit wil voorkom asof agt daarvan ter wille van lugtoevoer na die fort is. Sommige hiervan word deur meer as een vertrek gedeel. Die negende een is waarskynlik 'n egte skoorsteen, met die doel om die rook van die koolstoof in die keukenvertrek weg te voer. Dit is waarskynlik die kleiner skoorsteen aan die agterkant van die vertrek. (sien figuur 95) Dit is die enigste van die nege wat nie met ventilasiegate in die

vertrekke verbind is nie en kom wel bokant die gat in die agterste muur van die keukenvertrek voor.

Die skoorstene is tydens die derde fase van restourasie, gedurende 2001 gedoen.

Restourasiespesifikasies

Dit is nie moontlik om vas te stel of die metaal waarvan die skoorstene gemaak is, die oorspronklike is nie. Argivale foto's, waarop die skoorstene sigbaar is, is te onduidelik om dit vas te stel.

Dit was ook nie moontlik om die oorspronklike kleur daarvan vas te stel nie. Die bruin verf, wat deur die Stadsraad daarop aangebring is, is verwyder. Sommige van die skoorstene was grys geverf, maar niks is daaronder gevind nie. Hierdie kleur dateer waarskynlik uit 'n latere tydperk, in ooreenstemming met ander metaalwerk in die fort. Om aan te sluit by die ander metaalwerk in die fort, is dit in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit wel in hierdie kleur geverf sou wees indien dit geverf was.

Dit is interessant dat die groen kleur na net twee jaar reeds gebleik het en tans grys vertoon. Dit verklaar moontlik waarom dit ook later grys geverf is. Gevolglik behoort die skoorstene elke tweede jaar oorgeverf te word.

11.12.5 Toevoegings

Vier bankies, twee elk op die verste hoeke van die dak, en 'n vlagpaal is deur die SA Weermag op die dak opgerig. Argivale foto's van Fort Daspoortrand wys dat daardie fort 'n vlagpaal gehad het, maar geen sodanige aanduiding is by enige van die ander drie forte gekry nie. Gevolglik word hierdie alles as toevoegings beskou.

Restourasiespesifikasies

Die vlagpaal is in die Chocolate chip kleur (C13/7 - Plascon) geverf, omdat dit waarskynlik 'n latere toevoeging is. Die Transvaalse Vierkleur en Britse Union Jack word om die beurt gehys, elkeen vir 'n hele dag lank. Nieteenstaande die rotasie, word die Transvaalse vlag altyd op 18 Januarie gehys, aangesien dit die dag is waarop die fort deur die regering van die Z.A.R. in gebruik geneem is. Die Britse vlag word weer altyd op 5 Junie gehys, aangesien dit die dag is waarop Pretoria deur die Britse magte ingeneem is.

Die bankies is met houtsitplekke herstel. Die sitplekke is donkerbruin geverf en die metaalgedeeltes in die Chocolate chip kleur (C13/7 – Plascon).

11.13 Kanon-bergplekke

Twee kanon-bergplekke kom bo-op die dak van die fort voor. By beide is presies dieselfde werk gedoen tydens die restourasie daarvan, wat tydens die derde fase van restourasie gedurende 2001 gedoen is.

11.13.1 Vloer

Die vloer het oorspronklik uit sementblokke van verskillende groottes, soortgelyk aan dié van die vertrekke bestaan. Tans is dit met 'n laag sement bedek wat later, waarskynlik in die tyd toe Fort Klapperkop 'n militêre museum was, toegevoeg is. By Fort Wonderboompoort kan die oorspronklike vloer nog in die kanon-bergplekke gesien word. Dit het dieselfde fyn patroon as by die vertrekke van beide forte en is waarskynlik deur die afdruk van 'n goiingsak op die nat sement veroorsaak.

Die oorspronklike kleur van die vloer was waarskynlik ook rooi. Die kleur is nog plek-plek op ander vloere by Fort Klapperkop en by Fort Wonderboompoort sigbaar. Die rooi spatlys kom nie hier voor nie, aangesien die mure nie gepleister is nie. Waarskynlik was die vloere nietemin ook oorspronklik rooi gepoleer (figuur 96 – 98)



Figuur 96. Die oostelike kanonbergplek na restourasie



Figuur 97. Die westelike kanonbergplek na restourasie



Figuur 98. Die oostelike kanon bergplek by Fort Wonderboompoort


Restourasiespesifikasies

Die latere sement kan verwyder word, mits daar verseker kan word dat die oorspronklike vloer daaronder, nie beskadig sal word nie. Aangesien dit hoogs onwaarskynlik is, behoort dit so gelaat te word. Daar moet egter vermeld word dat dit tot vogprobleme kan lei aangesien die huidige vlakke versteur sal word. Hoewel dit nie die oorspronklike vloer is nie, maar wel oorspronklike daar was, is dit ook met die rooikleurige stoep- en messelverf gevef.

11.13.2 Mure

Die kanon-bergplekke het net drie mure, aangesien die noordelike muur ontbreek. Argivale foto's van Fort Schanskop (sien Figuur 10) dui daarop dat hier staaldeure ingevoeg was, wat die volle noordelike muur beslaan het. Meer navorsing is egter nodig voordat daar 'n besluit geneem kan word of dit ook die geval by Fort Klapperkop was. Die mure was nie gepleister nie en die oorspronklike klip- en betonbouwerk is sigbaar.(figuur 99).

Gate, metaalhake en houtsparre, wat op sekere plekke teen die mure gevind is, dui op rakke en ander bergplekke, wat moontlik teen die mure ingerig was. Dit is egter onreëlmatig, sodat 'n definitiewe idee daarvan nie gevorm kan word nie.



Figuur 99. Hierdie foto toon een van die kanon-bergplekke en 'n nis waarin eerstelynn ammunisie geberg is.

Restourasiespesifikasies

Die mure is gelaat soos wat dit is, aangesien dit die oorspronklike voorkoms het. Houtsparre, spykers, gate ens. is ook so gelaat, aangesien dit moeilik is om vas te stel watter daarvan oorspronklik is. Dit dien ook as getuienis van dit wat eens daar was. Indien daar vasgestel kan word of daar wel deure aan die noordekant voorgekom het, kan dit in lyn met alle ander spesifikasies, teruggebring word.

11.13.3 Plafon

Die oorspronklike plafon was duidelik sigbaar. Dit bestaan uit gegolfde sinkplate, wat tussen die staalbalke ingevoeg is. Geen aanduiding van die sementinvulling, soos by die vertrekke van die fort is gevind nie. Die plafonne lyk dus presies soos die van die vertrekke, behalwe dat dit nie toegepleister is nie.

Restourasiespesifikasies

Die plafongedeelte is herstel waar nodig. Die staalbalke en sink is in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit die oorspronklike kleur was.

11.13.4. Staalwerk

Die staalbalke, pilare, ventilasie- en vensterluike, deur en diefwering in al die vertrekke van die fort is ondersoek in 'n poging om die oorspronklike kleure daarvan vas te stel. In die meeste gevalle was daar slegs een laag verf hierop, naamlik 'n donkerbruin, wat sedert die Stadsraad van Pretoria die fort oorgeneem het, daarop aangebring is. Dit was ook hier die geval, hoewel hier slegs balke en enkele kleiner metaalvoorwerpe voorkom.

Restourasiespesifikasies

Alle ander staalwerk wat uit 'n latere fase as die Anglo-Boereoorlog dateer, word in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, geverf. In hierdie geval is slegs die latere elektrisiteitspype ligbruin geverf.

Oorspronklike staalwerk word in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit waarskynlik die oorspronklike kleur was. 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebring alvorens die staalwerk geverf is. In hierdie geval is dit die balke, sink, oorspronklike kragpype en kleiner metaalvoorwerpe soos hake wat in die mure aangebring is en metaalklampe waardeur die elektrisiteit gelei is.

11.13.5 Toevoegings

Geen toevoegings is binne-in die kanon-bergplekke aangebring nie.

11.13.6 Vooraansig

Historiese foto's dui daarop dat die kanon-bergplekke by Fort Schanskop moontlik in 'n stadium met 'n staaldeur toegemaak is. Die inligting is egter te gering om met sekerheid enige afleidings daarvan te maak. Gevolglik is daar besluit om dit by Fort Klapperkop oop te los, soos wat die geval was ten minste sedert die fort in 'n museum omskep is.

Die materiaal waaruit die vooraansig gebou is, is steeds die oorspronklike sand- en baksteen. Twee nisse, waarin die eerstelyn-ammunisie geberg is, kom aan weerskante van die ingang voor. (sien Figuur 99). Stukke metaal in die mure en historiese foto's dui daarop dat hier rakke was, waarop die ammunisie geberg is.

'n Elektriese lig kom reg bo die ingang voor. Dit is nie oorspronklik nie, maar is deur die SA Weermag toegevoeg.

Restourasiespesifikasies

Die sandsteen en baksteen vooraansig van die vertrek is skoongemaak d.m.v. 'n proses van sandspuiting. Die rakke in die nisse is herstel, volgens aanduidings op historiese foto's. Dit is metaalrakke wat uit 'n aantal plat metaalstawe bestaan. Die rakke is in die liggroen, Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit waarskynlik die oorspronklike kleur was. 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebring alvorens die staalwerk geverf is. Ook hierdie rakke het na slegs twee jaar begin verbleik en behoort dus minstens elke drie jaar oorgeverf te word. (Figuur 100 – 102).

Die elektriese lig is ligbruin, nl. die Chocolate chip kleur (C13/7 - Plascon) geverf, aangesien dit 'n latere toevoeging is. Daar is egter besluit om dit te behou, omdat dit lig tydens aandfunksies sou kon voorsien.



Figuur 100. Vooraansig van een van die kanon-bergplekke na retourasie



Figuur 101. Een van die nisse vir eerstelynn ammunisie by Fort Wonderboompoort



Figuur 102. Die gerestoureerde dak gedeelte van Fort Klapperkop met een van die kanon-bergplekke.

11.13.7 Bo-aansig

Bo-op die kanon-bergplekke is grondbedekkers deur die SA Weermag geplant. Dit verhoog vogprobleme in die fort en lyk nie baie netjies nie. Bo-op elkeen van die bergplekke kom daar 'n soortgelyke lae klipplatform as op die twee hoogtes voor. Dit is oorspronklik aangesien dit ook op argivale foto's sigbaar is. Hoewel dit nie bewys kan word nie, word daar vermoed dat van die elektriese soekligte oorspronklik daarop gestaan het.

Bo-op die westelike kanon-bergplek is 'n driehoeksbaken opgerig. Dit dateer uit 'n later tydperk as toe die fort gebou is en dui die hoogte geografiese punt in Pretoria aan. Die ingang tot 'n waterreservoir, wat bo-op die westelike bergplek gebou is, is ook sigbaar. Dit dateer uit die tyd van die SA Weermag.

Restourasiespesifikasies

Daar word beoog om met verloop van tyd die grondbedekker te verwyder en te vervang met 'n droogtebestande gras. Dit sal minder vogprobleme veroorsaak en inpas by die ander soortgelyke strukture.

Die pleister op die platforms is met dieselfde rooibruin kleur as ander oorspronklike pleisteroppervlaktes geverf. Dit bestaan uit 'n mengsel van 5 liter terracottaverf (Plascon) en 200 milliliter rooi verf (Plascon).

Bo-op elke platform is daar tans elektriese vloedligte, wat die terrein snags verlig en deur die SA Weermag opgerig is. Dit word behou, aangesien dit sekuriteit vergemaklik en aansluit by die oorspronklike doel van die platforms.

Die driehoeksbaken is wit en swart gehou, soos die normale gebruik daarmee is. Die reservoir is ondergronds en sal dus ook uiteindelik met gras bedek wees. Die sementgedeeltes van die ingang daarvan is net so gelaat en omdat dit van die oorspronklike rooibruin kleur afwyk, is dit duidelik dat dit 'n latere toevoeging is. Die staaldeurtjies daarvan dui ook aan dat dit 'n latere toevoeging is, omdat dit in die Chocolate chip kleur (C13/7 - Plascon) geverf is.

11.13.8 Uitstalling

Tans word daar niks hier uitgestal nie, hoewel 'n kennisgewing aangebring is om aan besoekers te verduidelik wat dit is. Nadat die dak herstel is, sal daar kanonne uit die Anglo-Boereoorlog hier geberg word om die oorspronklike funksie daarvan aan te toon.

11.14 Binnehof

Die binnehof van die fort was oorspronklik met grond gekompakteer. Tekens hiervan kan nog plek-plek onderskei word. Ook by Fort Wonderboompoort is hierdie verskynsel duidelik sigbaar. Argivale inligting en foto's toon dat hier soms ander strukture opgerig is, soos 'n sinkgeboutjie, (figuur 103) tente en stallasies. Dit is ook nie onmoontlik dat daar soms hier, oor 'n oop vuur, kos gekook is nie.

11.14.1 Loopoppervlakte

Tans is daar beddings en gras in die binnehof aangelê en sementpaadjies uitgelê. Afvoervore vir water is met bakstene uitgelê, maar verskil duidelik van die oorspronklike wat nog op sekere plekke sigbaar is.

Restourasiespesifikasies

Omdat dit onaangenaam vir besoekers sal wees om die oorspronklike oppervlakte te rekonstrueer, sal daar hoofsaaklik van 'n grasbedekking gebruik gemaak word. Beddings sal verwyder word en die afvoervore sal so na as moontlik aan die oorspronklike uitgelê word.

Daar sal van argeologiese opgrawings by die watervore van Fort Wonderboompoort gebruik gemaak word ten einde vas te stel hoe dit gelyk het. Die opgrawingsverslag van Fort Wonderboompoort sal as 'n afsonderlike verslag dien. Die watervore van Fort Klapperkop sal ook bestudeer word ten einde die oorspronklike loop daarvan vas te stel en om wysigings wat later plaasgevind het op te spoor.

Die huidige sementpaadjies sal behou word, maar sal herstel/vervang word, wanneer nodig. Die enigste uitsondering hier, is die sirkelvormige sementvlak by die ingang. Dit sal verwyder word, die afvoervoor herstel word en dan met sement en gras bedek word, waar nodig. Omdat persone in rolstoele moeilik toegang tot die ammunisievertrek kan kry, behoort die trap in die paadjie daar met 'n oprit (ramp) vervang te word.

By gedeeltes waar besoekers nie gereeld stap nie en waar gras moeilik groei a.g.v. skaduwee ens., sal die grondoppervlakte behou word. Die drie inheemse bome, wat natuurlik in die binnehof opgekom het, sal ook behou word.



Figuur 103. Hierdie sement vloer is by Fort Wonderboompoort gevind. Daar het waarskynlik 'n sinkgeboutjie op gestaan.

11.14.2 Trappe

Aan die oostekant van die binnehof, teen die muur van die stal, kom 'n stel trappe voor. Dit bestaan uit die oorspronklike sandsteen waarvan dit gebou is. Die metal handreëling daarvan blyk ook oorspronklik te wees. 'n Afvoervoor kom noord, teenaan die trappe voor. Dit is met leiklip uitgelê. (figuur 104).



Figuur 104. Die trappe en afvoervoor aan die oostekant van die binnehof

Restourasiespesifikasies

Die trappe moet net soos wat dit is behou word. Sommige daarvan is egter reeds erg verweer en kan moontlik vervang word deur soortgelyke sandsteentrappe. Dit is egter nie 'n maklike besluitnie en sal deeglik oorweeg moet word om al die voor- en nadele daarvan in te sien. Die handreling is in die Pine view (D19/7) Plasconkleur geverf, aangesien dit waarskynlik die oorspronklike kleur was. 'n Deursigtige rooi roesweerder is aangebring alvorens die staalwerk geverf is.

Die leiklip waarmee die voor uitgelê is waarskynlik nie oorspronklik nie. Die ondersoek rakende die vore sal lig werp of dit so gelaat moet word of met oorspronklike material vervang moet word.

11.14.3 Toevoegings

‘n Sementblad, waarop ‘n ontluister geplaas is (figuur 105), kom in die westelike hoek van die fort, by die ammunitivevertrek voor. Dit is deur die SA Weermag aangebring. Los metaalplate, wat as ‘n bruggie oor een van die vore dien, word ook aangetref.

‘n Sementmuurtjie is om die onderpunt van die voor by die trappe gebou. Argivale foto’s wys duidelik dat dit nie oorspronklik is nie. Die doel daarvan is waarskynlik om te verhoed dat die afvoerwater, wat hier teen ‘n redelike spoed vloei vanweë die helling, oor die hele terrein spoel.



Figuur 105. Die sementblad met die ontluister daarop

Restourasiespesifikasies

Die sementblad sal behou word aangesien dit nie onooglik is nie en aansluit by ander veranderinge aan die binnehof. Die ontluister sal steeds daarop geplaas word as buite uitstalling.

Die ondersoek na die afvoervore sal bepaal of die metaalplate behou moet word. Indien wel, sal dit in die Chocolate chip kleur (C13/7 - Plascon) geverf word, omdat dit 'n latere toevoeging is.

Die sementmuurtjie om die punt van die voor sal waarskynlik behou word, omdat dit prakties sin maak. Die ondersoek na die vore sal egter ook hieraan aandag skenk en mag dalk uitwys dat dit verwyder kan word.

11.15 Oprit (ramp)

Die oprit, waarmee onder andere kanonne tot op die dak van die fort beweeg kon word, was oorspronklik met grond gekompakteer. Dit is steeds duidelik by Fort Wonderboompoort. (figuur 106).



Figuur 106. Die oprit by Fort Wonderboompoort



Figuur 107. Die oprit by Fort Klapperkop

11.15.1 Loopoppervlakte

Tans is daar twee sementpaadjies van onder na bo, met 'n strook gras tussenin. Dit stem ooreen met die inrypaadjies by sommige woonhuise.(figuur 107)

Restourasiespesifikasies

Omdat dit onaangenaam vir besoekers sal wees om die oorspronklike oppervlakte te rekonstrueer, sal die grasbedekking behou word. Die sementpaadjies kan verwyder word en ook met gras beplant word. Dit word egter aanbeveel om dit bloot te vervang met nuwe sement, omdat dit soms nodig is om 'n voertuig daaroor te laat ry en, vanweë die helling, kan gras dit gevaarlik maak. Besoekers kan ook maklik op gras gly en beseer word.

11.15.2 Sye

Die sye (kante) van die oprit is met leiklip uitgemesel in die tyd toe die fort 'n militêre museum was. Aan die onderkant van die suidelike sy en in die suidwestelike hoek, waar die oprit op sy hoogste is, is dit met klip gemessel, soortgelyk as dié waarvan die fort se mure gebou is. Hier is ook 'n gedeelte van die oorspronklike klip sigbaar. Die messelwerk vorm ook hier 'n afloop vir water wat van die dak af stroom, en voer dit na een van die afvoervore toe.

‘n Afvoervoor kom ook in die noordwestelike hoek teen die kant van die ammunitiesvertrek voor. Dit is nie bekend of dit oorspronklik is nie, maar dit is ook met leiklip uitgelê, wat daarop dui dat dit ‘n latere toevoeging kan wees. Dit loop onder die sementpaadjie deur en eindig in een van die gate in die voorste muur van die fort, vanwaar dit afloopwater in die grag stort.

Die muur van die ammunitiesvertrek is ook met leiklip uitgemessel, net soos die oprit. Dit is waarskynlik omdat dit oorspronklik met gekompakteerde grond toegegooi is, ten einde dit bomvry te maak.

Restourasiespesifikasies

Vanweë die helling is dit onseker of gras ‘n permanente netjiese struktuur tot gevolg sal hê. Dit kan ondersoek word. Indien onsuksesvol, moet die leiklip oppervlakte behou word, maar dit moet herstel en in stand gehou word. Die klipgedeelte in die suidwestelike hoek moet behou word, aangesien dit moontlik oorspronklik kan wees.

Nadat die ondersoek i.v.m. die afvoervoor voltooi is, kan daar besluit word of dit behou moet word en, indien wel, watter materiaal gebruik moet word. Ter wille van netheid, word egter voorgestel dat die leiklip behou word.

Om water op die struktuur te beperk, word daar ook voorgestel dat die leiklip in die voorste muur van die ammunitiesvertrek behou word.

11.16 Waterreservoirs

Die fort beskik oor twee waterreservoirs. Die eerste een is geleë onder die proviandvertrek, terwyl die tweede een bo-op die westelike kanon bergplek ingerig is. Laasgenoemde is nie oorspronklik nie en is waarskynlik daar gebou toe die Suid-Afrikaanse Weermag die fort gerestoureer het. Daarom sal slegs die eersgenoemde reservoir in detail bespreek word.

11.16.1 Boonste reservoir

Dit is duidelik dat die boustyl verskil van die res van die fort en die materiaal wat gebruik is, hou duidelik met ‘n latere periode verband. Die reservoir is sirkelvormig met ‘n deursnit van sowat 4 meter. Dit is van beton gebou, terwyl bakstene, wat duidelik meer reser as dié van die fort is, ook op plekke gebruik is. In die middle van die reservoir is ‘n pilaar wat ook van bakstene gebou is.

Restourasiespesifikasies

Omdat dit ‘n groot werk sou wees om die reservoir te verwyder, sal dit so gelaat word. Dit is goed versteek, behalwe vir die deur daarvan. Omdat dit ‘n latere toevoeging is, is dit in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, geverf. Die reservoir word nie meer gebruik nie,

maar is waarskynlik benut om te help om die gras nat te lei.

Dit sou nie verkeerd wees om die reservoir te verwyder nie. Indien daar genoeg fondse hier voor beskikbaar is, kan dit gedoen word. Voorsorg moet egter getref word dat dit nie strukturele probleme sal veroorsaak nie.

11.16.2 Onderste reservoir

Die afmetings van die reservoir is 7,06 m (oos-wes) x 3,76m (noord-suid). Die hoogte daarvan is 2,65m. (figuur 108).



Figuur 108. Die binnekant van die waterresevoir onder die fort

11.16.2.1 Vloer

Die vloer bestaan uit 'n soliede sementblad en dit wil voorkom asof dit nie geverf was nie. Dit sou in elk geval nie sin maak het indien dit geverf was nie, aangesien die stowwe moontlik die water onbruikbaar sou maak het. Die vloer is glad, m.a.w. dit toon nie die patrone wat op die vloere van die verskillende vertrekke gekry word nie. Dit wil nie voorkom asof die vloer beskadig is nie.

Restourasiespesifikasies

Die vloer moet gereeld skoon gevee word, sodat besoekers kan sien hoe dit oorspronklik gelyk het.

11.16.2.2 Mure

Die mure is gepleister, maar dit is tans nie moontlik om te bepaal of dit oorspronklik is nie. Vermoedelik is dit, maar 'n afsonderlike ondersoek daarna sal uitgevoer moet word. Die mure is in 'n roomkleur geveer. Dit is waarskynlik in die tyd van SA Weermag aangebring. Oorspronklik sou die mure waarskynlik geen bedekking naas pleister gehad het nie, maar indien wel, sou dit gekalk gewees het.

'n Staalpen, met skroefdraad lê in die een hoek van die reservoir. Dit lyk oorspronklik, maar dit is nie moontlik om vas te stel wat die doel daarvan was nie. In die noordwestelike hoek van die reservoir is daar 'n gat in die muur, teen die grondoppervlakte. Die pyp van die waterpomp loop hier deur. Aangesien die huidige pomp nie die oorspronklike is nie, is dit moontlik dat die gat verander is toe die pomp geïnstalleer is.

Drie pilare, gebou van klip, ondersteun die dak van die vertrek. Dit is 1 x 1 meter dik en lyk of dit wit geveer was, maar die verf is waarskynlik 'n latere toevoeging.

Restourasiespesifikasies

Alle latere verflae en die latere pleister (indien aanwesig) moet verwyder word sodat die oorspronklike pleister blootgelê word (indien daar oorspronklik pleisterwerk was). Indien die mure afgekalk was, moet dit weer en in dieselfde kleur gedoen word.

11.16.2.3 Plafon

Die oorspronklike plafon was duidelik sigbaar. Dit is waarskynlik die onderkant van die vloer van die proviandvertrek. Dit wil voorkom asof die plafon in betonstroke gelê is.

Die staalbalke is soortgelyk aan dié van die vertrekke. Een dik staalbalk, soortgelyk aan die in die ander vertrekke van die fort, ondersteun die plafon en ander balke. 'n Houtpen, waarvan die funksie nie vasgestel kon word nie, is op een plek in die plafon ingekap. Dit is moontlik 'n latere toevoeging.

Die herstelwerk aan die plafon, waar daar in 'n stadium 'n gat vanaf die proviandkamer se vloer deurgegrawe is, is ook duidelik sigbaar.

Restourasiespesifikasies

Die plafongedeelte moet net so gelaat word, aangesien dit te betwyfel is of dit ooit gevef of afgekalk was. Die houtspar moet ook gelaat word, maar kan verwyder word indien daar bevind word dat dit nie oorspronklik is nie.

11.16.2.4. Staalwerk

Die staalbalke, pilare, ventilasie- en vensterluike, deur en diefwering in al die vertrekke van die fort is ondersoek in 'n poging om die oorspronklike kleure daarvan daarvan vas te stel. In die meeste gevalle was daar slegs een laag verf hierop, naamlik 'n donkerbruin, wat sedert die Stadsraad van Pretoria die fort oorgeneem het, daarop aangebring is.

Dit wil voorkom asof die staalbalke in die reservoir nie gevef was nie, maar dit is erg geroes hoewel dit geen strukturele skade toon nie. Ses trappe, gesamentlik 1,3 meter hoog, kom in die ingang voor.(figuur 109). Die onderste trap is erg geroes en selfs gevaarlik. Historiese foto's dui daarop dat die ingang tot die reservoir verander is.



Figuur 109. Die trap in die resevoir

Restourasiespesifikasies

Omdat die reservoir in die reënmaande steeds vol water loop kan daar nie werklik iets aan die staalwerk gedoen word nie. Dit kan wel teen roes behandel word, maar dit sal op 'n gereelde basis (minstens een keer per jaar) moet geskied. Die trappe behoort herstel te word met material soortgelyk aan dit wat oorspronklik gebruik is.

Die reling en ander staalwerk in die ingang van die reservoir kom uit 'n later fase en word daarom in die ligbruin, Chocolate chip kleur (C13/7) Plascon, geverf.

11.16.2.5 Toevoegings

In die tyd van die voormalige SA Weermag is die vooraansig en ingang tot die reservoir verander. Sementtrappe met 'n staal handreling gee nou toegang daartoe. Krag is ook aangelê, maar dit is tans buite werking.(figuur 110)

Die ingang word net so gelaat, aangesien dit 'n te groot werk sou wees om weer te verander. Die krag kan herstel word, veral indien daar beoog word om aan besoekers toegang tot die vertrek te gee. In sodanige geval sal hedendaagse ligte aangebring word, sodat besoekers duidelik kan sien dat dit nie oorspronklik is nie. Dit moet gedoen word in ooreenstemming met die ander vertrekke, d.w.s. die bedrading moet sover as moontlik versteek word.



Figuur 110. Die ingang tot die water-resevoir

11.16.2.6 Uitstalling

Omdat die beleid behels dat die vertrekke hulle oorspronklike funksie terugkry, behoort die reservoir sodanig te bly. Die water wat gedurende die somermaande daar insypel maak dit moeilik om 'n uitstalling daar in te rig. Moontlik kan toegang wel aan besoekers verleen word en om die belewing van die fort soveel groter te maak. Wanneer die reservoir vol water is, kan die pomp deur besoekers gebruik word om water uit die reservoir te pomp om sodoende 'n belewenis van daardie tyd te kry.

11.17 Graswalle

Die fort word aan sy ooste-, suide- en westekant deur graswalle, wat tot op dakhoogte strek, beskut.(figuur 111-112).



Figuur 111. Die graswalle by Fort Klapperkop



Figuur 112. Die graswalle by Fort Klapperkop

11.17.1 Oppervlakte

Waar daar vandag graswalle is, was daar oorspronklik net gekompakteerde grond. Ook by Fort Wonderboompoort is hierdie verskynsel duidelik sigbaar.

Restourasiespesifikasies

Omdat dit onaangenaam vir besoekers sal wees om die oorspronklike oppervlakte te rekonstrueer, sal die grasbedekking behou word. Dit is ook maklik om in stand te hou.

11.17.2 Toevoegings

Verskeie waterpunte vir die natlei van die gras, is op die gras aangebring.

Restourasiespesifikasies

Die waterpunte sal behou word, sodat die gras steeds natgelei kan word. Dit sal 'n netjiese, aangename voorkoms vir die besoeker verseker.

11.18 Grag

Een van die unieke eienskappe van Fort Klapperkop is die grag wat daarom uitgegrawe is. Die grag was nooit bedoel om water te hou nie, aangesien die skalieklip waaruit die koppie

saamgestel is, nie waterhoudend is nie. Dit is waarskynlik omdat die fort op 'n Duitse model geskoei is. Nietemin sou dit 'n bykomende verdedigingsmeganisme vir die fort gewees het.(figuur 113)



Figuur 113. Die grag om die fort

11.18.1 Oppervlakte

Die grag is uit die koppie uitgegrawe en sou oorspronklik net die klip en grond getoon het. Vandag is gedeeltes daarvan met gras beplant en steek die oorspronklike klip plek-plek uit.

Restourasiespesifikasies

Omdat dit onaangenaam vir besoekers sal wees om die oorspronklike oppervlakte te rekonstrueer, sal die grasbedekking behou word. Dit is ook maklik om in stand te hou.

11.18.2 Toevoegings

Geen

11.19 Ander verskynsels

Twee ander historiese verskynsels kan nog aangetref word, naamlik die vullishoop en toilet van die fort. Dit is reeds vroeër aangedui dat die vullishoop nog nie gevind kon word nie, maar omdat 'n vullishoop by Fort Schanskop gevind is, kan daar aanvaar word dat die ander forte dit ook gehad het. Die toilet van Fort Klapperkop is onlangs opgespoor, terwyl dit nog nie by een van die

ander forte gevind kon word nie.

11.19.1 Vullishoop

Hoewel die vullishoop nog nie opgespoor kon word nie, word daar verwag dat dit op een van twee plekke kan wees. Dit is moontlik onder die teerblad voor die fort, wat in 1966 deur die voormalige SA Weermag gegooi is. Die tweede moontlikheid is dat dit naby aan die toilet, noordoos van die fort geleë is.

Restourasiespesifikasies

Indien die vullishoop opgespoor kan word, moet dit volgens standaard argeologiese metodiek opgegrawe word. Die inligting daaruit sal 'n aanduiding gee van die lewenswyse van die soldate in die fort en kan vir uitstallings benut word. Opgrawings, wat gedurende 2003 by die Britse blokhuis op die terrein gedoen is, kan ook inligting hieroor verskaf. Dit word egter in 'n afsonderlike verslag aangespreek.

11.19.2 Toilet

'n Verskynlik, wat waarskynlik die oorspronklike toilet van die fort is, is in Augustus 2003 noordoos van die fort, anderkant die grag gevind.(figuur 114). Dit wil voorkom asof die gat met klip, soortgelyk aan dié waarmee die fort gebou is, uitgemessels is. 'n Metaal gedeelte bo-op, is moontlik nie oorspronklik nie en kan 'n latere toevoeging wees.

Dit blyk 'n tipiese puttoilet (long drop) te wees. Omdat die opening bo te klein is om in te kom, is die grootte van die toilet op onakkurate wyse gemeet. Die gat blyk 3,5 meter diep te wees, met sye van 1,52 meter x 0,80 meter.



Figuur 114. Die toilet wat by Fort Klapperkop gevind is.

Restourasiespesifikasies

Verdere navorsing behoort gedoen te word en die afmetings van die toilet moet presies vasgestel word. Navorsing oor hoe toilette in daardie tyd gelyk het, bv. rakende die tipe sitplek en struktuur oor die gat, moet ook gedoen word. Hierdie inligting moet benut word om die struktuur weer op te rig, met inagneming van ander besluite wat in hierdie verslag geneem is.

12. Samevatting

In hierdie dokument is daar 'n bewaringsbestuursplan vir Fort Klapperkop daargestel. Dit dien terselfdertyd ook as restourasieverslag vir die fort. Hoewel daar reeds vier restourasiefases was, is die totale restourasie van die fort nog nie afgehandel nie, maar hierdie verslag behoort ook as riglyn vir verdere restourasiewerk te dien. (figuur 115 – 117). Trouens, aspekte wat nog nie aandag geniet het nie, word wel in hierdie verslag bespreek en riglyne daarvoor word gegee. Ongelukkig is daar nie tans fondse beskikbaar om die proses af te handel nie en is daar selfs nie genoegsame fondse vir roetine instandhoudingswerk nie.

Die verslag dien ook as volledige dokumentasie van die restourasieproses. Dit is 'n blywende rekord wat deur toekomstige navorsers benut kan word vir doeleindes van verdere restourasie, navorsing en besluitneming.

Hierdie inligting rig ook die bestuur van Fort Klapperkop as erfenisterrein. Die dokument is 'n volledige bestuursplan en dien as beleid vir die bewaring, restourasie en benutting van die terrein. Die beginsels van internasionale konvensies, by name die “Burra charter”, “Venice charter” en die “Conservation plan” van Kerr, is deurlopend toegepas. Gevolglik voldoen die verslag ook aan internasionale riglyne vir die bewaring en bestuur van historiese terreine.

Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne is ook in ag geneem en het die proses gereguleer. Op hierdie wyse is die integriteit en kulturele belang van die terrein verhoog. Dit het ook daartoe bygedra om die konservasieplan te bepaal en om daarvolgens te werk. Dit is duidelik dat die fort so na as moontlik na sy oorspronklike staat teruggebring is en dat dit funksioneel as museum ingerig is.



Figuur 115. Die oostelike deel van die binnehof van die fort na restourasie



Figuur 116. Die westelike deel van die binnehof van die fort na restourasie



Figuur 117. Ingang en middelste deel van die binnehof na restourasie.

13. Bronne

- ICOMOS, 1964. **International charter for the conservation and restoration of monuments and sites (the Venice charter).**
- ICOMOS, 1999. **The Australia ICOMOS charter for places of cultural significance (the Burra charter).**
- Kerr, J.S., 1985. **The conservation plan. A guide to the preparation of conservation plans for places of European cultural significance.** Sydney: The National trust of Australia (NSW).
- Ploeger, J. & Botha, H.J., 1968. **Die fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop - gister en vandag.** Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, 1983. **Aanbevole riglyne vir restourasie van strukture en terreine in Suid-Afrika.** Arcadia: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.
- Republiek van Suid-Afrika, 1969. 1:50 000 topografiese kaart 2528CC, **Centurion.** Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika, 1969 **Wet op Nasionale Gedenkwaardighede** (Wet no 28 van 1969), Kaapstad.
- Republiek van Suid-Afrika, 1999. **Wet op Nasionale Erfenishulpbronne** (Wet no 25 van 1999). Kaapstad: Die Staatsdrukker.
- Van Vollenhoven, A.C., 1992. **'n Histories-argeologiese ondersoek na die militêre fortifikasies van Pretoria (1880-1902).** Ongepubliseerde M.A.-verhandeling: Universiteit van Pretoria.
- Van Vollenhoven, A.C., 1994. 'N Oorsig van die militêre fortifikasies van Pretoria (1880-1902). **Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum.** (3), pp.43-99.
- Van Vollenhoven, A.C., 1995. **Die Militêre fortifikasies van Pretoria (1880-1902). 'n Studie in die historiese argeologie.** Pretoria: Heinekor.
- Van Vollenhoven, A.C., 2000a. **'n Voorgestelde paradigma vir navorsing op histories-argeologiese erfenishulpbronterreine in Suid-Afrika aan die hand van gevallestudies in Noordelike Gauteng.** (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria).
- Van Vollenhoven, A.C., 2000b. Die forte van Pretoria. **Pretoriana.** (113), pp. 2-10.